This is the total number of learners in publicly funded Grade R (in public schools or community centres), divided by all five year olds in the population. Whilst it is not government's aim to reach 100% with respect to this performance measure (some learners can be expected to attend private centres), policy stipulates that by 2010 we should have reached a high level, of between 80% and 90%.




**SKEDULE 2 - Onderwysbestuurs-en-ontwikkelingsentrums (OBOS'e)  
 SCHEDULE 2 - Educational Management and Development Centres (EMDC)  
 iSheduli 2 - aMaziko oLawulo noPhuhliso lweMfundo (EMDC)**

**Rural EMDCs/ Landelike OBOSe / ii-EMDC zemimandla yaseMaphandleni**



**Metropole EMDCs  
 Metropool OBOSe  
 ii-EMDC zoMmandla weSixeko**







# Annual Performance Plan

2006/07 to 2008/09

# Jaarlikse Prestasieplan

2006/07 tot 2008/09

# IsiCwangciso Sentsebenzo Yonyaka Emihlanu

2006/07 ukuya 2008/09



**WESTERN CAPE  
Education Department**

Provincial Government of the Western Cape



## Voorwoord deur LUR

Daar is 'n aantal faktore wat as insette dien vir ons Mediumtermyn Uitgaweraamwerk. Eerstens is daar die nasionale prioriteite wat deur die nasionale Departement van Onderwys bepaal is in oorleg met die Nasionale Tesourie, sowel as dié wat deur die Provinsiale Kabinet Sosiale Kluster geïdentifiseer en geprioritiseer is, wat 'n impak op ons werk het (veiligheid van leerders, geïntegreerde raamwerk oor Vroeëkindontwikkeling (VKO), skole-sport en die veldtog teen dwelmmisbruik onder die jeug). Tweedens is ons provinsie se sleutelmandaat om ons deel te doen m.b.t. die Menslike Kapitaal Ontwikkelingsstrategie (MKOS) wat deur die provinsiale kabinet aanvaar is. Die beroep van die President om op die verwesening van 6% groei te fokus, het weer ons aandag toegespits op die behoefte om op die ontwikkeling van vaardighede te konsentreer wat in lyn met die Mikro-ekonomiese Ontwikkelingsstrategie (MEOS) is, deur nie slegs ons aantal kolleges vir verdere onderwys en opleiding (VOO) te vermeerder nie, maar ook deur die aantal leerders te vergroot wat toegang tot hoër onderwys en opleiding verkry, veral wat wiskunde, wetenskap en tegnologie insluit. Dit sal nie slegs sterk ondersteuning en duidelike teikens vir die 40 Dinaledi-skole en 10 Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie (WWT)-skole vereis nie, maar ook 'n opgeskerpte leerderverweseningstrategie vir swak presterende skole, en voortgesette ondersteuning deur die departement vir al ons skole.

Dit bly steeds ons essensiële mandaat om 'n leertuiste vir al ons leerders in die provinsie te bied. Dit is nou deur die MKOS as een van die 5 toonaangewende strategieë van *iKapa Elihlumayo* uitgewys, met 'n fokus op die jeug. Sleutelprioriteite van die MKOS sluit die volgende in –

- i. Gesyferdheid en geletterdheid (ons sal verseker dat ons plan vir die transformasie van taal in die onderwys geïnkorporeer word in die strategie vir sterker gesyferdheid en geletterdheid).
- ii. Verdere uitbreiding van Graad R, met inbegrip van die verhoogde subsidieformule na meer standplase in arm en landelike gemeenskappe, en die ontwikkeling van 'n geïntegreerde benadering tot VKO (0-4-jariges) met ons susterdepartemente van Maatskaplike ontwikkeling, gesondheid en plaaslike regering.
- iii. Verhoog toegang tot Basiese Volwassene Onderwys en Opleiding (BVOO) Programme en 'n voorlopige doenbaarheidstudie sal uitgevoer word oor die implikasies, sou 'n moontlike voltydse BVOO-sentrum ontwikkel word.
- iv. Implementering van die nuwe Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) veral m.b.t. die VOO-band wat in 2006 in Graad 10 begin, sowel as die oorblywende jare van die algemene onderwys en opleiding-band (AOO).
- v. Die herkapitalisering van al ses die VOO-kolleges met 'n fokus op vaardigheidsontwikkeling in lyn met die MEOS en nasionale behoeftes soos in die nasionale strategie vir menslikehulpbronontwikkeling uitgestippel.

- vi. Onderwysinfrastruktuur – die toewys van fondse aan skoolbeheerliggame (SBL'e) om projekte met die steun van ons projekbestuureenheid te voltooi, en om die implementering te verseker van die diens-eweringsooreenkoms (DLO) met openbare werke.
- vii. Skoolveiligheid.
- viii. Die herontwerp van die Wes-Kaap Onderwysdepartement, wat sal verseker dat ons organisasie die MKOS ten beste implementeer, en ook verteenwoordigend word van die mense van die Wes-Kaap.
- ix. Die ontwikkeling van Menslike Kapitaal binne die WKOD, met 'n spesiale fokus op onderwyserontwikkeling en –ondersteuning, deur te verseker dat hulle die maksimum impak maak en aanspreeklik gehou word in terme van die Geïntegreerde Gehaltebestuurstelsel (GGBS).
- x. Wiskunde, Natuurwetenskap en Tegnologie.
- xi. Die bou van sosiale kapitaal in die onderwys deur die provinsiale vereniging van verteenwoordigende rade van leerders (VRL'e) en die vereniging van afgetrede onderwysers van stapel te stuur, en 'n provinsiale kongres vir alle SBL'e te hou. Ons sal ons opleiding van VRL'e en SBL'e opskerp.

Die provinsiale Kabinet het aan die WKOD die verantwoordelikheid opgedra om implementeringsplanne te ontwikkel en hulpbronne doeltreffend binne die MKOS te prioritiseer. Ons verwag die volgende uitdagings in 2006:

- i. Die implementering van geen-fooi-skole vir sekere van ons armste skole.
- ii. Die voorsien van onderwyseraansporing in lyn met die toewysing deur die Nasionale Tesourie.
- iii. Die vermeerdering van infrastruktuuraanvraag om die bestaande agterstande by te bring, en ook om aan nuwe aanvraag te voldoen in die lig van 'n program vir toenemende menslike nedersettings wat nie toegewyste befonding vir skoolin-frastruktuur het nie.

Die volgende beleidsrigtings om die lewering van onderwys te verbeter, word aanstons verweselik –

- i. Toegangsbeleid, wat insluit wanneer 'n skool vol is.
- ii. Leerdervervoer.
- iii. Wes-Kaapse Transformasieplan vir Taal in die Onderwys.
- iv. Onderwysvoorsieningsplanne vir alle kategorie B-munisipaliteite en sub-rade in die metropolitaanse areas.

Ons visie van 'n leertuiste vir almal is sterk voortgestu met die betrek van 15 nuwe skole sedert die begin van hierdie jaar; die kweek van 292 onderwyserposte in die mandjie van opvoederposte; die invoer van die NKV; en die invoer van ongeveer 500 Onderwyserassistente. In al hierdie werk sal ons ook daarop ingestel wees om die kultuur van konsultasie, inklusiwiteit, dienslewering en sensitiwiteit binne die WKOD te verbeter.

**CAMERON DUGMORE**  
**LUR VIR ONDERWYS**

## Voorwoord deur Rekenpligtige Amptenaar

Op 6 Maart het die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) die Menslike Kapitaal Ontwikkelingstrategie (MKOS) vir die Wes-Kaap van stapel gestuur, met die fokus op die jeug.

Dié strategie is die hoeksteen van die provinsiale regering se *iKapa Elihlumayo*-strategie om die Kaap te kweek en te deel, en dit sal vir baie jare die vertrekpunt vir onderwysbeplanning in die provinsie wees.

Die MKOS beskryf die rol wat die onderwys moet speel, deur te verseker dat ons mense, veral die jeug, die kennis, vaardighede en houdings het wat hulle benodig om hul potensiaal te verwesenlik, en om tot maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling by te dra.

Hierdie jaarlikse prestasieplan beskrywe hoedat ons beplan om die MKOS gedurende die periode 2006/07 tot 2008/09 te implementeer.

Dit beskrywe nasionale en provinsiale prioriteite, hoedat ons beplan om ons begroting toe te wys om aan hierdie prioriteite te voldoen, en hoedat ons ons vordering by die verwesenliking van hierdie doelstellings sal meet.

As deel van ons poging om die doelstellings van die MKOS te verwesenlik, het ons LUR vyf sleutelprioriteite vir die komende jaar daargestel. Hulle is:

- Geletterdheid en gesyferdheid, met die fokus op leerderprestasie in die Grondslagfase.
- Invoer van die nasionale VOO-kurrikulum vir skole, met as beginpunt Graad 10.
- Herkapitalisering van VOO-kolleges.
- Skoolveiligheid.
- Herontwerp van die WKOD om te verseker dat die departement die kapasiteit het om die MKOS te implementeer, en om aan die teikens vir indiensnemingsgelykheid te voldoen.

Hierdie dokument verwoord ons eerste jaarlikse prestasieplan nadat die MKOS van stapel gestuur is. Ons gaan 'n nuwe fase in die lewering van onderwys in die Wes-Kaap binne.

Die MKOS bied aan ons 'n padkaart van waarheen ons moet gaan. Ons taak is nou om hierdie reis saam aan te pak, om die onderwys te transformeer, en om die mense op te bou wat ons nodig het om die toekoms van hierdie provinsie te bou.

**RON SWARTZ**  
**HOOF VAN ONDERWYSDEPARTEMENT**

## Aangaande hierdie Dokument

Die *Jaarlikse Prestasieplan* van die Provinsiale Onderwysdepartement verduidelik die Provinsiale Regering se planne vir onderwys vir die volgende drie jaar, met spesiale fokus op wat gedurende die boekjaar gaan gebeur wat op 1 April 2006 begin en op 31 Maart 2007 eindig. Hierdie dokument bevat ook baie inligting oor die huidige situasie in die onderwys: wat die vernaamste uitdagings is, en watter regeringsprogramme aan die uitbrei is.

Daar is twee hoofdeeltes in hierdie dokument.

**Deel A** verduidelik wat die nasionale **strategiese doelstellings** is, en hoedat hulle deur die strategieë en planne van die provinsie ondersteun word. Suksesse en uitdagings in die provinsie word ook beskrywe. Deel A verduidelik ook die weg vorentoe vir voorskoolse dienste, skole, VOO-kolleges en onderwys vir volwassenes. Deel A bevat nie gedetailleerde inligting oor programme en begrotings nie.

**Deel B** gee meer besonderhede oor die dienste van die Provinsiale Onderwysdepartement en die maatskaplike en ekonomiese uitdagings. Sleutelemente wat gebruik is om die inligting in Deel B te orden, is:

- **Provinsiale begrotingsprogramme.** Daar is agt sodanige programme. Hulle maak die subafdelings van Deel B uit.
- **Strategiese doelstellings.** Hulle word in Deel A ingelei, maar in Deel B word hulle by individuele begrotingsprogramme ingeskakel. Daar is 'n aantal strategiese doelstellings, en hulle dui die strategiese rigting vir die onderskeie begrotingsprogramme aan.
- **Meetbare doelstellings.** Hulle is meer spesifiek as die strategiese doelstellings, en skakel meestal by die spesifieke programme in.
- **Prestasiemaatstawwe.** Hulle val onder die meetbare doelstellings, en is spesifieke statistieke wat die Regering as belangrik beskou, byvoorbeeld die persentasie kinders van skoolgaande ouderdom en jeugdige wat in die stelsel ingeskrywe is.
- **Prestasieteikens.** Elke prestasiemaatstaf het drie prestasieteikens, een vir elk van die volgende drie boekjare. Hierdie teikens, wat baie aandag in die ontleding en planne kry wat in hierdie dokument gebied word, toon aan hoedat die Regering van plan is om dienslewering in die komende jare te verbeter.

Die strategiese doelstellings, meetbare doelstellings en prestasiemaatstawwe word vir die land gestandaardiseer, wat beteken dat hulle in elke provinsie dieselfde is (dit is egter moontlik vir provinsiale strategiese doelstellings en prestasiemaatstawwe om naas dié die hele land te bestaan). Prestasieteikens sal dikwels van provinsie tot provinsie verskil, afhange van die spesifieke omstandighede van die provinsie.

PR Nommer ER: 19/2006  
ISBN Nommer: 0-621-36435-5

*Om verdere afskrifte van hierdie dokument te bekom, tree asseblief in verbinding met:*

*Hoof:Onderwys , Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000.*

*Tel: (021) 467-2663*

*Faks: (021) 467-2594*

*E-pos: [media1@pgwc.gov.za](mailto:media1@pgwc.gov.za)*

*To obtain additional copies of this document please contact:*

*Head Education, Private Bag X9114, Cape Town, 8000.*

*Tel: (021) 467-2663*

*Fax: (021) 467-2594*

*E-mail: [media1@pgwc.gov.za](mailto:media1@pgwc.gov.za)*

*Ukuba ufuna iikopi ezongezelelweyo zolu xwebhu, nceda uqhagamshelane kunye:*

*NeNtloko: kwezeMfundo, Private Bag X9114, Cape Town, 8000*

*Umnxeba: (021) 467-2663*

*Ifekisi: (021) 467-2594*

*I-E-Mail: [media1@pgwc.gov.za](mailto:media1@pgwc.gov.za)*

## Inhoud

Woordelys.....	i
Akronieme.....	i

### Deel A: Oorsig en Opdatering van Strategiese Plan

A.1	Strategiese Doelstellings en Doelwitte .....	1
A.2	Die Uitdagings wat die Onderwyssektor in die Gesig Staar .....	3
A.3	Prestasies tot op Datum .....	6
A.4	Die Pad Vorentoe .....	8
A.4.1	Voorskoolse Dienste .....	8
A.4.2	Skole .....	8
A.4.3	Voo-Kolleges.....	9
A.4.4	Basiese Volwassene Onderwys en Opleiding .....	10

### Deel B: Sektor-, Program- en Subprogramplanne

B.0	Die Provinsiale Onderwyssektor .....	11
B.1	Administrasie .....	16
B.2	Openbare Gewone Skoolonderwys .....	22
B.3	Subsidies vir Onafhanklike Skole.....	37
B.4	Openbare Gewone Skoolonderwys .....	40
B.5	Verdere Onderwys en Opleiding.....	43
B.6	Basiese Volwassene Onderwys en Opleiding .....	48
B.7	Vroeëkindontwikkeling .....	51
B.8	Hulp- en Verwante Dienste .....	54
B.9	Kapitaalbeleggingsplan.....	58

### Bylaes

Bylae A: Prestasiestandaarde .....	60
Skedule 1– Organogram van die Wes-Kaap Onderwysdepartement.....	64
Skedule 2 – Onderwysbestuur-en-Ontwikkelingsentrums (OBOS'e).....	65

## WOORDELYS

Die definisies wat aan spesifieke items in hierdie dokument geheg word, verskyn hieronder.

### Meetbare doelwit (MD)

Meetbare doelwitte is doelwitte waarvan die verwesenliking relatief maklik gemeet kan word. Hul fokus is hoofsaaklik op redelik universele maatstawe van toeganklikheid, geskiktheid, billikheid, doeltreffendheid, uitsette en gehalte. Hulle vul die strategiese doelwitte aan. Die meeste meetbare doelwitte is aan een provinsiale begrotingsprogram gekoppel, alhoewel party generies m.b.t. die sektor as geheel mag wees.

### Prestasiemaatstaf (PM)

Prestasiemaatstawwe is nasionale aanwysers wat aan bepaalde statistieke gekoppel is. Hulle word gebruik om prestasie in die onderwysstelsel af te meet. Elke prestasiemaatstaf is aan een meetbare doelstelling gekoppel. Elke prestasiemaatstaf neem die vorm aan van een provinsiale tydreksstatistiek.

### Prestasieteiken (PT)

'n Prestasieteiken is een numeriese waarde vir een toekomstige tydperk met betrekking tot 'n prestasiemaatstaf. Prestasieteikens toon op 'n presiese wyse die verbeteringe aan wat in die onderwysstelsel beoog word.

### Strategiese doelstelling (SD)

Strategiese doelstellings is doelstellings wat die algehele rigting van die pre-terisiere onderwysstelsel in die medium tot lang termyn bepaal. Hulle is aan die top van die hiërargie van beplanningselemente gesetel.

### Strategiese doelwit (SDw)

Strategiese doelwitte is een vlak onder die strategiese doelstellings. Hul fokus is meer spesifiek as dié van die strategiese doelstellings. Die meeste strategiese doelwitte is aan een provinsiale begrotingsprogram gekoppel, alhoewel party generies m.b.t. die sektor as geheel mag wees.

## AKRONIEME

AOO	Algemene Onderwys en Opleiding
AOOS	Algemene Onderwys en Opleidingsertifikaat
BVOO	Basiese Volwassene Onderwys en Opleiding
DLO	Diensleweringsooreenkoms
DVO	Nasionale Departement van Onderwys
GGBS	Geïntegreerde Gehaltebestuurstelsel
GLS	Gemeenskapsleersentrum
HODKOM	Hoofde van Onderwysdepartemente-komitee
HOI	Hoër Onderwysinstansie
HSE	Heelskoolevaluering
HUB	Hoof Uitvoerende Beampte
IKT	Inligting- en Kommunikasietegnologie
KOI	Kaapse Onderwysinstituut
LOGIS	Logistiek-inligtingstelsel
LOOM	Leer- en Onderrigondersteuningsmateriaal
LSO	Leerders met Spesiale Onderwysbehoefte
LUR	Lid van die Uitvoerende Raad
MEOS	Mikro-ekonomiese Ontwikkelingstrategie
MHO	Menslikehulpbronontwikkeling
MKOS	Menslike Kapitaal Ontwikkelingstrategie
MTUR	Mediumtermyn Uitgaweraamwerk
NKR	Nasionale Kwalifikasieraamwerk
NKV	Nasionale Kurrikulumverklaring
NRO	Nieregeringsorganisasie
NSSB	Norme en Standaard vir Skoolbefondsing

NSVP	Nasionale Skoolvoedingprogram
OBIS	Onderwysbestuursinligtingstelsel
OBOS	Onderwysbestuur-en-Ontwikkelingsentrum
OOOP	Onderwys, Opleiding en Ontwikkelingspraktyke
OPV	Openbare-private Vennootskappe
POD	Provinsiale Onderwysdepartement
PVDL	Program vir die Verbetering van Dienslewering
ROM	Raad van Onderwysministers
SAKO	Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid
SASW	Suid-Afrikaanse Skolewet
SBL	Skoolbeheerliggaam
SBS	Skoolbestuurspan
SETA	Sektorale Onderwys- en Opleidingsgesag
SOP	Skoolontwikkelingsplan
SSE	Skool Selfevaluering
UOWP	Uitgebreide Openbare Werke Program
VKO	Vroeëkindontwikkeling
VOO	Verdere Onderwys en Opleiding
VOOV	Verdere Onderwys en Opleiding vir Volwassenes
VRL	Verteenwoordigende Raad van Leerders
VTE	Voltydse Ekwivalent
WBOF	Wet op die Bestuur van Openbare Finansies
WKOD	Wes-Kaap Onderwysdepartement
WWT	Wiskunde, wetenskap en tegnologie

## Deel A: Oorsig en op Datum Bring van Strategiese Plan

Deel A van die Jaarlikse Prestasieplan verduidelik die uitdagings waarmee die WKOD te kampe het in terme van sosiale en demografiese druk, onderwys- en ander beleid, en die strategieë wat in die *Vyf Jaar Strategiese en Prestasieplan 2005/06 – 2009/10* neergelê word. Dit verduidelik ook welslae wat deur die WKOD behaal is om hierdie uitdagings die hoof te bied. Strategieë om vooruit te gaan, soos hulle in die *Vyf Jaar Strategiese en Prestasieplan 2005/06 – 2009/10* verskyn, en soos ondertussen gewysig, word ook verduidelik.

### A.1 Strategiese Doelstellings en Doelwitte

#### Op datum bring van strategiese plan

Die departement het sowel die strategiese en prestasieplanne as die begrotings hersien ten einde te verseker dat hierdie dokumente in lyn is met die beleidsprioriteite wat in die provinsiale visie van die Wes-Kaap as 'n "Tuiste vir Almal" uitgestippel word, die provinsie se ontwikkelingstrategie *iKapa Elihlumayo*, sowel as die MKOS wat wyd met al die rolspelers reg deur die Provinsie beraadslaag is, met inbegrip van die Wetgewer, vakbonde, verenigings van skoolbeheerliggame, die sakesektor, hoër onderwysinstansies, ander provinsiale regeringsdepartemente in die sosiale kluster, sowel as die personeel van die departement. Die beleidsprioriteite van die Uitvoerende Gesag en die (nasionale) Onderwyssektorprioriteite vir die 2006 MTUR is ook ingesluit.

Vir die 2006/07 boekjaar is die strategiese beplanningsproses daarop toegespits om die bestaande Vyf Jaar Strategiese en Prestasieplan 2005/06 – 200/10 in lyn met die MKOS en die prioriteite van die onderwyssektor te verfyn. Die formaat van die Plan wat gebruik is, is die generiese formaat wat deur die Nasionale Tesourie en die Nasionale Departement van Onderwys vir al die provinsiale onderwysdepartemente voorgeskryf word.

#### Beleidsrigtings, prioriteite en strategiese doelstellings

Die breë beleidsrigtings, prioriteite en strategiese doelstellings van die WKOD word vervat in die MKOS, wat primêr beïnvloed is deur die provinsiale visie van 'n "Tuiste vir Almal" en die Wes-Kaap se ontwikkelingstrategie *iKapa Elihlumayo*, prioriteite deur die provinsiale kabinet se sosiale kluster geprioritiseer wat op die departement impakteer (veiligheid van leerders, geïntegreerde raamwerk oor VKO, skoolsport en die veldtog teen dwelmmisbruik onder die jeug) sowel as die prioriteite van die nasionale onderwyssektor.

In hoofsaak is die doelstellings van *iKapa Elihlumayo* –

- verhoogde ekonomiese groei;
- verhoogde werkgeleenthede en deelname aan die ekonomie;
- verminderde sosio-ekonomiese en geografiese ongelikheid; en
- instandhouding van 'n volhoubare veiligheidsnet.

Die volgende (nasionale) onderwyssektorprioriteite vir die 2006 MTUR het ook die strategiese rigting van die WKOD beïnvloed –

- Gehalte deur herkapitalisering
  - Nasionale Program vir die Ontwikkeling en Opheffing van Gehalteonderwys vir Openbare Skole
- Toegang en gelykheid
  - Implementering van skole met 'n 'geen fooi status'
  - Uitbreiding van Graad R
- Kurrikulumlewering
  - Implementering van die NKV vir Grade 8 – 12
  - Onderwyserontwikkeling
- Monitering en evaluering
  - Onderwysbestuur-en-Inligtingstelsel (OBIS)
  - Menslikehulpbronsstelsels (MHS)

Die visie van die MKOS is om die relevante waardes, kennis en vaardighede van die mense van die Wes-Kaap te ontwikkel, veral van die jeug, ten einde hul nasionale en provinsiale deelname binne 'n globaal mededingende ekonomie en lewendige, sorgsame samelewing te verhoog.

Die WKOD reageer op die uitdagings van hoë vlakke van werkloosheid onder die (swart) jeug in die besonder, die oënskynlike gebrek aan vaardighede om bestaande indiensneming- en entrepreneursgeleenthede te benut, en die werklike gebrek aan geleenthede om die toenemende bevolking van volwasse-wordende jeugdige te absorbeer, en dit bevat vier sleutelaspekte:

1. Verbetering van onderwystoestande: die mees doeltreffende lewering van onderwys geskied onder optimale toestande. Dit het betrekking op die fisiese onderwystoestande (fisiese infrastruktuur, toerusting) sowel as die magtigingstoestande (wat betrekking het op die bestuur van die onderwysprogram op skoolvlak) ten einde te verseker dat die skole instellings is wat tot leer en uitnemendheid lei, en dat hulle deur hoogs doeltreffende, innoverende en kreatiewe mense bestuur word.
2. Verbetering van die onderwysomgewing: die meeste skole is aan die verwoesting van sosiale patologie onderworpe (misdaad, dwelms, bendes, ens.) wat rampspoedig inwerk op skole, die leerders en opvoeders, en die onderwysprogramme wat hulle aanbied. Die departemente van Onderwys, Gemeenskapsveiligheid, Maatskaplike Dienste en Gesondheid sal die program gesamentlik ontwikkel en implementeer wat ontwerp is om die impak van sosiale patologie op skole te verminder.
3. Die kern van die strategie is daarop ingestel om die gehalte van onderwys te verbeter. kwessies van klaskameraktiwiteit, bestuur en ondersteuning, onderwyserbekwaamheid en -ontwikkeling, en relevante kurrikulumpakkette. Die nasionale ministerie van onderwys het ook hierdie behoefte geïdentifiseer.
4. Skep van geleenthede vir die verwerwing van vaardighede en kwalifikasies; afgesien van die doel om meer endossemente op die matriekvlak te lewer (en dus potensieel groter getalle met toegang tot die hoër onderwyssektor) moet die stelsel ook jongmense in staat stel om beroeps- (werk-) en tegniese vaardighede te verwerf deur 'n verskeidenheid instansies soos vaardigheidskole, BVOO-instansies, VOO-kolleges en Universiteite vir Tegnologie. Dit beteken dat werkgewers die inligting behoort te gebruik wat deur die MEOS-navorsing ter wille van hul eie planne vir menslikehulpbronontwikkeling versamel is, en die verskeie Sektorale Opleidingsowerhede (SETA's) te benut ten einde die spesifieke vaardighede te ontwikkel wat deur die toekomstige sektore vir ekonomiese groei in die provinsie vereis word.

Hierdie strategie is dus daarop ingestel om die menslike kapitaal van die provinsie van die grond af op te bou, en sien dit as 'n langtermyn doelstelling. Dit erken egter die behoefte om relevante menslike kapitaal vir voordeel op die kort en medium termyn te ontplooi. Hierdie strategie, primêr op navorsingsinligting gebaseer wat in die MEOS vervat is, is ook op intervensie in veral die VOO-sektor ingestel, ten einde in ons behoeftes aan menslike kapitaal in die kort tot medium termyn te voorsien.

Die strategie is dus in wese bedoel om die onderwysstelsel in die provinsie te organiseer en te rig ten einde ons jeug in staat te stel om die verskeie geleenthede vir indiensneming en entrepreneurskap te benut wat die provinsiale regering deur 'n kombinasie van verskillende strategieë sal mobiliseer. Hierdie sluit die MEOS in wat die platform vir ontwikkeling van die ekonomiese sektor voorsien, en wat nie slegs belangrike inligting vir loopbaanleiding en loopbaankeuse sal beïnvloed nie, maar ook, en belangriker, die fokus vir kursusse en kurrikulums wat deur ons VOO-sektor (kolleges en skole) voorsien moet word.

In praktiese terme beteken dit dat die MKOS 'n dramatiese toename in die aantal jongmense behoort te verseker wat deelneem aan, en slaag in programme vir VOO en Hoër Onderwys (HO) wat tot die groei en ontwikkeling van die provinsie bydra. Met ander woorde, die Strategie sal die huidige uitsaktendens in die skoolstelsel aanspreek, en 'n veel hoër retensiekoers in verdere en hoër onderwys verseker. Maar soos ons hierbo gesien het, hang deelname en welslae in verder en hoër onderwys af van die blootstelling van jong kinders aan 'n gesonde, aktiewe en stimulerende omgewing en 'n goeie algemene opvoeding. Daarom fokus die MKOS van die Wes-Kaap op die volgende:

- om die fisiese, sosiale, en kognitiewe ontwikkeling van elke 0- tot 5-jarige kind te verseker (VKO)
- om 'n algemene onderwys en opleiding van hoë gehalte (AOO – Grade 1 tot 9) aan alle 6- tot 14-jarige kinders te voorsien;
- om die getal jongmense te verhoog wat geskikte verder (VOO) en hoër (HOO) onderwys en opleiding benut; en
- om jongmense wat uit die onderwys- en opleidingstelsel uitgesak het, vir geskikte kursusse in Basiese Volwassene Onderwys en Opleiding (BVOO) in te skryf.

Die spesifieke programgebaseerde strategieë om die bogenoemde hoofbeleidsbepalings van die MKOS te verwesenlik, is om –

1. 'n Geïntegreerde benadering tot die fisiese, sosiale, en kognitiewe ontwikkeling van alle 0- tot 4-jariges wat in die provinsie woon, te verseker.
2. Graad R-onderwys van hoë gehalte aan alle 5-jariges te voorsien, sodat hulle gereed sal wees om op skool te leer.
3. Te verseker dat alle leerders vanaf Graad 1 tot Graad 6 op vlakke wat deur die NKV bepaal word, kan lees, skryf, en reken.
4. Te verseker dat alle leerders in Grade 7 tot 9 van 'n algemene opvoeding van hoë gehalte voorsien word.
5. Inligting oor vakkeuse en beroepsvoorligting aan alle leerders in Graad 9 te verskaf, sodat hulle toepaslike vak- en loopbaankeuses in die VOO-band sal maak.
6. Kursusse in beroepsvoorligting by alle hoërskole te verskaf.
7. Onderwysers in elke hoërskool op te lei om beroepsvoorligting te gee.



8. Die deelname- en suksesverhouding te verhoog van jong leerders, veral swart leerders, in die VOO-band by sowel skole as kolleges.
9. Die aantal VOO leerders te verhoog wat vir toegang tot hoër onderwys kwalifiseer.
10. Toegang tot hoër onderwys te verhoog, veral vir leerders uit arm gesinne.
11. Die aantal leerlingskappe, vakleerlingskappe, internskappe, en vaardighedsprogramme wat aan werkgeleentehede gekoppel is, te vermeerder.
12. Die aantal volwasse leerders in basiese onderwys- en opleidingsprogramme te vermeerder.

Sluitelprioriteite van die departement sluit die volgende in –

- (1) Gesyferdheid en Geletterdheid (ons sal verseker dat ons plan vir transformasie van taal in die onderwys in die versterkte gesyferdheid- en geletterdheidstrategie geïnkorporeer word).
- (2) Verdere uitbreiding van Graad R, met inbegrip van die toewysing van die verhoogde subsidieformule aan meer standplase in arm en landelike gemeenskappe, en die ontwikkeling van 'n geïntegreerde benadering tot VKO met ons susterdepartemente van maatskaplike ontwikkeling, gesondheid en plaaslike regering.
- (3) 'n Voorlopige doenbaarheidstudie sal gedoen word van die implikasies indien 'n voltydse VBOO-sentrum ontwikkel word.
- (4) Implementering van die nuwe NKV, veral m.b.t. die VOO-band wat in 2006 in Graad 10 begin, sowel as die oorblywende jare van die band vir algemene onderwys en opleiding (AOO).
- (5) Die herkapitalisering van al 6 die VOO-kolleges met die fokus op vaardighedsontwikkeling in lyn met die MEOS en nasionale behoeftes, soos deur die nasionale strategie vir die ontwikkeling van menslike hulpbronne uitgestippel.
- (6) Onderwysinfrastruktuur – die toewysing van fondse aan ons skoolbeheerliggame (SBL'e) om projekte met die steun van ons projekbestuureenheid te voltooi, en implementering van die diensleweringsooreenkoms (DLO) met openbare werke te verseker.
- (7) Skoolveiligheid.
- (8) Herontwerp van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) wat sal verseker dat ons organisasie die MKOS ten beste kan implementeer en ook verteenwoordigend van die mense van die Wes-Kaap kan word.
- (9) Ontwikkeling van Menslike Kapitaal binne die WKOD met spesiale fokus op onderwyserondersteuning en -ontwikkeling deur te verseker dat hulle die maksimum impak maak en aanspreeklik gehou word in terme van die Geïntegreerde Gehaltebeheerstelsel (GGBS).
- (10) Wiskunde, Natuurwetenskap en Tegnologie.
- (11) Die bou van maatskaplike kapitaal in die onderwys deur die provinsiale vereniging van verteenwoordigende rade van leerders (VRL'e) en die vereniging van afgetrede onderwysers van stapel te stuur, en 'n provinsiale kongres vir alle SBL'e te hou. Ons sal ons opleiding van, en steun vir SBL'e en VRL'e opskerp.

## **A.2 Die Uitdagings wat die Onderwyssektor in die Gesig Staar**

Verskeie uitdagings staar die Wes-Kaap in die gesig, t.w. sosio-ekonomiese uitdagings, nasionale/provinsiale beleidsuitdagings, en organisatoriese uitdagings.

### **Die sosio-ekonomiese uitdagings**

Die bevolking van die Wes-Kaap het oor die afgelope vyf jaar vinnig gegroei, en dit groei steeds. Die Wes-Kaap is die tuiste van ongeveer 4.5 miljoen mense, wat 10% van Suid-Afrika se totale bevolking verteenwoordig. Die bevolkingsgroei word op 2.9% per jaar geskat, met 'n bykomstige instroming van 48 000 wat elke jaar van ander provinsies inbeweeg. Die meeste van diegene wat na die Wes-Kaap kom, is swartmense wat werk soek. Hierdie in-migrasie het die ouderdoms-, rasse- en armoedeprofiel van die Wes-Kaap verander.


Een gevolg van hierdie bevolkingstoename is dat daar in elke vorm van onderwys en opleiding in die provinsie gedurende die afgelope vyf jaar 'n toename in getalle was: VKO-standplase, skole, VOO-kolleges, sentrums vir volwassenes, en leerderskappe.

Die data vir die skolestelsel vanaf 1995 tot 2005 verskyn in **Tabel 1** hieronder. Dit illustreer die groei in leerdergetalle in die Wes-Kaap, en illustreer ook die eerste van die diensleweringuitdagings waarmee die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) te kampe het. Terwyl sommige provinsies 'n afname in inskrywings sien, het die WKOD tot 2004 voortgegaan om groei te ervaar. Normale groei word weer vanaf 2006 verwag. Die groei in leerdergetalle is ook onvoorspelbaar, aangesien daar aansienlike in-migrasie sowel as inter-migrasie in die provinsie plaasvind. Dit maak die beplanning van dienslewering, veral m.b.t. klaskamers en onderwysers, uiters kompleks.

**Tabel 1: Inskrywings in openbare gewone skole 1995 – 2005**

Jaar	Gr 1	Gr 2	Gr 3	Gr 4	Gr 5	Gr 6	Gr 7	Gr 8	Gr 9	Gr 10	Gr 11	Gr 12	Totaal
1995	99,158	84,963	80,921	79,199	76,789	72,293	68,795	67,473	61,079	50,698	41,124	34,659	817,151
1996	99,998	84,845	81,137	79,996	77,673	74,142	69,474	72,116	62,696	54,440	43,574	36,764	836,855
1997	97,854	84,892	80,608	81,191	76,894	74,368	70,967	73,261	64,892	57,070	44,586	38,940	845,523
1998	99,380	90,168	85,625	85,188	80,881	76,716	73,928	76,949	67,644	61,926	46,115	40,980	885,500
1999	87,436	92,925	88,613	88,014	83,074	78,495	74,661	79,043	69,674	63,479	49,247	40,206	894,867
2000	64,844	81,865	92,343	91,949	85,766	80,658	75,813	80,026	70,634	63,840	48,934	40,996	877,668
2001	81,790	62,960	81,832	94,302	89,254	83,305	77,778	82,190	71,966	67,034	50,206	39,910	882,527
2002	86,969	77,026	64,134	83,022	93,188	86,786	80,865	75,601	80,450	69,752	51,618	40,468	889,879
2003	86,916	82,454	75,931	66,033	82,383	92,341	84,514	81,154	73,200	81,739	51,746	39,644	898,055
2004	104,105	82,130	81,489	76,781	66,060	82,574	89,614	85,053	78,964	80,756	54,199	39,451	921,176
2005	93,515	94,231	80,695	80,809	74,984	66,141	81,953	88,778	82,169	81,577	56,657	39,303	920,812

Bron: 1995 – 2000 Jaarorsig vir Skole (Openbare Gewone Skole)



Figuur 1 - Bron: OBIS

Die tweede uitdaging waarmee die WKOD te kampe het, is om die opvoedingsvlakke van die burgers van die Wes-Kaap te verhoog. Alhoewel daar 'n sekere verbetering in die vyfjaarperiode vanaf 1996 tot 2001 was, is daar groot getalle mense wat nie toegang gehad het tot onderwys op die vlak wat nodig is om op waardige wyse aan die burgerlike, politieke en ekonomiese lewe van die provinsie deel te neem nie. So byvoorbeeld toon Tabel 2 hieronder dat minder as 'n kwart van die Wes-Kaap se bevolking 'n Seniorertifikaat het.

**Tabel 2: Persentasie van bevolking op verskillende opvoedingsvlakke 1996 en 2001**

Vlakke van opvoeding	1996	2001
Geen skoolbywoning	6,3%	5,7%
'n Mate van primêre onderwys	15,0%	15,2%
Het slegs primêr voltooi	8,4%	7,9%
'n Mate van sekondêre onderwys	37,2%	36,5%
Graad 12	18,0%	23,4%
Hoër	10,1%	11,2%

Bron: Statistiek Suid-Afrika Sensus 1996 en 2001

Huidige inskrywingsyfers vir openbare gewone skole skep die indruk dat die kommerwekkende situasie wat hierbo beskrywe is, nie in die afsienbare toekoms beduidend gaan verander nie. Die inskrywingsyfers vir die tydperk 1999 tot 2004 toon dat slegs 50% van leerders wat vir Graad 1 ingeskryf het, tot by Graad 12 gevorder het (sien Figuur 1 hierbo). Die deurvoerverhouding in skole korreleer ook sterk met ras. Terwyl inskrywing in skole tot by die ouderdom van 17 onder wittes byna 100% is, is inskrywing onder swartes veel laer, en onder Kleurlingadolesse is dit selfs laer. (Seekings, 2003 en WKOD-OBIS)

Onlangse studies wat in die Wes-Kaap uitgevoer is, dui daarop dat rasgebaseerde deurvoer- en uitsetsyfers in die skolestelsel na die vroeë jare van hierdie stelsel teruggevoer kan word. Die uitslae van lees- en wiskundetoetse wat op die Graad 3- en Graad 6-vlakke toegepas is, dui daarop dat die oorgrote meerderheid van leerders uit tuistes met 'n lae inkomste twee tot drie jaar benede die verwagting op die nasionale kurrikulum geprester het.

Die formele sektor in die provinsie absorbeer 1.3 miljoen en die informele sektor 144 065 (rofweg 9.4%) van die algehele provinsiale ekonomie. Die arbeidsmag van 1.5 miljoen is in die landbou (13%), vervaardiging (19%), groot- en kleinhandel (17.5%), en finansiële dienste (11.9%) gekonsentreer; waardeur 80% van die arbeidsmag in diens geneem word. Van diegene wat in diens is, is die verhouding van dié met 'n skoolvlak kwalifikasie teenoor dié met 'n verdere of hoër opvoeding 77% vergeleke met 19%. Die persentasies volgens ras van diegene wat 'n verdere of hoër opvoeding het, is soos volg: 7% swart, 11% Kleurling, 34% Asiër, en 49% wit.

Werkloosheidsverhoudings word ook swaar deur ras beïnvloed. Terwyl landwyd 30 uit elke 100 swartes tussen 1995 en 2002 werk gekry het, het slegs 3 per 100 swartes wat in die Wes-Kaap woon in hierdie tydperk werk gevind (SER, 2003). Tagtig persent van die 18.9% van die arbeidsmag in die provinsie wat werkloos is, is jeugdige. Anders as vir die landwye tendens, het tersiêre werkloosheid afgeneem, terwyl werkloosheid in die laer opvoedingsvlakke toegeneem het. Die aanvraag is vir opgevoede en vaardige individue.

## Die nasionale/provinsiale beleidsuitdagings

Die grootste uitdaging wat die onderwyssektor in die gesig staar, is om doeltreffend en beduidend teenoor ongelykheid op te tree ten einde leerderprestasie te verhoog.

Die invoer van geen-fooi-skole om toegang vir almal tot die skoolstelsel te verseker, sal 'n groot stap in hierdie verband wees, en so ook die geïntensiveerde pogings om hulpbronne te voorsien en handboeke, lessenaars, water en sanitasie te lewer.

Strategiese regstellende aksie vir die onderwys sal verbeter word deur –

- meer en beter opvoeders aan arm skole deur regstelling te voorsien;
- kleiner klasse te verseker in skole wat benadeel is;
- onderwysassistentie te voorsien om die gehalte van geletterdheid en gesyferdheid in die Grondslagfase te verbeter;
- die implementering van die NKV vir Grade 8 – 12;
- die uitbreiding van Graad R om te verseker dat alle kinders wat vir Graad 1 inskryf, toegang tot 'n Graad R-program van gehalte gehad het; en
- te verseker dat daar skoolleiers is wat leierskap kan uitoefen.

Verder word rekenaars aan alle skole voorsien, en word die onderwysbestuur-en-inligtingstelsel (OBIS) verbeter ten einde geordende, nuttige data te voorsien wat onderwysbestuur en -lewering ondersteun.

Dit is ook vir die onderwyssektor nodig om by nasionale prioriteite soos die Versnelde en Gedeelde Groei-inisiatief (VGGI) in te skakel. In dié verband is VOO-kolleges die sleutel tot strategieë waarvoor daar ooreengekom is. VOO-kolleges word nuwe lewe ingeblaas om tegniese en beroepsprogramme te voorsien ten einde te verseker dat leerders gedifferensieerde opsies in die onderwys het.

## Die organisatoriese uitdagings

Die WKOD bestaan uit die Provinsiale Ministerie van Onderwys, met aan die hoof die Lid van die Uitvoerende Raad (LUR), en die provinsiale hoofkantoor. Die provinsiale hoofkantoor word in drie takke onderverdeel, naamlik Korporatiewe Dienste, Operasionele Onderwysbestuur, en Onderwysbeplanning en -ontwikkeling. In 'n poging om bestuur- en ontwikkelingssteun nader aan die skole te bring, is Onderwysbestuur-en-ontwikkelingsentrums (OBOS'e) in die sewe distrikte in die provinsie daargestel, waarvan drie in die landelike gebiede is. Die organogram van die Departement verskyn in **Skedule 1**, en die kaart van die onderwysbestuurs-en-ontwikkelingsdistrikte in **Skedule 2**.

Die onderwysinstansies bestaan uit openbare gewone en spesiale skole, VOO-kolleges, gemeenskapsleersentrums vir volwassenes, en standplase vir vroeëkindontwikkeling.

## WKOD-aktiwiteite – omvang en skaal

Leerders *	955 064
Openbare gewone skole *	1 453
Skole vir leerders met spesiale behoeftes #	70
Inrigtings vir verdere onderwys en opleiding (tegniese kolleges)	6 (39 sites)
Gemeenskapsleersentrums vir volwassenes	112 (301 sites)
Gesubsidieerde pre-primêre skole	446
Distrikskantore (OBOS'e)	7
Opvoeders (Posvoorsieningsmodel)	24 604
Staatsdienspersoneel (goedgekeurde diensstaat)	8 823

\*Instansies huidig (Alle openbare gewone skole, Grade Pre-Gr R tot Na Matriek)

**Bron** – 2006 Kitspelling Gebruik Jaarorsig

Die WKOD is die grootste regeringsdepartement in die provinsie. Met 'n organisasie van hierdie grootte neem die aanvraag na doeltreffende en doelmatige dienslewering gedurig toe, terwyl die indiensopleiding van opvoeders in respons tot nuwe en snelle ontwikkelings in die onderwys, kennisbestuur en metodologie van kritieke belang is.

Die WKOD het homself gedefinieer as 'n leerorganisasie wat by uitnemende dienslewering vir die volgende tien jaar betrokke is. As 'n leerorganisasie sal die WKOD 'n deurlopende proses van selfkritiek en vernuwing ondergaan deur te fokus op organisatoriese doeltreffendheid, die versterking van en toespitsing op distrikskapasiteit, die opbou van skooldoeltreffendheid, en die dryf van ondersteuningstrategieë om verskeie aspekte van gehalteonderwys in skole aan te spreek.

Die ontwikkeling van menslike kapitaal in die provinsie is nie slegs op die ontwikkeling van die jeug toegespits wat in hul vormingsjare is nie. Dit is ook op die organisasie as 'n geheel, en die groei en ontwikkeling van die interne kennis en toekomstige kapasiteit van die organisasie van toepassing. Die ontwikkeling van ons organisatoriese kapitaal, met as beginpunt die beoogde proses van herbou, is dus nou aan die menslike kapitaal-strategie self verbonde.

Met die vestiging van die Direktooraat: Gehaltesekerheid beoog die WKOD om al die bestaande aanspreeklikheidstelsels te koördineer, en om nuwes te vestig waar daar leemtes is. In ooreenstemming met die toenemende toespitsing van die regering op uitslae en impak, sal monitoring- en evalueringstelsels op alle vlakke van die organisasie ingevoer word. Dit sluit die verbeterde monitoring en evaluering van projekte en intervensies in – ten einde die impak en waarde daarvan te bepaal. Prestasiebeoordelingstelsels (op die individuele vlak) sal deur die breër gebruik van standarde tesame met werkplanne versterk word. Die ooreenkoms tussen individuele planne en strategiese doelwitte sal ook toenemende aandag ontvang.

In die jaar 2006/07 sal Heelskooevaluering (HSE) vir die eerste keer geïmplementeer word, met inbegrip van die evaluering van skoolontwikkelingsplanne; en 'n instrument vir die evaluering van distrikskantore sal verfyn en getoets word. Die uiteindelige doel is om aan te toon dat aanspreeklikheidstelsels 'n bydrae tot prestasie en gehalteverbetering lewer.

### A.3 Prestasies tot op Datum

Die oorsigjaar het die konseptualisering en implementering van die *iKapa Elihlumayo*-intervensie in 'n Ontwikkelingstrategie vir Menslikehulpbronontwikkeling gesien wat op sowel AOO as VOO sal inpakkeer.

Hoogtepunte van die afgelope jaar het die volgende ingesluit –

- Die onderwysstelsel het weer goed gepresteer met 'n slaagsyfer van 84.4% in die Seniorertifikaateksamens vir 2005. Kandidate vir die Seniorertifikaateksamens het nou vir vyf agtereenvolgende jare 'n slaagsyfer van meer as 80% behaal. Die aantal skole wat 'n slaagsyfer van minder as 60% behaal het, het van 43 in 2004 tot 38 in 2005 gedaal, waarvan 34 openbare skole is. Dit weerspieël die geweldige poging wat baie van die skole in hierdie kategorie oor die afgelope jaar aangewend het, ter ondersteuning van die Leerskoleprojek van die WKOD.
- Die benoeming van die Taakspan vir geletterdheid en gesyferdheid, ten einde die verskeie strategieë te integreer om leerderprestasie in hierdie vakke in primêre skole, veral in die armste gemeenskappe, te verbeter.
- Die Provinsiale Kabinet het die geïntegreerde VKO-strategieraamwerk tussen die departemente van Onderwys, Gesondheid, en Maatskaplike Dienste en Armoedeverligting goedgekeur.

- Verbetering van toegang tot Graad R en van die gehalte van onderrig en leer in Graad R met die invoer van a nuwe subsidiestelsel vir Graad R-leerders en die verspreiding van nuwe onderrig- en leerpakkette wat leerders help om aan die vereistes van die nasionale kurrikulum te voldoen.
- Vir die 2006-skooljaar is die 'mandjie poste' vir onderwysers met 292 vermeerder. Hierdie poste is kreatief toegewys ten einde toegang tot gehalte-onderrig in die provinsie te verbeter deur 100 van hierdie poste te benut om 500 onderwysassistente aan te stel om Grondslagfase-onderrig in die armste skole te ondersteun.
- Finale voorbereidings om die nasionale kurrikulum in Grade 10 tot 12 in te voer, met as beginpunt Graad 10 in 2006, het uiters goed verloop. 'n Wye reeks voorbereidingsaktiwiteite het 'n hoogs suksesvolle kongres vir skoolprinsipale en ander skoolbestuurders ingesluit. Onderwysers het goed gerespondeer op opleiding in die nasionale kurrikulum vir Grade R tot 9. In 2005 was dit die beurt van Graad 7-onderrig om opgelei te word. Opleidingswerkswinkels is gedurende die Julie- en Septembervakansies gehou.
- Die aantal Dinaledi-skole wat op wiskunde en wetenskap fokus, is in die Wes-Kaap van 10 na 50 uitgebrei, om wiskunde- en wetenskaponderrig in die provinsie te ondersteun. Die spesiale Fokusskoleprogram is ook van stapel gestuur. Die 28 fokusskole bied gespesialiseerde onderrig in Kuns en Kultuur; Besigheid, Handel en Bestuur; en Ingenieurswese en Tegnologie.
- Verbeterde toegang tot BVOO vir die burgers van die Wes-Kaap deurdat onderrig aan 795 werknemers van 8 provinsiale regeringsdepartemente gebied word en 2 500 meer leerders bo en behalwe die leerderteiken vir 2004/05 bereik word.
- Die WKOD en 'n diensverskaffer het 'n uitvoerige sensus van leerders vir die WKOD se Leerderopspoorstelsel gedoen, wat 'n beduidende bydrae sal lewer tot die verbetering van dienslewering waar dit die meeste benodig word, veral in die armste gemeenskappe.
- Die Onderwyskongres wat in Maart 2005 gehou is, waar 700 afgevaardigdes die klimaks van die konsultasieproses op die Menslike Kapitaal Ontwikkelingstrategie bygewoon het.
- Die WKOD het die aanskakeling van die DASSIE breë-area-netwerk gevier, wat die begin van 'n nuwe era in rekenaaraansluitbaarheid tussen die VOO-kolleges verteenwoordig.
- Vyftien nuwe skole is betyds vir die 2006-skooljaar voltooi. 'n Veldtog vir vroeë inskrywings en die vestiging van 'n forum vir probleemgebiede het weereens tot 'n gladde aanvang vir die 2006-skooljaar bygedra.
- Die jaar 2005 het ook die begin van 'n tussentydse VRL-vereniging as deel van die program vir sosiale kapitaal gesien.
- Die Provinsiale Onderrigtoekennings het weereens die diepte van talent in die WKOD se onderwyserskorps en die leierskapsdeskundigheid van die skoolprinsipale laat sien. Een van ons provinsiale wenners, Sheryl Hendriks van Weltevrede Sekondêr, het ook die nasionale toekenning vir sekondêre skool-onderrig gewen. Prestasietoekennings is ook aan personeel by VOO-kolleges sowel as BVOO-leerders gebied, wat die diepte van die talent onder volwasse leerders toon.
- Die Premier se Toekennings vir Diensuitnemendheid het erkenning verleen aan nie minder as drie WKOD-komponente nie. Die Khanya-projek het verskeie toekennings gewen, waaronder 'n Silwertoekeening vir Diensuitnemendheid van die Premier. Die Rekenaarvereniging van Suid-Afrika het die Khanya-projekbestuurder vereer deur hom as die IKT Persoon van die Jaar vir 2005 te benoem. Benewens die Silwertoekeening wat deur Khanya gewen is, het die Veiligeskoleprojek en die WKOD se Kliëntediens Bronstoekennings gewen. Hulle het teen 47 inskrywings uit alle regeringsdepartemente in die provinsie meegeding.
- 'n Spesiale CD is ontwikkel om diegene by te staan wat onderrig aan leerders met leerhindernisse voorsien.
- Ons het die jaar afgesluit deur spesiale werkswinkels in elke distrik te reël om leerders vir die Wêreld van Werk voor te berei.

## **A.4 Die Pad Vorentoe**

### **A.4.1 Voorskoolse Dienste**

#### **Pre-Graad R**

VKO word tans via 'n verskeidenheid standplase deur die WKOD en die departemente van Gesondheid, en Maatskaplike Dienste en Armoedeverligting, sowel as plaaslike regering voorsien. Onlangse samesprekings tussen hierdie leweringagentskappe het tot die ontwikkeling van 'n geïntegreerde leweringstrategie gelei. Die Provinsiale Kabinet het die raamwerk van hierdie strategie goedgekeur.

Die WKOD verleen bystand met die opleiding van versorgers, sowel as met die ontwikkeling van die geskikte kurrikulum.

#### **Graad R in gemeenskapstandplase**

Die Nasionale Kurrikulumverklaring sluit een jaar onderwys voor toegang tot Graad 1 in. Dit is Graad R, wat beoog om vyf- tot sesjarige van die nodige pre-geletterdheids- en gesyferdheidsvaardighede te voorsien om formele onderwys met welslae aan te durf.

Hoewel Graad R nie as verpligte onderwys beskou word nie, is dit 'n integrale deel van die Grondslagfase van die Nasionale Kurrikulumverklaring. Die WKOD beoog om teen die jaar 2010 universele toegang tot Graad R aan alle 5/6-jarige kinders in die Wes-Kaap te voorsien.

Ten einde hierdie doelwit te verwesenlik, sal die departement vanaf 2007 voldoende fondse voorsien vir 2 000 addisionele Graad R-leerders per jaar in Gemeenskaps- en Onafhanklike Instansies vir Vroeëkindontwikkeling, teen 'n *per capita*-koers van R2 400 per kind. Ongeveer 33% van die Graad R-ouderdomsgroep sal in sulke instansies geakkommodeer word.

### **A.4.2 Skole**

#### **Graad R in skole**

Ten einde universele toegang tot Graad R teen 2010 te verwesenlik, sal die WKOD vanaf 2007 voldoende fondse voorsien vir 4 000 addisionele Graad R-leerders per jaar in Openbare Skole, teen 'n *per capita*-koers van R2 400 per kind. Ongeveer 66% van die Graad R-ouderdomsgroep sal in sulke klasse geakkommodeer word.

#### **AOO**

Die AOO-sektor vorm die grondslag van die MKOS, aangesien deeglike, gehalteonderwys hier (met die fokus op kommunikasie, wiskunde en die wetenskappe) meer leerders in staat sal stel om toegang tot verdere onderwys en opleiding te verkry, sowel as / of tot die hoër onderwyssektor. Dit is hier waar leerders nie slegs die kennis, vaardighede en inligting sal verwerf om met vertroue lewens- en loopbaankeuses te maak nie, maar ook die waardes en houdings wat hul deelname aan burgerlike aangeleenthede en die ekonomie in die algemeen sal bevorder. Hierdie benadering tot die strategie wil laat blyk dat dit die grootste prioriteit behoort te word. Toetse toon dat geletterdheids- en gesyferdheidsuitslae in die Wes-Kaap onaanvaarbaar laag is, en die WKOD het besluit om 'n prioriteitstrategie vir die verhoging van verwesenlikingsvlakke vir geletterdheid en gesyferdheid in die primêre skole te ontwikkel.

Die verbetering van gesyferdheid en geletterdheid, veral in die primêre skole, sal voortgesit word met die toets van Graad 3-leerders in geletterdheid en gesyferdheid, sowel as deur voort te gaan met die aanstelling van 500 onderwysassistente om in die Grondslagfase in die armste skole te help.

#### **VOO**

Die Nasionale Kurrikulumverklaring Grade 10 – 12 (Algemeen) het begin met die implementering in Graad 10 in alle openbare en onafhanklike skole net ingang Januarie 2006. Hierdie driejaar-studieprogram, waarvan die tweede en derde jare in Graad 11 in 2007 en Graad 12 in 2008 geïmplementeer sal word, sal tot 'n Nasionale Seniorcertifikaat (NSS) lei. Die eerste NSS-eksamen sal in Oktober/November 2008 afgelê word.

Dit behels nie net die invoer van 'n nuwe kurrikulum nie, maar van groter belang, die strategiese element van kurrikulumregstelling – die invoer van uitgebreide en kritiese kurrikulumpakkette (met die fokus op wiskunde, wetenskap en tegnologie, en tale) wat voorheen om politieke redes, gebrek aan motivering of belangstelling, en gebrek aan hulpbronne beperk was. Die departement sal direk ingryp om te verseker dat gemeenskappe pakkette kies wat ontwerp is om toegang tot hoëvlak kennis te verleen, sowel as die vestiging van sentrums van uitnemendheid of fokusskole, en wat in lyn is met die

projekte vir ekonomiese vordering wat deur die MEOS-navorsing gemaak is. Dit word beoog dat hierdie sektor kleiner kan word soos meer leerders na die VOO-kollege-sektor herlei word vir verdere onderwys en kwalifikasies wat vir hul behoeftes en vermoëns geskik is. Dit dui egter nie op enige besparing van hulpbronne nie. Daar word inderdaad in die vooruitsig gestel dat, ten minste aanvanklik, die daarstel van hierdie sektor hoër toewysings in die vorm van infrastruktuur en toerusting, onderrigpersoneel en onderwyserontwikkelingsprogramme, ens. sal vereis.

Huidige voorsiening in die spesiale skole-sektor is onvoldoende om aan die groeiende eise van leerders te voldoen wat gespesialiseerde onderwysondersteuningsdienste benodig. Dit is dus noodsaaklik dat besteding in hierdie sektor in die medium termyn verhoog sal word, alhoewel voldoende befondsing in die kort termyn nie beskikbaar is nie. Toegang kan tans slegs aan enkele voorsien word. Miskien is dit belangriker om die vestiging van meer vaardigheidskole te oorweeg, aangesien hierdie skole in staat is om daardie leerders te akkommodeer wie se vermoëns hulle slegs in staat stel om vaardighede soos metaalwerk, stoffering ens. te verwerf, en waarmee hulle in staat sal wees om die arbeidsmark te betree, en selfs die kleinsakewêreld, in die vorm van ondernemings op hul gekose onderwysterrein. Twee nuwe vaardigheidskole word beplan.

### **Geen-fooi-skole**

Die departement sal in 2006 begin met die implementering van skole met 'n 'geen-fooi-status' vir sekere van die armste skole.

### **Infrastruktuurvoorsiening**

Die departement sal voortgaan om onderwysinfrastruktuur te verbeter en te voorsien, in die lig van toenemende infrastruktuuraanvraag om bestaande agterstande in te haal en ook om aan nuwe aanvraag in die lig van die steeds uitbreidende menslike nedersettingsprogram te voldoen.

### **Leerdernasporing**

Die departement sal verseker dat die leerdernasporingstelsel gevestig is en werk.

## **A.4.3 VOO-kolleges**

Hierdie sektor is van deurslaggewende belang vir ons ontwikkelingsplanne, veral waar dit ontwerp is om groter toegang aan leerders te gee (beide deur die ontwikkeling van geskikte kursusse en die beskikbaarheid van finansiële ondersteuning). Die sektor het reeds sy strategiese ontwikkelingsplanne gelewer, kursusaanbiedinge herstruktureer, en nuwe kursuskurrikulums gelewer, gebaseer op die navorsing wat vir MEOS gedoen is. Daarbenewens sal die herkapitaliseringsfondse, wat deur die DvO voorsien word, help om die kolleges meer sensitief te maak jeens die ontwikkelingsbehoefte van die provinsie sowel as die ekonomie. Deur nou met die SETA's saam te werk, is die kolleges in staat om die leerderskapteikens te haal wat op 'n nasionale vlak deur die Departement van Arbeid gestel is. 'n Deurslaggewende aspek van die ontwikkeling van hierdie sektor sal die vestiging wees van 'n Inligtingsentrum vir VOO-kolleges wat ons in staat sal stel om die beweging en doeltreffendheid van die stelsel akkuraat te volg.

'n Totale som van R227 miljoen sal in die herkapitalisering van VOO-kolleges vir die tydperk 2006/07 tot 2008/09 belê word. Die departement en die ses VOO-kolleges werk op 'n strategiese beplanningsbasis. Daar word van kolleges verwag om omgewingsonderzoek en verwante navorsing te doen in die behoeftes m.b.t. menslikehulpbronontwikkeling van die gebiede wat hulle bedien. Die departement voer sy eie ontledings uit, en hierteen bevraagteken hy die planne van die kolleges. Kolleges is uitstekend geplaas (gesien die hulpbronne) om die vaardigheidsgapings van die Provinsie sowel as strategiese nasionale prioriteite die hoof te bied.

Die herkapitaliseringsplanne van die ses kolleges is met die kolleges se strategiese planne geïntegreer, en ondersteun dus die program se nis-areas wat deur die MEOS-proses geïdentifiseer is. Op dié wyse kan die naatlose integrering van die doelwitte van herkapitalisering en hulpbronontwikkelingsprioriteite van die Wes-Kaap verwesenlik word.

Die herkapitaliseringstoewysing is nie op die toevoeging van nuwe infrastruktuur toegespits nie. Dit is toegespits op die opgradering en hertoerusting van kolleges vir hul nuwe taak as VOO-kolleges. Dit gaan dus in wese oor die vervanging van verouderde masjinerie en toerusting. VOO-kolleges is uit die verouderde infrastruktuur geskep van Tegnieke Kolleges wat tydens die apartheid-era vir baie jaar ernstig onderbefonds was – onderworpe aan baie ongelyke investering. Daarbenewens maak die investering nie vir bykomstige personeel voorsiening nie – 'n kritieke tekortkoming in die huidige stelsel in die Wes-Kaap, en 'n ernstige groeivertragsfaktor. As gevolg van hierdie faktore kan daar in hierdie stadium byna geen groei (of onbeduidende groei) in studentegetalle verwag word nie. Wat wel verwag kan word, is 'n toename in die gehalte van menslikehulpbronontwikkeling, en 'n beter korrelasie tussen die onderwys en opleiding wat aangebied word, en die sosio-ekonomiese behoeftes van die Provinsie.

Die departement sal begin met die implementering van die Inligtingstelsel vir die Bestuur van Verdere Onderwys en Opleiding (ISBVOO) in VOO-kolleges.

#### **A.4.4 Basiese Volwassene Onderwys en Opleiding**

Lewering van BVOO, met inbegrip van kurrikulumlewering, beheer en bestuur, sal in lyn gebring word met die vereistes van provinsiale en nasionale inisiatiewe, bv. die MKOS en die Uitgebreide Openbare Werke-program (UOWP).

Daar sal voorsorg gemaak word vir 2 500 per jaar wat sal baat by die vaardigheidgefokuste kurrikulums in BVOO vlakke 1 – 4 en verdere onderwys; waardeur die noodsaak van lewenslange opvoeding ingeskerp word.

Verhoogde toegang tot BVOO sal verseker word deur gestruktureerde kurrikulum-aanbieding vir Vlakke 1 en 2 in sentrums, en geteikende kapasiteits- en opleidingsintervensies vir sentrumbestuur- en beheerstrukture.

Die BVOO-sektor sal getransformeer word om te verseker dat dit programme lewer wat diegene sal baat wat om 'n verskeidenheid redes uit die onderwysstelsel uitgesluit was. Die sektor en programme gelewer sal vaartbelyn word, terwyl Gemeenskapsleersentrums (GLS'e) meer toeganklik gemaak sal word vir diegene wat uit enige vorm van formele, basiese onderwys uitgesluit was.

Die retensie- en deurgangkoers in beide basiese en verdere onderwys by sentrums vir volwassenes sal verhoog word deurdat meer geskikte programme aangebied, en leweringsmeganismes verbeter word.

Geakkrediteerde vaardighedsprogramme met 'n fokus op leer in die werkplek, die werkloses, vrouens en landelike areas, sal vanaf 2006 – 2009 'n hoeksteen van kurrikulumlewering in BVOO-sentrums vorm. Sulke programme sal op die sleutelnnywerhede in die Wes-Kaap fokus, bv. Toerisme, Konstruksie, Vervaardiging en Kleinhandel. Programme sal in samewerking met die Sektorale Onderwys- en Opleidingowerhede en die Departement van Arbeid aangebied word.

Bestaande vennootskappe met 8 provinsiale departemente sal gehandhaaf word, terwyl nuwe vennootskappe met ander provinsiale departemente en die nywerheid gesmee sal word.

'n Kritiese Oorsig van huidige lewering, met aanbevelings van hoedat die voorsiening van BVOO deur doenbaarheidsoorwegings verbeter/verander kan word, sal in 2006 gedoen word. Dit sal gedoen word om te verseker dat GLS'e gerat is om die uitkomst van die MKOS te ondersteun. Hierdie oorsig sal op die bestuur en beheer, hulpbronvoorsiening, relevansie van die kurrikulum wat gebied word, en die doeltreffendheid van die assesseringsbeleid fokus. 'n Voorlopige doenbaarheidstudie sal gedoen word van die implikasies indien 'n voltydse VBOO-sentrum ontwikkel word.

Geteikende opleiding vir sentrumbestuur, beheerliggame en opvoeders sal uitgevoer word om te verseker dat GLS'e op die uitdagings van 'n getransformeerde BVOO-sektor kan repondeer.



## Deel B: Sektor-, Program- en Subprogramplanne

Deel B van hierdie Jaarlikse Prestasieplan bied planne en teikens vir die MTUR-siklus van 3 jaar vir die provinsiale onderwyssektor as geheel, en in terme van die individuele begrotingsprogramme en -subprogramme. Deur dit te doen, voorsien die dokument ook 'n aansienlike hoeveelheid ontleding van vorige tendense en uitdagings, wat as insette dien vir die planne en teikens wat hier uiteengesit word.

Afdeling B.0 handel oor die provinsiale onderwyssektor as geheel, Afdelings B1 tot B8 oor die agt standaard begrotingsprogramme waarin die provinsiale onderwysdienste geklassifiseer word, en Afdeling B9 met die kapitaalinvesteringsplanne.

Daar word reg deur van 'n aantal statistiese tabelle en prestasiemaatstawwe gebruik gemaak ten einde die ontleding en die planne te struktureer.

- Die **kern statistiese tabelle** dek beide finansiële en nie-finansiële data, en is vir al drie die provinsies gestandaardiseer.
- Die **prestasiemaatstawwe** is aanwysers met een waarde vir elke jaar, waar die waardes aantoon hoe goed dienslewering in die afgelope jare gevorder het, of hoe goed dienslewering verwag word om in die jare wat voorlê te vorder, ooreenkomstig die doelwitte van die Regering. Daar is 'n verskil tussen kern- en provinsiespesifieke prestasiemaatstawwe. Die kern-prestasiemaatstawwe word landwyd bepaal, en begin met die letter 'PM', terwyl die provinsiespesifieke prestasiemaatstawwe deur die provinsie bygevoeg word, en met die letter 'PPM' begin.

### B.0 Die Provinsiale Onderwyssektor

Die volgende is die meetbare doelwitte (▲) wat op die provinsiale onderwyssektor betrekking het, en hul prestasiemaatstawwe (▶):

	<b>Meetbare doelstellings.</b>	<b>Prestasiemaatstawwe</b>
<i>Toegang</i>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▲ Om te verseker dat die bevolking van skoolpligtige leeftyd in die provinsie skole bywoon.</li> <li>▲ Om onderwys progressief beskikbaar te maak vir jeugdiges en volwassenes bo die skoolpligtige leeftyd.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▶ PM001: Persentasie van kinders van skoolpligtige leeftyd wat skole bywoon.</li> <li>▶ PM002: Persentasie van jeugdiges bo die skoolpligtige leeftyd wat skole en ander onderwysinstansies bywoon.</li> </ul>
<i>Gelykheid</i>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▲ Om te verseker dat in die geheel die armes in die openbare beskikbaarstelling van onderwys begunstig word.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▶ PM003: Openbare besteding op die armste leerders as 'n persentasie van openbare besteding op die mins arm leerders.</li> </ul>
<i>Doeltreffendheid</i>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▲ Om 'n punt te bereik waar onderwysuitkomste gemaksimaliseer word in terme van toegang en gehalte, gegee die beskikbare onderwysbegrotings</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▶ PM004: Jare bestee per VOOS-afgestudeerde</li> </ul>
<i>Lewering</i>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▲ Om te verseker dat die lewering van afgestudeerdes vanuit die onderwysstelsel in lyn is met ekonomiese en sosiale behoeftes.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▶ PM005: Gemiddeld hoogste skoolgraad wat deur volwassenes in die bevolking bereik is.</li> </ul>
<i>Gehalte</i>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▲ Om 'n samelewing te bou wat geletterd is.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▶ PM006: Volwasse geletterdheidsyfer.</li> </ul>

### Vorderingsontleding

Die besteding aan onderwys in die provinsie het sedert 2003/04 teen 'n gemiddeld van 11.3% in nominale terme, of teen ongeveer 6% in reële terme gegroei. Onderwys ontvang steeds die meeste van die beskikbare provinsiale befondsing, met 38.1% van die munisipale begroting vir 2006/07 wat aan die onderwys toegewys is.

By die toewysing van die onderwysdepartementbegroting is die aantal en kategorie leerders die hoofkategorie wat die koste bepaal. Leerders val in ses breë befondsingskategorieë: Graad R, primêre skool, sekondêre skool, leerders met spesiale behoeftes, leerders by VOO-kolleges, en leerders by sentrums vir volwassenes.

Behalwe in die geval van Graad R by gemeenskapstandplase en leersentrums vir volwassenes, bestaan die befondsing uit die toewysing van personeel en die toewysing van norme en standarde-fondse. Graad R by gemeenskapstandplase en leersentrums vir volwassenes ontvang norme en standarde-betalings wat ook gebruik word om onderwys- en administratiewe personeel te betaal.

Verreweg die grootste gedeelte van die begroting gaan aan die primêre en sekondêre skolestelsel, met inbegrip van skole vir Leerders met Spesiale Onderwysbehoefte (LSO). In die skolestelsel word personeel billik toegewys na gelang van gerapporteerde leerdergetalle en die armoederangorde van die gemeenskap. Norme en standaard-befondsing word toegewys volgens armoedekwintiele, waar die armste kwintiel gemiddeld sewe maal meer as die rykste ontvang.

Die verhoging in nie-personeel is uitgawes is hoofsaaklik weens befondsing vir bestemde prioriteite soos *iKapa Elihlumayo*, die implementering van die NKV, geen-fooi-skole, infrastruktuur en voorwaardelike toekennings.

Kapitaaluitgawes het ook van 2.6% van die uitgawe in 2003/04 tot 3.1% van die geskatte uitgawe vir 2006/07 toegeneem. In hoofsaak sluit dit voorsiening vir infrastruktuurprojekte in, sowel as vir rekenaars vir die Khanya-projek.

Program 2: Openbare gewone skoolonderwys is steeds die belangrikste fokuspunt van die departement se befondsing. Vir 2006/07 is 81.7% van die begroting aan hierdie program toegewys. Die hoofdienste wat by hierdie program ingesluit is, is primêre en sekondêre skoolonderwys by openbare gewone skole, insluitende infrastruktuur, die OBOS'e, die ontwikkeling van menslike hulpbronne vir inrigtinggebaseerde personeel, sowel as die voorwaardelike toekenning vir die Nasionale Skoolvoedingsprogram. 55.6% van die program se begroting is aan primêre skole toegewys, en 40% aan sekondêre skole.

Programme wat vanaf 2003/04 tot 2006/07 aansienlike groei belewe het, is die volgende: Program 7: Vroeëkindontwikkeling, waar bykomstige fondse voorsien is om deelname aan Graad R te bevorder, sowel as vir die Uitgebreide Openbare Werke-program (UOWP) om voorsiening te maak vir die opleiding van VKO-praktisyns by VKO-standplase; Program 5: Verdere Onderwys en Opleiding, waar fondse voorsien is vir die herkapitalisering van VOO-kolleges; en Program 8: Hulp- en verwante dienste, waar fondse voorsien is vir die verdere uitrol van die MKOS in lyn met die provinsiale ontwikkelingstrategie, *iKapa Elihlumayo*.

Vir die afgelope vyf jaar was daar in die Wes-Kaap nagenoeg universele inskrywing in Graad 1, en universele deelname word in die primêre skool gehandhaaf. Met ander woorde, die oorgrote meerderheid van die Wes-Kaapse kinders tussen die ouderdomme van sewe en veertien is by die onderwysstelsel ingeskrywe, op min of meer die korrekte graadvlak.

Daar is egter 'n dramatiese afname in inskrywings na Graad 8, en meer onlangs na Graad 10. Kwantitatiewe ontledings van die Wes-Kaapse skoolinskrywingsyfers deur verskillende navorsers dui aan dat slegs 45% - 52% van leerders wat vir Graad 1 inskryf, Graad 12 bereik (Crouch, 2002; Van Wyk, 2003).

ST001	PROVINSIALE ONDERWYSSEKTOR – Sileuteldensense							
	2003/04	2004/05	2005/06	2006/07	2007/08	2008/09		
	Werklike	Werklike	Geskatte	Geskatte	Geskatte	Geskatte		
<b>INKOMSTE (R'000)</b>								
Billike deel	5,187,342	5,596,033	6,330,476	6,704,478	7,316,922	7,969,133		
Voorwaardelike toekennings	101,880	84,714	143,091	192,012	223,456	229,709		
Donateurbefondsing	-	-	-	-	-	-		
Ander	-	-	20,000	80,000	40,000	-		
Eie Inkomste	15,585	9,962	11,092	11,641	12,217	12,821		
<b>TOTAAL</b>	<b>5,304,807</b>	<b>5,690,709</b>	<b>6,504,659</b>	<b>6,988,131</b>	<b>7,592,595</b>	<b>8,211,663</b>		
<b>BETALINGS PER PROGRAM (R'000)</b>								
1 Administrasie.	194,497	215,094	245,769	264,738	269,846	298,509		
2 Openbare gewone skoolonderwys (sien verdere verdeling hieronder)	4,417,220	4,772,661	5,403,235	5,708,797	6,175,707	6,656,751		
3 Subsidies vir onafhanklike skole	26,243	29,761	32,471	34,127	35,765	37,375		
4 Openbare spesiale skoolonderwys	325,294	345,224	364,286	382,440	405,649	430,482		
5 Verdere Onderwys en Opleiding	145,255	152,383	165,339	259,859	280,934	289,127		
6 Basiese Volwassene Onderwys en Opleiding	18,473	21,151	22,891	23,571	24,758	25,943		
7 Vroeëkindontwikkeling	56,310	60,135	71,923	107,397	181,930	244,923		
8 Hulp- en verwante dienste	121,515	94,300	198,745	207,202	218,006	228,553		
<b>TOTAAL</b>	<b>5,304,807</b>	<b>5,690,709</b>	<b>6,504,659</b>	<b>6,988,131</b>	<b>7,592,595</b>	<b>8,211,663</b>		
<b>BETALINGS VIR OPENBARE GEWONE SKOOLONDERWYS (R'000)</b>								
2.1 Openbare primêre skole	2,522,571	2,722,031	3,055,830	3,176,205	3,537,763	3,647,817		
2.2 Openbare sekondêre skole	1,712,387	1,845,868	2,114,176	2,285,921	2,350,886	2,676,712		
<b>BETALINGS PER EKONOMIESE INDELING (R'000)</b>								
Lopende betaling	4,762,274	5,072,967	5,623,467	6,149,525	6,717,620	7,332,217		
Vergoeding van werknemers	4,316,446	4,567,683	5,074,937	5,385,473	5,792,981	6,120,328		
Opvoeders	3,747,791	3,991,487	4,406,087	4,639,873	4,878,337	5,152,816		
Nie-opvoeders	568,655	576,196	668,850	745,600	914,644	967,512		
Goedere en dienste en ander	445,828	505,284	548,530	764,052	924,639	1,211,889		
Ordragte en subsidies	404,443	466,209	545,489	619,661	701,476	753,942		
Betalings vir kapitale bates	138,090	151,533	335,703	218,945	173,499	115,506		
<b>TOTAAL</b>	<b>5,304,807</b>	<b>5,690,709</b>	<b>6,504,659</b>	<b>6,988,131</b>	<b>7,592,595</b>	<b>8,211,665</b>		
<b>PERSONEEL</b>								
Aantal Opvoeders (in openbare diens)	29 273	29 569	29 755	29 905	29 905	29 905		
Aantal Nie-opvoeders (in openbare diens)	8 555	8 644	8 750	8 787	8 787	8 787		

ST001	PROVINSIALE ONDERWYSSEKTOR – Sleutelendense (vervolg)									
	2003/04	2004/05	2005/06	2006/07	2007/08	2008/09				
	Werklike	Werklike	Geskatte	Geskatte	Geskatte	Geskatte				
<b>INSKRYWING OP VERPLIGTE VLAK</b>										
Leerders van 7 tot 14 jaar in openbare gewone skole	616 704	620 685	621 250	627 273	633 296	636 167				
Leerders van 7 tot 14 jaar in openbare spesiale skole	6 362	6 426	6 490	6 555	6 621	6 687				
Leerders van 7 tot 14 jaar in onafhanklike skole	16 606	14 808	12 125	-	-	-				
<b>TOTAAL</b>	639 672	641 919	639 865	633 828	639 917	642 854				
<b>INSKRYWING OP NA-VERPLIGTE VLAK</b>										
Leerders van 15 tot 17 jaar in openbare gewone skole	189 737	190 491	192 997	199 800	203 042	206 284				
Leerders van 15 tot 17 jaar in openbare spesiale skole	6 697	7 049	7 401	7 772	8 160	8 568				
Leerders van 15 tot 17 jaar in onafhanklike skole	Data nie beskikbaar nie									
Studente van 15 tot 17 jaar VOO-skole	Data nie beskikbaar nie									
<b>TOTAAL</b>	196 434	197 540	200 398	207 572	211 202	214 852				
<b>BEVOLKING</b>										
Bevolking van 7 tot 14 jaar	707 696	714 844	721 992	729 212	736 504	743 870				
Bevolking van 15 tot 17 jaar	238 372	240 780	243 188	245 620	248 076	250 557				
<b>PRESTASIEMAATSTAWWE</b>										
▶ PM001: Persentasie van kinders van skoolpligtige leeftyd wat skole bywoon.	98.0%	98.8%	98.9%	99.0%	99.1%	99.2%				
▶ PM002: Persentasie van jeugdiges bo die skoolpligtige leeftyd wat skole en ander onderwysinstansies bywoon.	83.0%	83.5%	83.8%	84.0%	84.3%	84.5%				
▶ PM003: Openbare besteding op die armste leerders as 'n persentasie van openbare besteding op die mins arm leerders.	Data nie beskikbaar nie									
▶ PM004: Jare bestee per VOOOS-gegraderde	Data nie beskikbaar nie									
▶ PM005: Gemiddeld hoogste skoolgraad wat deur volwassenes in die bevolking bereik is.	Data nie beskikbaar nie	9.3	9.5	9.8	10.0	10.3				
▶ PM006: Volwasse getaltheidsyfer.	94.0%	94.1%	94.2%	94.3%	94.4%					
<p><b>Nota:</b> Al die prestasiemaatstawwe, behalwe PM003 en PM004, is op data van huishoudelike opnames gebaseer. <b>Bronne:</b> Provinsiale Bergrotingsverklaring (2006) [syfers vir 2005/06 is hersiene skattings]; Persal [werknemerssyfers vir 2005 en 2006 verwys na Julie en Februarie onderskeidelik]; OBIS [inskrivingsyfers vir 2006 is nie-finale skattings]; Bevolkingsyfers deur DVO voorsien. Die syfers vir personeel in openbare diens in hierdie tabel sowel as alle ander sleuteltable weerspieël die telling van unieke werknemers op Persal, ongeag die diensstatus (bv ongeag of dit permanent of tydelik is) op een tydstip in die jaar. Vir hierdie tabel weerspieël syfers die situasie in.</p> <p><b>Nota:</b> Die persentasies vir PM001 en PM002 is uit die Algemene Huishoudelike Opname vir 2004 verkry, en mag verskil van inskrywing oor bevolking wat elders weerspieël word.</p>										

ST002	PROVINSIALE ONDERWYSSEKTOR – Ouderdomspesifieke inskrywingsverhouding (2006)							
	2.1 Openbare primêre skole	2.2 Openbare sekondêre skole	3 Onafhanklike skole	4 Spesiale skole	5 VOO-kolleges (hoofde-telling)	Bevolking	Ouderdomspesifieke inskrywingsverhouding	
< Ouderdom 6	5 884	0	0	315	Data nie beskikbaar nie			
Ouderdom 6	45 616	0	1 392	196		84 691	55.7%	
Ouderdom 7	73 227	0	1 642	389		85 586	87.9%	
Ouderdom 8	79 352	0	1 653	502		84 388	96.6%	
Ouderdom 9	76 668	0	1 489	596		87 809	89.7%	
Ouderdom 10	77 311	0	1 509	700		90 723	87.7%	
Ouderdom 11	75 955	111	1 510	816		91 743	85.4%	
Ouderdom 12	71 497	6 283	1 452	959		87 831	91.3%	
Ouderdom 13	43 302	38 374	1 372	1 060		85 429	98.5%	
Ouderdom 14	16 020	63 031	1 498	1 404		86 169	95.1%	
Ouderdom 15	5 681	68 293	1 410	2 024		90 080	85.9%	
Ouderdom 16	1 681	63 788	1 484	2 085		93 630	73.7%	
Ouderdom 17	436	53 118	1 420	1 574		92 162	61.4%	
Ouderdom 18	120	30 981	753	777		96 133	33.9%	
> Ouderdom 18	37	13 481	0	314				
<b>TOTAAL (ouderdom 6 tot 18)</b>	<b>572 787</b>	<b>337 460</b>	<b>18 584</b>	<b>13 396</b>			<b>1 156 374</b>	<b>81.5%</b>

Bron: Jaarorsig 2004 en 2005 en 2004 Algemene Huishoudelike Oorsig

ST003	PROVINSIALE ONDERWYSSEKTOR – Hulpbronne via die Posvoorsieningsnorme (2006)				
Programme/Doel met poste	Poste PL1	Poste PL2	Poste PL3	Poste PL4	Totaal
Poste bogesny voor program geloop is	2 736	0	0	0	2 736
<b>Poste deur model versprei</b>	<b>19 837</b>	<b>4 224</b>	<b>1 378</b>	<b>1 483</b>	<b>26 922</b>
2. Openbare gewone skoolonderwys	18 153	3 858	1 193	1 450	24 654
2.1 Openbare primêre skole	10 976	2 255	687	1 105	15 023
Poste aan skole verbonde	10 976	2 255	687	1 105	15 023
Poste nie aan skole verbonde	0	0	0	0	0
2.2 Openbare sekondêre fase	7 177	1 603	506	345	9 631
Poste aan skole verbonde	7 177	1 603	506	345	9 631
Poste nie aan skole verbonde	0	0	0	0	0
4 Openbare spesiale skoolonderwys	1 118	230	124	8	1 480
5 Verdere onderwys en opleiding	566	136	61	25	788
<b>TOTAAL</b>	<b>22 573</b>	<b>4 224</b>	<b>1 378</b>	<b>1 483</b>	<b>29 658</b>

**Notas:** Poste wat bogesny is voordat die program geloop is, is poste wat vir kantore, kolleges, BVOO, en spesiale doeleindes soos armoederegstelling toegewys is. Die syfers hierbo sluit PL5- en PL6-poste in wat vir bestuursdoeleindes toegewys is nie.

Bron: Posvoorsieningsmodel2005

ST004	PROVINSIALE ONDERWYSSEKTOR – Investering in ontwikkeling van personeelvaardighede (2004/05)							
	Prog 1 Admin	Prog 2 POS	Prog 3 Onafh	Prog 4 Spes	Prog 5 VOO	Prog 6 BVOO	Prog 7 VKO	Totaal
<b>Uitgawe (R'000)</b>								
Leerlinge	5 711	2 926						8 637
Opvoeders	5 068	2 925						7 993
Opleiding in kurrikulumverandering	3 033							3 033
Ander indiensopleiding	1 888	2 925						4 813
MIV/VIGS-opleiding	147	-						147
Nie-opvoeders	643	625						1 268

**Nota:** Hierdie tabel weerspieël alle departementele uitgawes op die vaardigheidsontwikkeling van departementele personeel Dit sluit die koste van opleiers in diens van die departement in. Dieselfde opvoeder mag tweemaal getel word, indien 'n opvoeder byvoorbeeld in die betrokke jaar deur die kurrikulum- en MIV/VIGS-opleiding was. Die waardes in die ry 'Opvoeders' weerspieël egter nie enige dubbeltellery van opvoeders nie.

## B.1 Administrasie

Die volgende is die meetbare doelwitte (▲) wat op Program 1: Administrasie betrekking het, en hul prestasiemaatstawwe (▶)

	<i>Meetbare doelstellings</i>	<i>Prestasiemaatstawwe</i>
<i>Doeltreffendheid</i>	▲ Om doeltreffende bestuur op alle vlakke van die onderwysstelsel teweeg te bring.	▶ PM101: Persentasie skole wat die Skooladministrasie-en-Bestuurstelsel implementeer ▶ PM102: Persentasie skole wat elektronies deur die departement gekontak kan word. ▶ PM103: Persentasie swart vrouens in senior bestuursposte
	▲ Om 'n optimale verspreiding van finansiële, fisiese en menslike hulpbronne oor die stelsel heen te verwesenlik.	▶ PM104: Persentasie van lopende uitgawes wat aan nie-personeelitems bestee word

### Gespesifiseerde beleidsbepalings, prioriteite en strategiese doelwitte

- **Strategiese doelstellings en doelwitte**

Om toerekenbaarheid op alle vlakke te bevorder, in lyn met die wetgewende mandaat.

- Om samewerkende bestuur te bevorder.
- Om beleid en praktyk met die regering se strategiese doelwitte en die grondwetlike mandaat in lyn te bring.
- Om doeltreffende bestuurstelsels vir evaluering en gehalteversekering te bevorder.
- Om 'n bewustheid van die regte en verantwoordelikhede van alle rolspelers in die onderwys aan te spoor, met inbegrip van leerders, ouers, opvoeders, skoolbestuur, skoolbeheerliggame en WKOD-beamptes op alle vlakke.
- Om 'n kultuur van onderrig en leer in skole en kolleges te kweek, sowel as 'n verbintenis tot die lewenslange ontwikkeling van menslike hulpbronne.
- Om 'n aktiewe rol te speel om in die breër behoeftes van die land te voorsien, veral deur die kwessie van MIV/VIGS en Lewensvaardighede dringend en doelgerig die hoof te bied.
- Om doeltreffende bestuur op alle vlakke van die stelsel teweeg te bring.

Om organisatoriese doeltreffendheid en doelmatigheid te bevorder

- Om 'n kreatiewe en veerkrachtige bestuurskader te ontwikkel.
- Om sterk beleidstelsels en -kapasiteit binne die WKOD te bou.
- Om doeltreffende kommunikasiestelsels te ontwerp vir toegang deur die onderwysgemeenskap (intern en ekstern).
- Om kapasiteit, diens en ondersteuning vir distrikte te bou.
- Om die Batho Pele-beginsels te implementeer.
- Om doeltreffend op kliëntebehoefte te reageer.
- Om doeltreffende finansiële monitoringstelsels in plek te plaas.
- Om 'n optimale verspreiding van finansiële, fisiese en menslike hulpbronne oor die stelsel heen te verwesenlik.
- Om te verseker dat die deurvloei van leerders deur die stelsel optimaal is.
- Om 'n gehaltesekerheidsfunksie in die WKOD te vestig.
- Om teikens m.b.t. die ontwikkeling van menslike hulpbronne te vestig en oor vordering na teikens te rapporteer.
- Om stelselmatige aanspreeklikheid te verseker met die invoer van Skool-selfevaluering (SSE), Skoolontwikkelingsplanne (SOP's) en Heelskoolevaluering (HSE).
- Om bestuurskapasiteit in kantore en skole te bou.
- Om norme en standaarde vir die lewering van alle dienste te ontwikkel.

- **Beleidsprioriteite:**

Sleutelprioriteite sluit die volgende in –

- Implementering van die MKOS
- Implementering van die Leerdernaspoorstelsel in openbare gewone skole, sowel as die Inligtingstelsel vir die Bestuur van Verdere Onderwys en Opleiding (ISBVOO) in VOO-kolleges.
- Herontwerp van die WKOD
- Die bou van maatskaplike kapitaal binne die onderwyssektor, met inbegrip van die vestiging van forums vir Verteenwoordigende Rade van Leerders (VRL'e) en Skoolbeheerliggame.

## **Vorderingsontleding**

- **Sosiale kapitaal**

Die WKOD het reeds 'n reeks programme in plek wat tot die ontwikkeling van sosiale kapitaal bydra. Toe dit ingevoer is, was die programme nie openlik as sosiale kapitaal-programme beskou nie, en dit het ook nie die verwesenliking van spesifieke, openlike uitkomst en lewering van sosiale kapitaal beoog nie. Gesien die aandag wat die konsep tans ontvang, en in die konteks van 'n provinsiale leidingstrategie, is dit nou noodsaaklik dat die projekte hersien word om spesifiek op die verwesenliking van uitkomst en lewering te fokus, en om meer gestrengte moniteringsmeganismes in te voer om die impak daarvan na te speur op die gemeenskappe waar dit voorkom.

As 'n manier om impetus te verleen aan die proses waardeur sosiale kapitaal deur die onderwys ontwikkel word, het die WKOD die volgende programme van stapel gestuur wat ontwerp is om 'n platform te skep vir sosiale netwerkvorming en leierskapontwikkeling.

- bevordering van die vestiging van 'n provinsiale formasie van Skoolbeheerliggame waarbinne die verskillende SBL-strukture in die Wes-Kaap byeengebring sal word. Dit verskaf aan hierdie strukture die geleentheid om met die onderwysbeleid om te gaan, en om projekte en programme van stapel te stuur om die gehalte van onderwysbestuur en onderwys in die algemeen te verbeter.
- die vestiging van 'n provinsiale Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL) om die interaksie van die skoolgaande jeug in onderwysbeleid en onderwysprojekte te fasiliteer, maar belangriker, om hulle tot deelname aan inisiatiewe vir leierskapontwikkeling en programme vir gemeenskapsontwikkeling aan te spoor.
- die vestiging van 'n Vereniging vir Afgetrede Onderwysers, met die uitdruklike doel om afgetrede onderwysers die geleentheid te gee om by die inisiatiewe vir onderwysontwikkeling in die skool en in die gemeenskap betrokke te raak.

- **Organisatoriese Herstrukturering en Herontwerp**

Die MKOS kan nie met welslae geïmplementeer word indien die WKOD nie gerat is en van die kapasiteit voorsien is om sy uitgesproke doelstellings te verwesenlik nie. Eerstens is dit noodsaaklik dat daar oor die lengte en breedte van die organisasie, sowel as onder sy sosiale en ander vennote, by die strategie ingekoop word. Dit impliseer 'n omvattende kommunikasiestrategie. Volgende sou wees om te verseker dat almal die nodige begrip het van wat bereik moet word, en dat hulle die nodige kapasiteit en toewyding het om dit tot uitvoer te bring, en indien nie moet maniere gevind word om hulle met werknemers te vervang wat dit wel het. Die mees kritieke intervensies in hierdie verband sluit egter die bevordering van die strategie vir gelyke indiensneming in; die vestiging van geskikte organisasiestrukture op skoolvlak; die invoer van 'n beleid- en strategieoördineringsfunksie in die departement wat gehaltesekerheid, kommunikasie, navorsing en beplanning sal insluit; die skep van 'n voertuig vir die bestuur van spesiale projekte, met inbegrip van die bevordering van openbare-private vennootskappe; die herontwerp van die vorm en funksie van distrikskantore sodat hulle daarop kan fokus om geteikende en intensiewe steun aan skole, skoolbestuurders, onderwysers en studente te bied; vestiging van 'n projekspan wat verantwoordelikheid sal aanvaar vir die operasionele en bestuursbeplanning van die MKOS en om die implementering daarvan te koördineer.

- **Fisiese Infrastruktuurbeplanning**

Hierdie funksie is vir die WKOD en sy belanghebbendes van deurslaggewende belang. Afgesien van die feit dat bouprojekte geïdentifiseer, geprioritiseer, en daar tot 2014 vir hulle beplan is, is dit van groter belang dat 'n Voorsieningstrategie vir Fisiese Infrastruktuur nuwe skoolontwerpe oorweeg, die mobilisering van Openbaar-Private Vennootskappe (OPV's) opvolg ten einde lewering van ons infrastruktuurbehoefte op die snelbaan te kry, en 'n intervensie ontwikkel wat die benutting van bestaande strukture tot die maksimum kapasiteit moontlik sal maak. Die sleutel sal wees om programme van kleiner take (opgradering, rehabilitering, verfraaiing, ens.) by hul skole te inisieer, wat deur die gemeenskap bestuur word Daar word in die vooruitsig gestel dat sulke programme eienaarskap

van skole deur die gemeenskap sal verhoog, en nog belangriker, dat hulle ekonomiese voordeel vir daardie gemeenskappe sal inhou. Een van die eerste uitdagings sal in verband staan met die N2-Poortprojek. Soos met die Stad Kaapstad ooreengekom, sal die Departement van Behuising en die projekkonsultante na 'n projek toe werk wat sal vereis dat skole 'n ontwerpverandering ondergaan en dat gedeelde geriewe (saal, sportgeriewe, veeldoelsentrum ens) gevestig word, en die WKOD sal óf nuwe fondse moet vind om die nodige skole hier te bou, of hy sal bestaande planne moet skuif om aan die eise van die N2-Poortprojek te voldoen.

- **Leerdernasporingstelsel**

'n Omvattende leerdernasporingstelsel is in 2005 by alle openbare skole in die Wes-Kaap ingestel. Hierdie stelsel sal die inligtingsbasis van die provinsie verbeter, sal doeltreffendheid en beplanning verbeter, sal verseker dat leerders nie uit die sosiale stelsel verlore gaan nie, en sal die invoer van 'n program vir intervensie by, en ondersteuning van leerders moontlik maak.

- **Kommunikasie**

'n Belangrike bestuurs- en aanspreeklikheidsinstrument vir groot organisasies soos die WKOD is vinnige en doeltreffende kommunikasie. Met die oog hierop is die WKOD besig om sy Kliëntediens te verbeter d.m.v. 'n doeltreffende en gebruikersvriendelike oproepsentrum, webtuistes en omsendbriewe.

Dit is ook noodsaaklik dat die WKOD 'n proses inisieer om sy kommunikasiestrategieë op te skerp, binne sowel as tussen kantore, en tussen kantore en skole (en die breër onderwysgemeenskap). As die MKOS suksesvol gaan wees, is dit noodsaaklik dat die Wes-Kaap volledig op die hoogte van vordering gehou sal word, sowel as van wat van sy mense verwag word. Die kommunikasiestrategie sal 'n veldtog insluit wat die MKOS as geheel sal populariseer.

## **Ontleding van beperkinge, en maatreëls wat beplan is om dit te bowe te kom**

Die integrering van die verskillende maatreëls wat ter wille van gehaltesekerheid en aanspreeklikheid ingevoer is, is 'n ernstige uitdaging aan die WKOD. Dit is belangrik om te verseker dat hierdie maatreëls tot verbeterde onderrig en leer aanleiding sal gee, en dat hulle nie as synde 'n doel op sigself gesien word nie.

Die WKOD is aan 'n wye reeks monitering-, evaluering- en aanspreeklikheidsprosesse onderworpe. Dit sluit die volgende in:

- Ouditering van finansiële bestuursprosesse op 'n jaarlikse basis, deur die kantoor van die provinsiale Ouditeur-generaal;
- Optrede by gereelde sessies met die Portefeuljekomitee vir Onderwys en die Staande Komitee vir Openbare Rekeninge in die Provinsiale Parlement;
- Vergaderings (of *road shows*) met gereelde tussenposes met verskillende onderwysbelanghebbers deur die LUR en die Superintendent-generaal ten einde inligting uit te ruil oor die jongste ontwikkelings in die onderwys, of om eenvoudig te hoor van probleme wat ervaar word deur opvoeders en skoolbestuurders.
- Die WKOD is reeds onder 'n verpligting om 'n jaarverslag aan die Wetgewer oor sy aktiwiteite voor te lê. Die Jaarverslagdokument is tot die beskikking van die breër publiek en laat die onderwysgemeenskap toe om die prestasies en mislukkings van die departement m.b.t. sy wetgewende en beleidsmandate en strategiese planne, en die vestiging van 'n gehaltesekerheidsfunksie in die departement te moniteer.

Voortgesette intervensies m.b.t. die opleiding van lede van skoolbestuurspanne (SBS'e) sluit die volgende in: kurrikulumbestuur, aansporing tot positiewe leerdergedrag, vroue in leierskap, beleidsbestuur, die jongste wysigings tot wette en bekragtigde resolusies.



ST101	ADMINISTRASIE – Sleuteltendense						
	2003/04	2004/05	2005/06	2006/07	2007/08	2008/09	
	Werklike	Werklike	Geskatte	Geskatte	Geskatte	Geskatte	Geskatte
<b>BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)</b>							
1.1 Kantoor van die LUR	2,711	3,182	3,040	3,698	3,913	4,126	
1.2 Korporatiewe dienste	92,809	98,044	122,820	137,245	138,204	141,938	
1.3 Ondernysbestuur	94,081	101,993	96,648	97,834	103,150	108,345	
1.4 Menslikehulpbronnontwikkeling	2,253	9,093	12,555	12,218	12,818	13,408	
1.5 Ondernysbestuur-en- Inligtingstelsel (OBIS)	2,643	2,782	10,706	13,743	11,761	30,692	
<b>TOTAAL</b>	<b>194,497</b>	<b>215,094</b>	<b>245,769</b>	<b>264,738</b>	<b>269,846</b>	<b>298,509</b>	
<b>BETALINGS PER EKONOMIESE INDELING (R'000)</b>							
Lopende betaling	154,019	171,113	218,260	239,570	243,625	271,108	
Vergoeding van werknemers	113,410	115,930	128,470	132,967	141,010	148,895	
Opvoeders	21,214	24,046	27,185	28,619	30,085	31,841	
Nie-opvoeders	92,196	91,884	101,285	104,348	110,925	117,054	
Goedere en dienste	40,609	55,183	89,790	106,603	102,615	122,213	
Oordragte en subsidies	16,658	21,094	14,064	14,011	14,529	15,182	
Betalings vir kapitale bates	23,820	22,887	13,445	11,157	11,692	12,219	
<b>TOTAAL</b>	<b>194,497</b>	<b>215,094</b>	<b>245,769</b>	<b>264,738</b>	<b>269,846</b>	<b>298,509</b>	
<b>PERSENEEL</b>							
Aantal Opvoeders (in openbare diens)	102	102	102	102	102	102	102
Aantal Nie-opvoeders (in openbare diens)	748	698	698	698	698	698	698
<b>STATISTIEK OOR ADMINISTRATIEWE STELSELS</b>							
Aantal skole met SAMS (a)	1 462	1 447	1 460	1 460	1 460	1 460	1 460
Aantal skole met e-pos	Data nie beskikbaar nie	Data nie beskikbaar nie	1 380	1 380	1 380	1 380	1 380
<b>► PRESTASIEMAATSTAWWE</b>							
► PM101: Persentasie skole wat die Skooladministrasie-en-Bestuurstelsel implementeer	100%	100%	100%	100%	100%	100%	100%
► PM102: Persentasie skole wat elektronies deur die departement gekontak kan word.	Data nie beskikbaar nie	Data nie beskikbaar nie	98%	98%	98%	98%	97%
► PM103: Persentasie swart vrouens in senior bestuursdiensposisies (SBD)	9%	9%	9%	9%	9%	9%	9%
► PM104: Persentasie van lopende uitgawes wat aan nie-personeelitems bestee word	16%	18%	18%	20%	22%	24%	

ST102	ADMINISTRASIE – Uitgawes per item (2004/05) R'000								Total
	1 Admin	2 POS	3 onafh.	4 Spes	5 VOO	6 BVOO	7 VKO	8 Hulp	
Lopende betalings	169,052	4,272,789	0	275,433	121,976	5,563	44,549	71,679	4,961,042
Vergoeding van werknemers	115,930	3,974,198	0	273,314	121,968	5,198	42,170	34,903	4,567,681
GV-opvoeders	115,930	3,974,198	0	273,314	121,968	5,198	42,170	34,903	4,567,681
Salariesse en lone	100,826	3,390,645	0	232,911	105,470	4,998	35,271	32,608	3,902,730
Sosiale bydraes	15,104	583,553	0	40,403	16,498	199	6,898	2,295	664,951
Nie-opvoeders	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Salariesse en lone	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Sosiale bydraes	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Goedere en dienste	51,028	298,591	0	2,119	8	366	2,379	36,777	391,267
Inventaris	4,112	127,758	0	0	0	11	882	4,680	137,443
Leerondersteuningsmateriaal	1,138	124,237	0	0	0	0	882	318	126,576
Skrifbehoefes en drukwerk	2,931	3,350	0	0	0	10	0	4,362	10,653
Ander	43	171	0	0	0	0	0	0	214
Konsultante, kontrakteurs en spesiale dienste	9,888	3,220	0	0	0	15	1,480	8,286	22,888
Toerusting minder as R5 000	2,040	12,060	0	7	0	0	1	37	14,145
Onderhoud van geboue	3,342	1,559	0	0	0	0	0	0	4,901
Huurkontrakte in bedryf	1,551	1,926	0	0	0	0	0	8,484	11,962
Leerdervervoer	28	115,984	0	0	0	0	0	0	116,012
Ander goedere en dienste	30,068	36,083	0	2,112	8	340	16	15,290	83,916
Rente en huur van grond	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Rente	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Huur van grond	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Finansiële transaksies in bates en laste	2,094	0	0	0	0	0	0	0	2,094
Ongemagtigde uitgawes	0	0	0	0	0	0	0	0	0

ST102	ADMINISTRASIE – Uitgawes per item (2004/05) R'000 (vervolg)								
	1 Admin	2 POS	3 Orafn	4 Spees	5 VOO	6 BVOO	7 VKO	8 Hulp	Totaal
Oordragte en subsidies	20,971	257,821	29,761	69,790	30,407	15,588	15,587	22,474	462,397
Munisipaliteite	278	10,232	0	686	302	13	106	46	11,663
Openbare korporasies en private entiteite	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Instansies sonder winsbejag	18,009	233,604	29,761	68,008	29,866	15,574	15,377	21,081	431,281
Artikel 21-skole	0	151,653	0	0	0	0	0	0	151,653
LOOM	0	117,010	0	0	0	0	0	0	117,010
Dienste	0	15,481	0	0	0	0	0	0	15,481
Instandhouding	0	19,161	0	0	0	0	0	0	19,161
Diens gelewer	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Ander onderwysinstansies	18,009	81,951	29,761	68,008	29,866	15,574	15,377	21,081	279,628
Huishoudings	2,684	13,984	0	1,096	238	0	104	1,347	19,454
Betalings vir kapitale bates	22,887	2,714	0	0	0	0	0	147	25,749
Geboue en ander vaste strukture	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Geboue	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Koshuise	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Nuwe skole	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Bykomende klaskamers	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Ander toevoegings	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Ander	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Ander vaste strukture	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Masinerie en toerusting	22,887	2,714	0	0	0	0	0	147	25,749
Vervoertoerusting	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Ander masinerie en toerusting	22,871	2,714	0	0	0	0	0	67	25,653
Programmatuur en ander nie-tasbare bates	16	0	0	0	0	0	0	80	96
<b>GROOTOTAAL</b>	<b>212,910</b>	<b>4,533,324</b>	<b>29,761</b>	<b>345,224</b>	<b>152,383</b>	<b>21,151</b>	<b>60,135</b>	<b>94,300</b>	<b>5,449,188</b>

## B.2 Openbare Gewone Skoolonderwys

Die volgende is die meetbare doelwitte (▲) wat op Program 2 betrekking het, en hul prestasiemaatstawwe (▶)

	<b>Meetbare doelstellings.</b>	<b>Prestasiemaatstawwe</b>
<i>Toegang</i>	▲ Om toegang te verleen tot die openbare gewone skoolstelsel ooreenkomstig beleid	▶ PM201: Persentasie leerderdae deur die voedingsprogram gedek ▶ PM202: Persentasie leerders in openbare gewone skole met spesiale behoeftes
<i>Geskiktheid</i>	▲ Om die basiese infrastruktuur vir die openbare gewone skoolstelsel in plek te plaas, ooreenkomstig beleid  ▲ Om geskikte menslike hulpbronne in openbare gewone skole te verskaf  ▲ Om geskikte LOOM in openbare gewone skole te verskaf	▶ PM203: Persentasie leerders in openbare gewone skole met spesiale behoeftes ▶ PM204: Persentasie openbare gewone skole met elektrisiteit ▶ PM205: Persentasie skole met voldoende aantal werkende toilette ▶ PM206: Besteding op onderhoud as 'n persentasie van die waarde van skoolinfrastruktuur ▶ PM207: Persentasie skole met meer as 40 leerders per klas  ▶ PM208: Persentasie nie-Artikel 21-skole waar alle LOOM en ander nodige materiaal op dag 1 van die skooljaar afgelewer was
<i>Doeltreffendheid</i>	▲ Om doeltreffende en doelmatige selfbesturende openbare gewone skole tot stand te bring  ▲ Om 'n kultuur van doeltreffende onderrig en leer in openbare gewone skole te kweek	▶ PM209: Persentasie skole met Artikel 21-status  ▶ PM210: Persentasie werksdae weens opvoederwegblyery in openbare gewone skole verloor ▶ PM211: Persentasie leerderdae weens leerderwegblyery in openbare gewone skole verloor

Die volgende is op subprogram 2.1, openbare primêre skole van toepassing:

	<b>Meetbare doelstellings.</b>	<b>Prestasiemaatstawwe</b>
<i>Gelykheid</i>	▲ Om die gaping tussen die opvoedkundige uitkomst van die histories bevoordeeldes en benadeeldes in openbare primêre skole te oorbrug	▶ PM212: Die prestasieverhouding van die mins bevoordeelde tot die mees bevoordeelde skole m.b.t. Graad 3
<i>Doeltreffendheid</i>	▲ Om te verseker dat die deurvloei van leerders deur openbare primêre skole optimaal is.	▶ PM213: Herhalingskoers in Grade 1 tot 7
<i>Gehalte</i>	▲ Om die gaping tussen die opvoedkundige uitkomst van die histories bevoordeeldes en benadeeldes in openbare primêre skole te oorbrug	▶ PM214: Persentasie leerders in Graad 3 wat aanvaarbare uitkomst in gesyferdheid en geletterdheid behaal ▶ PM215: Persentasie leerders in Graad 6 wat aanvaarbare uitkomst in gesyferdheid, geletterdheid en natuurlike wetenskappe behaal

Die volgende is op subprogram 2.2, openbare sekondêre skole van toepassing:

	<b>Meetbare doelstellings.</b>	<b>Prestasiemaatstawwe</b>
<i>Gelykheid</i>	▲ Om die deelname van histories gemarginaliseerde groepe leerders in openbare sekondêre skole te bevorder.	▶ PM216: Persentasie meisies wat wiskunde en wetenskap in Grade 10 tot 12 neem
	▲ Om die gaping tussen die opvoedkundige uitkomst van die histories bevoordeeldes en benadeeldes in sekondêre skole te oorbrug	▶ PM217: Die prestasieverhouding van die mins bevoordeelde tot die mees bevoordeelde skole m.b.t. die slaagsyfer vir Graad 12
<i>Doeltreffendheid</i>	▲ Om te verseker dat die deurvloei van leerders deur openbare sekondêre skole optimaal is.	▶ PM218: Herhalingskoers in Grade 8 tot 12
<i>Lewering</i>	▲ Om te verseker dat 'n geskikte verhouding van die bevolking 'n Graad 12-kwalifikasie behaal, veral met slaagsyfers in wiskunde en wetenskap	▶ PM219: Slaagverhouding in Graad 12-eksamens ▶ PM220: Slaagverhouding in Graad 12 vir wiskunde- en wetenskapsamens ▶ PPM201: Endossementkoers in Graad 12-eksamens ▶ PPM202: Slaagverhouding in Graad 12 vir wiskunde en wetenskap ▶ PPM203: Aantal skole wat minder as 'n 60% slaagsyfer in Graad 12 behaal
<i>Gehalte</i>	▲ Om die hoogste moontlike onderwysuitkomst onder leerders in openbare sekondêre skole te behaal.	▶ PM221: Persentasie leerders in Graad 9 wat aanvaarbare onderwysuitkomst in alle leerareas behaal

## Gespesifiseerde beleidsbepalings, prioriteite en strategiese doelwitte

### • Strategiese doelstellings en doelwitte

Om toegang tot gehalteonderwys te verseker vir alle kinders wat in die provinsie woon

- Om leerderakkommodasie in openbare gewone skole te voorsien, in lyn met beleid
- Om die basiese infrastruktuur vir die openbare gewone skoolstelsel in plek te plaas, ooreenkomstig beleid
- Om toegang tot onderwys vir leerders uit voorheen benadeelde groepe te verbeter
- Om relevante en gestruktureerde opleiding in die NKV vir onderwysers te verskaf
- Om leerderprestasie in gesyferdheid en geletterdheid te verbeter
- Om doeltreffendheid in die onderwysstelsel te verbeter, en om die deurvloei van leerders en die gehalte van onderwys in die geheel mettertyd te verbeter
- Om doeltreffende en inklusiewe onderwys vir leerders met spesiale onderwysbehoefte te bevorder
- Om vervoer- en koshuisgeriewe vir behoeftige leerders te voorsien
- Om 'n Nasionale Skoolvoedingprogram (NSVP) te voorsien
- Om skooldiscipline te herstel en skoolomgewings te herwin.

Om doeltreffende e-Leer in skole te verseker

- Om die voorsiening van Inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT) infrastruktuur vir alle skole te versnel
- Om kurrikulumlewering waar toepaslik deur die gebruik van IKT te verseker
- Om die ontwikkeling en bestuur van digitale inhoud te verseker
- Om te verseker dat opvoeders in die gebruik van IKT opgelei om hul onderrigprogramme te ondersteun

Om die veilige institusionele omgewings te verseker wat vir onderrig en leer nodig is

- Om 'n veilige skoolomgewing te verseker in vennootskappe met gemeenskappe en ander regeringsdepartemente
- Om toestande van die fisiese verval van leerstandplase te beëindig
- Om begrip te bevorder van maatskaplike toestande in die provinsie, en hoedat dit skole beïnvloed

Om doeltreffende bestuur en beheer in alle leerstandplase en ondersteuningstrukture te verseker

- Om ondersteuning en ontwikkeling van bestuur en beheer nader aan die skole te bring deur die werk van die OBOS'e en ander professionele dienste

- Om 'n optimale en billike verspreiding van finansiële, fisiese en menslike hulpbronne oor die stelsel heen te verwesenlik
- Om die kennis en vaardighede van skoolprinsipale d.m.v. geteikende opleiding en ondersteuning te verbeter
- Om die kennis en vaardighede van skoolbeheerliggame d.m.v. geteikende opleiding en ondersteuning te verbeter
- Om bestuur van die kurrikulum en assesseringsprosesse te verbeter
- Om finansiële bestuur en gehalteverbetering op alle vlakke te verbeter in lyn met provinsiale beleid en die wetgewende raamwerk
- Om professionele ondersteuning aan alle openbare gewone skole te voorsien

Om opvoeders toe te rus en te ondersteun in hul pogings om doeltreffende opvoeding te voorsien

- Om opvoeders in die openbare primêre en sekondêre fases te voorsien, ooreenkomstig beleid
- Om te verseker dat die provinsie voldoende getalle toepaslik opgeleide opvoeders in diens neem
- Om pogings te ondersteun om onderwysstudente vir voordiens-opleidingsinstansies te werf
- Om die professionele gehalte van die onderwyserskorps deur voortgesette professionele ondersteuning te ontwikkel
- Om die potensiaal van media en tegnologie (e-onderwys en IKT) te ontwikkel ten einde onderrig en leer te verbeter en kurrikulumondersteuning te voorsien
- Om opvoeders toe te rus om doeltreffende kurrikulumontwikkeling, lewering en ondersteuning te verseker
- Om gefokuste programme vir opvoederontwikkeling deur die Kaapse Onderwysinstituut (KOI) van stapel te stuur
- Om gespesialiseerde onderwysondersteuning aan onderwysers te voorsien
- Om die minimumstandaarde vir spesiale onderwysdienste te implementeer vir leerders wat emosionele en/of gedragsprobleme manifesteer, of 'n hoë risiko daarvoor loop

- **Beleidsprioriteite:**

Die essensiële beleidsmandaat bly steeds om 'n leertuiste vir al ons leerders in die provinsie te voorsien. Dit word nou deur die MKOS ingelig, met 'n fokus op die jeug, as een van *iKapa Eihlumayo* se 5 leidinggewende strategieë. Sleutelprioriteite sluit die volgende in –

- Die implementering van die gewysigde Norme en Standaard vir Skoolbefondsing (NNSB) om voorsiening te maak vir die implementering van skole met 'n 'geen-fooi-status' vir sekere van ons armste skole.
- Die verbetering van gesyferdheid en geletterdheid, veral in die primêre skole, om sodoende doeltreffende onderrig en leer te verseker. 'n Steekproef van Graad 3-leerders sal in geletterdheid en gesyferdheid getoets word.
- Implementering van die nuwe Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV), veral m.b.t. die band vir verdere onderwys en opleiding (VOO) wat in 2006 in Graad 10 begin, sowel as die oorblywende jare van die band vir algemene onderwys en opleiding (AOO).
- Die verbetering en voorsiening van onderwysinfrastruktuur, in die lig van toenemende infrastruktuuraanvraag om bestaande agterstande in te haal en ook om aan nuwe aanvraag in die lig van die steeds uitbreidende menslike nedersettingsprogram te voldoen, wat nie toegewyste befondsing vir skoolinfrastruktuur het nie.
- Die verbetering van skoolveiligheid.
- Ontwikkeling van Menslike Kapitaal binne die WKOD met spesiale fokus op onderwysers (voortgesette en versnelde onderwyserontwikkeling) deur te verseker dat hulle die maksimum impak maak en aanspreeklik gehou word in terme van die Geïntegreerde Gehaltebeheerstelsel (GGBS).
- Die uitbreiding van die deelnamekoers vir Wiskunde, Natuurwetenskap en Tegnologie deur die voortgesette instelling van fokusskole en 'n toename in die aantal Dinaledi-skole.
- Die voortgesette invoer van ongeveer 500 onderwysassistente om met die Grondslagfase in die armste skole te help.

Om te verseker dat alle leerders vanaf Graad 1 tot 6 op vlakke kan lees, skryf, en reken wat deur die NKV bepaal word, sal die WKOD –

- Norme- en standaardbefondsing en onderwysers op 'n armoedeglykskaal in Grade 1 - 6 voorsien
- Voortgesette opleiding aan toegewyste beamptes voorsien en hul impak monitor
- Elke vyf jaar HSE onderneem
- Spesifieke indiensopleiding aan onderwysers voorsien in skole wat nie behoorlike uitslae behaal nie
- Die klaskameromgewing aanvul en verryk
- Lees- en handboeke aanvul en toevoeg
- NSVP aan die armste leerders voorsien
- Vanaf 2006 elke tweede jaar lees- en gesyferdheidstoetsing uitvoer
- Vanaf 2007 elke tweede jaar lees- en wiskundetoetsing in Graad 6 uitvoer

Om te verseker dat alle leerders in Grade 7 tot 9 van 'n algemene opvoeding van hoë gehalte voorsien word, sal die WKOD –

- Norme- en standaardbefondsing en onderwysers op 'n armoedeglyskaal in Grade 7 - 9 voorsien
- Onderwysers vir Grade 8 en 9 in die NKV oplei en ondersteun
- Eksterne assessering van Graad 9-leerders uitvoer
- Handboeke vir elk van die 8 leerareas aan alle Graad 1 – 9-leerders voorsien

Ten einde inligting oor vakkeuse en beroepsvoorligting aan alle leerders in Graad 9 te verskaf, sodat hulle toepaslike vak- en loopbaankeuses in die VOO-band kan maak, sal die WKOD –

- Assessering van alle Graad 8-leerders se lees, wiskunde en belangstellings uitvoer
- Beroepsvoorligting aan alle Graad 9-leerders bied
- Lewensoriënteringonderwysers oplei en ondersteun om loopbaaninligting te verskaf

Om die deelname- en suksesverhouding te verhoog van jong leerders, veral swart leerders, in die VOO-band by skole, en om die aantal VOO-leerders wat vir toegang tot hoër onderwys kwalifiseer te vermeerder, sal die WKOD –

- Norme- en standaardbefondsing en onderwysers op 'n armoedeglyskaal in Grade 10 - 12 voorsien
- Die aantal Graad 12-leerders vermeerder wat in die Seniorcertifikaat / NSS slaag
- Die aantal leerders verhoog wat vir hoër onderwys kwalifiseer
- Die aantal swart- en kleurling-inskrywings vir wiskunde en wetenskap verhoog
- Onderwysers in die nuwe VOO-kurrikulum oplei
- 28 VOO-fokuskele toerus en ondersteun
- Die gebruik van rekenaarlaboratoriums in alle skole ondersteun wat VOO aanbied
- Verseker dat alle leerders IKT-vaardighede verwerf
- Leerders in die VOO-band naspeur

## Vorderingsontleding

Die visie van 'n tuiste vir almal het 'n hupstoot gekry met –

- die in gebruik neem van vyftien nuwe skole sedert die begin van die 2006-skooljaar;
  - die toename van 292 onderwysposte in die postemandjie, wat die invoer van 500 Onderwysassistente insluit om in die Grondslagfase in die armste skole te help;
  - die invoer van die NKV in Graad 10; en
  - die voltooiing van die proses waardeur rekenaarlaboratoriums in alle hoërskole in die Wes-Kaap geïnstalleer word.
- **Algemene Onderwys en Opleiding (AOO) (Grade 1 – 9)**

AOO voorsien 'n soliede grondslag vir alle toekomstige onderwys en opleiding, via gehalteprogramme wat veral op die ontwikkeling van hoëvlak taal- en wiskundevaardighede fokus.

Die derde doelstelling van die WKOD m.b.t. die ontwikkeling van menslike hulpbronne is om gehalteprogramme vir Graad 1 tot 6-leerders te voorsien. Data van die 2001-Sensus en die WKOD se OBIS toon dat daar baie hoë inskryfingsyfers vir die ouderdomsgroep 6 – 15 is. Verder is die afparing van ouderdom en graad in die Wes-Kaap hoog.

Onlangse studies wat vir Graad 3 en 6 uitgevoer is, toon egter dat leerders in die Wes-Kaap nie die leerdoelwitte van die Nasionale Kurrikulum verwesenlik nie, en dat hulle daarom nie die verlangde grondslag vir Menslikehulpbronontwikkeling ontvang nie. Die toetsprogram wat in 2002 tot 2004 uitgevoer was, toon dat die toetsuitslae hoog met armoede korreleer. Om hierdie rede het die WKOD 'n spesiale klem geplaas op die ontwikkeling van die lees-, skryf- en wiskundevaardighede van alle leerders in Graad 1 tot 6, veral onder arm leerders. Vanaf 2006 word spesiale klem geplaas op die ondersteuning en monitering van lees-, skryf- en rekenuitkomste van die nasionale kurrikulum in die primêre skool, met spesiale klem op die Grondslagfase.

Toegewyde WKOD-amptenare is aan die skole toegewys wat in 2002 tot 2004 benede die vereistes van die kurrikulum gepresteer het. Hierdie amptenare sal die volgende in elke Graad 1 tot 6-klaskamer verseker:

- 'n Werkskedule van 36 weke vir Geletterdheid / Taal.
- 'n Werkskedule van 36 weke vir Gesyferdheid / Wiskunde
- Teksryke omgewing – letters, prente, woorde, voorwerpe, tabelle op die mure, deure ens.
- Minstens 100 boeke van die geskikte taal en vlak
- Handboeke vir wiskunde en tale vir Grade 3 - 6
- Getuienis van lees, skryf en reken – geen besondere benadering word bepleit nie, maar onderrig in klankleer, woorde, lees met begrip, hoof- en skriftelike rekene is fundamenteel

Daarbenewens sal die WKOD voortgaan om al om die ander jaar aan die einde van die Grondslagfase en die Intermediêre fase, d.w.s. Grade 3 en 6, reg deur die provinsie heen te toets. Graad 3-leerders sal in 2006 getoets word.

In Grade 7 – 9 bou die WKOD voort op die sterk grondslag wat daar in lees, skryf en rekene gelê is. In hierdie grade is die fokus op agt leerareas wat leerders 'n algemene opvoeding bied wat die basis is vir die kies van 'n meer gespesialiseerde studieveld, en vir welslae daarin.

In die tydperk tot 2007 sal Graad 7-, 8- en 9-onderwysers in die NKV opgelei word. Die fokus hier sal op al agt die leerareas wees. Teksboeke en toerusting vir al die leerareas word aan alle Graad 7 – 9-leerders voorsien.

- **Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) Grade 10 - 12**

VOO is 'n spesialiseringfase. Dit is die eerste fase in die onderwysstelsel waarin leerders keuses moet maak oor die vakke of programme wat hulle gaan aanbied.

Die nuwe Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) word in Grade 10 – 12 ingevoer (Graad 10 het in 2006 begin). Die aantal vakke wat in die kurrikulum van VOO-skole aangebied word, is grootliks verminder, maar is meer gefokus en relevant. Die NKV-kurrikulum is ook meer gefokus. Die departement is ook besig om 'n proses van kurrikulumregstelling te dryf om te verseker dat die volle bestek van vakke in alle distrikte aangebied word. Dit vereis fyn beplanning en sterk hersteloptrede.

Die kurrikulumherstelproses word deur 'n stelselmatige herstelprogram ondersteun wat toerusting (veral rekenaars) en gespesialiseerde onderwysers aan benadeelde gebiede voorsien. Die WKOD het met hierdie herstelproses in die velde van wiskunde begin, en ondersteun reeds 50 Wiskunde-, Wetenskap- en Tegnologieskole vir benadeelde leerders. Ander 'fokus'-skole, soos Kuns- en Kultuurskole is ook in die VOO-band ontwikkel.

Alle VOO-fase onderwysers ontvang opleiding in onderwys- en assesseringstrategieë. Daarbenewens woon onderwysers kursusse by wat deur hoër onderwysinstansies (HOI'e) an ander vakdeskundiges aangebied word om hul kennis van die vakinhoud na hul behoeftes op te gradeer. Rekenaargeletterheidsprogramme word aan onderwysers gebied wat dit vir hul onderrig nodig het.

Terwyl die onderwysstelsel besig is om vir die invoer van die nuwe kurrikulum voor te berei, word aandag ook geskenk aan die aantal leerders wat 'n Senior Sertifikaat verwerf. Teikens word gestel vir die aantal leerders, eerder as die persentasie, wat in die eksamens slaag. Dit is heel maklik om 'n skool se slaagkoers te verhoog deur eenvoudig die aantal leerders te verminder. Dit is nodig om hierdie praktyk te ontmoedig, terwyl die bied van die geleentheid om op hoër vlakke in die skoolstelsel te leer, aangemoedig behoort te word. Dit is 'n belangrike oorweging wat noue skakeling het met die konsep van die deurvloeikoers. Die WKOD stel teikens vir die toename in die aantal leerders wat vir die Senior Sertifikaat slaag op meer as 1 000 per jaar, vanaf 34 000 in 2003 tot 50 000 in 2014.

In die eksamens vir die senior sertifikaat in 2005 het skole in die Wes-Kaap 'n slaagsyfer van 84.4% behaal. Hoe bemoedigend hierdie slaagsyfer ookal mag wees, is dit belangrik dat ander aanduiders ook gebruik sal word by die ontleding van die uitslae. Die belangrikste hiervan is die gehalte van die slaag. 'n Matriekendossement word algemeen as 'n volmag vir gehalte beskou, aangesien van die leerder verwag word om minstens vier vakke op die hoër graad te neem. 'n Sleutelbepalingspunt is steeds die klein aantal swart leerders uit die vorige DOO- en RVV-skole wat endossemente en HG-slaagsyfers in wiskunde en wetenskap behaal.

Die WKOD sal voortgaan om die prestasie van skole te vier wat hul aantal inskrywings behou of vermeerder, terwyl hulle ook hul endossementkoers verbeter.

- **Skoolveiligheid**

Soos elders in die wêreld die geval is, word skoolveiligheid toenemend 'n bron van kommer vir die regering. Die Wes-Kaap word in die besonder in hierdie verband verpes aangesien dit die ernstige probleme van bendes en bendegeweld ervaar, met die gepaardgaande teistering van alkohol- en dwelmmisbruik. Saam met 'n reeks vennote, maar veral die Departement van Gemeenskapsveiligheid, word hierdie kwessies verbeter die hoof gebied.

Die Veiligeskoleprogram het 'n drieledige strategie, wat die volgende behels:

- 'n Veiligeskole-oproepsentrum waar allerlei probleme aangemeld kan word, en waar geaffekteerde en getraumatiseerde individue vir berading kan aanklop en dit kan ontvang.



- Voorsiening van sekuriteit: hierdie program fokus op die installering van verskeie veiligheidsmaatreëls, waaronder sekuriteitsomheininge en sekuriteitsalarms by hoë risiko skole. Die program sluit ook oorlewingstrategieë in.
- Onderwysprogramme wat op waardes en houdings fokus, met as doel om die belangstelling van leerders tot meer positiewe aktiwiteite soos sport, die kunste en drama te rig, en op toekomstige loopbane te fokus.
- **Skoolbestuur**

'n Totaal van 851 uit 1460 skole (of 58.3% van alle openbare gewone skole) het Artikel 21-status ontvang. Die oorblywende 609 skole ontvang steeds voortgesette aandag. Ondersteuning word op 'n deurlopende basis aan alle skole gebied.

## **Ontleding van beperkinge, en maatreëls wat beplan is om dit te bowe te kom**

Verskeie uitdagings het vorm aan ons beplanning vir volgende jaar en verder gegee terwyl ons voorberei om die MKOS te implementeer. Hierdie uitdagings sluit die volgende in:

- Die aantal leerders in Graad 3 en 6 wat nie die uitkomst vir hul grade verwesenlik het wat deur die nasionale kurrikulum in gesyferdheid en geletterdheid verlang word nie. (Rampspoedige impak op gehaltelewing reg deur die stelsel op alle vlakke.)
- Die kennis- en vaardigheidsvlakke van onderwysers: Onderwysersopleiding, om te verseker dat onderwysers die kennis en vaardighede het wat nodig is om die nasionale kurrikulum te onderrig en leerderprestasie in alle leerareas te verbeter.
- Tekort aan skoolakkommodasie in sekere areas waar daar snelle bevolkingsgroei is, en ons onvermoë om weens finansiële beperkinge van die agterstande ontslae te raak. Die toenemende infrastruktuur aanvraag om bestaande agterstande in te haal en ook om aan nuwe aanvraag in die lig van die steeds uitbreidende menslike nedersettingsprogram te voldoen, wat nie toegewyste befondsing vir skoolinfrastruktuur het nie.
- Die behoefte om veilige skoolomgewings te verseker, en om skole as heilige plekke vir onderrig en leer in ons gemeenskappe te vestig.
- Toenemende druk om binne ons huidige beleid leerdervoer te voorsien aan daardie hoofsaaklik landelike leerders wat meer as 5km vanaf die naaste skool woon.

Die WKOD het 'n aantal intervensies en projekte ingevoer in 'n poging om verskeie aspekte van gehalteonderwys in skole aan te spreek. Die projekte en intervensies wat by skole in werking is, sluit onder meer die volgende in:

- Strategie om positiewe gedrag aan te moedig en op probleemgedrag in openbare skole te reageer: Die doelstelling van die strategie is tweeledig: In die eerste plek moet dit 'n konseptuele raamwerk en operasionele riglyne bied om positiewe gedrag te bemoedig, en tweedens moet dit strategieë identifiseer en meganismes voorsien om doeltreffend op probleemgedrag in skole te reageer. Ten einde hierdie doelstelling te verwesenlik, sal die doel van die strategie wees (a) om die herwinning van skoolomgewings en 'n inklusiewe onderwysstelsel te bevorder, (b) om 'n benadering tot probleemgedrag te bevorder wat op ontwikkeling, sterk punte, en herstel ingestel is, en (c) om die kapasiteit van opvoeders te bou ten einde op 'n ontwikkelings- en herstelgemikte wyse op probleemgedrag te reageer, en om doeltreffende en gehalteprogramme, dienste en onderwys aan leerders te bied wat gevaar loop.
- Identifisering van disfunksionele skole: Multifunksionele spanne identifiseer die probleme wat deur hierdie skole ervaar word; bedink 'n strategie om die probleme onder die leierskap van 'n projekleier die hoof te bied; waar nodig, word die ondersteuning van buite-organisasies ingeroep; departementele opleidingsprogramme word aan die skool gebied; voortgesette mislukking kan tot mentorskap/kuratorskap by daardie skole lei; indien mislukking voortduur, kan die hersamestelling van die skool geïmplementeer word.
- Multigraadintervensie: Om skole wat meer as een graad per klas onderrig, m.b.t. hul onderrigmetodes te ondersteun. Klem word gelê op die benutting van IKT ten einde doeltreffende multigraadonderrig te ondersteun.
- Veldtog vir Vroeë Inskrywing: Spoor skole aan om vroeg in die jaar met die proses van leerderinskriving vir finalisering teen die einde van die jaar te begin; voltooiing van roosters en nominasies vir aanstelling van onderwysers sodat skole op die eerste dag van die nuwe jaar met onderrig kan begin; identifisering van gevaarvolle m.b.t. akkommodasie sodat gebeurlikheidsplanne in plek geplaas kan word.
- Inklusiewe onderwys: Onderwyswitskrif 6 toon aan hoedat die huidige spesiale onderwysstelsel in 'n inklusiewe onderwys- en opleidingstelsel getransformeer behoort te word. Dit spel onder meer uit hoedat hoofstroomskole in vollediënsskole ontwikkel behoort te word wat in staat sal wees om leerders te akkommodeer wat matige ondersteuning nodig het; hoedat spesiale skole in hulpbronsentrums vir hoofstroomskole ontwikkel behoort te word; die ontwikkeling van distriksondersteuningspanne; en die ontwikkeling van institusionele ondersteuningspanne.
- Gefokusde geletterdheids- en gesyferdheidsstrategieë vir die Grondslagfase en die Intermediêre fase.

Die OBOS'e en hul verskillende strukture besoek alle onderwysinstansies en staan hulle by met kapasiteitsbou in terme van verskillende scenario's en aksies wat uitgevoer moet word, bv. die aanstel van nuwe beheerliggame, finansiële sake, kurrikulum, ens.

ST201	OPENBARE GEWONE SKOOL ONDERWYS – Sleutelendense						
	2003/04 Werklike	2004/05 Werklike	2005/06 Geskatte	2006/07 Geskatte	2007/08 Geskatte	2008/09 Geskatte	
<b>BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)</b>							
2.1 Openbare primêre skole	2 522,571	2 722,031	3 055,830	3 176,205	3 537,763	3 647,817	
2.2 Openbare sekondêre skole	1 712,387	1 845,868	2 114,176	2 285,921	2 350,886	2 676,712	
2.3 Professionele dienste	143,559	165,385	173,312	186,402	197,010	207,516	
2.4 Mensikethulpbronontwikkeling	8,208	3,186	10,596	11,956	39,319	71,486	
2.5 Voorwaardelike toekennings	30,495	36,191	49,321	48,313	50,729	53,220	
Totaal	4 417,220	4 772,661	5 403,235	5 708,797	6 175,707	6 656,751	
<b>BETALINGS PER EKONOMIESE INDELING (R'000)</b>							
Lopende betaling	4 081,003	4 386,315	4 861,281	5 291,286	5 796,785	6 326,505	
Vergoeding van werknemers	3 736,207	3 974,198	4 444,925	4 704,970	5 070,780	5 354,564	
Opvoeders	3 372,039	3 585,008	3 983,458	4 193,586	4 408,507	4 654,278	
Nie-opvoeders	364,168	389,190	461,467	511,384	662,273	700,286	
Goedere en dienste	344,796	412,117	416,356	586,316	726,005	971,941	
Oordragte en subsidies	227,068	257,847	244,896	224,498	232,563	243,102	
Betalings vir kapitale bates	109,149	128,499	297,058	193,013	146,359	87,144	
<b>TOTAAL</b>	<b>4 417,220</b>	<b>4 772,661</b>	<b>5 403,235</b>	<b>5 708,797</b>	<b>6 175,707</b>	<b>6 656,751</b>	
<b>PERSONEEL</b>							
Aantal Opvoeders (in openbare diens)	26 593	26 906	27 118	27 268	27 268	27 268	
Aantal Nie-opvoeders (in openbare diens)	6 511	6 583	6 639	6 676	6 676	6 676	
<b>DOEL TREFFENDHEIDSTATISTIEK</b>							
Leerders (a)	898 055	921 176	920 812	933 969	946 595	959 421	
Totale maonlikke leerderdae per leerder (b)	205	205	205	205	205	205	
Totale leerderdae deur wegblyery verloor (c)	7 179 950	7 364 802	7 361 892	7 467 082	7 568 027	7 670 571	
Aantal Opvoeders (in openbare diens) (d)	26 177	26 482	26 693	26 842	26 842	26 842	
Aantal permanente opvoeders wat openbare gewone skole verlaat het (e)							
Afslytingskoers vir permanente opvoeders (e/d)							
Totale maonlikke werksdae per opvoeder (f)	205	205	205	205	205	205	
Totale werksdae wat deur opvoederwegblyery verloor is (g)	277 691	237 728	246 243	2236 612	225 607	220 104	
Nie-Artikel 21-skole wat LOOM e teen dag 1 van die skooljaar ontvang het (h)	711	753	602	574	556	930	

ST201	OPENBARE GEWONE SKOOLONDERWYS – Sleuteltendense (vervolg)						
	2003/04	2004/05	2005/06	2006/07	2007/08	2008/09	
	Werklike	Werklike	Geskatte	Geskatte	Geskatte	Geskatte	
<b>INKLUSIEWE ONDERWYSSTATISTIEK</b>							
Leerders met hoëvlak spesiale behoeftes in openbare gewone skole (i)	30 983	31 781	31 952	34 837	38 432	38 952	
<b>SKOOLVOEDINGSTATISTIEK</b>							
Leerders wat by die skoolvoedingsprogram baat (j)	145 596	152 839	156 617	204 000	204 000	204 000	
Programme in terme van gemiddelde dae per leerder (k)	170	170	170	170	170	170	
<b>SKOLIEREVERVOERSTATISTIEK</b>							
Leerders wat by skolierevervoer baat (l)	Data nie beskikbaar	45 731	46 700	46 700	46 700	46 700	
<b>► PRESTASIEMAATSTAWWE</b>							
► PM201: Persentasie leerderdae deur die voedingsprogram gedek ((i x k)/(a x b))	13.4%	13.8%	14.1%	18.1%	17.9%	17.6%	
► PM202: Persentasie leerders in openbare gewone skole met spesiale behoeftes (i / a)	3.5%	3.5%	3.5%	3.7%	4.1%	4.1%	
► PM203: Persentasie leerders in openbare gewone skole met watertoevoer	99.2%	99.3%	100.0%	100.0%	100.0%	100.0%	
► PM204: Persentasie openbare gewone skole met elektrisiteit	98.5%	98.8%	100.0%	100.0%	100.0%	100.0%	
► PM205: Persentasie skole met voldoende aantal werkende toilette	Data nie beskikbaar nie	Data nie beskikbaar nie	11.1%	11.2%	11.1%	11.0%	
► PM206: Besteding op onderhoud as 'n persentasie van die waarde van skoolinfrastruktuur	Data nog nie beskikbaar nie						
► PM207: Persentasie skole met meer as 40 leerders per klas	0.0%	0.0%	0.0%	0.0%	0.0%	0.0%	
► PM208: Persentasie nie-Artikel 21-skole waar alle LOOM en ander nodige materiaal op dag 1 van die skooljaar afgelewer was	94.7%	108.5%	70.7%	65.5%	61.6%	100.0%	
► PM209: Persentasie skole met Artikel 21-funksies	51.4%	48.0%	58.6%	60.4%	61.9%	63.4%	
► PM210: Persentasie werksdae weens opvoederwegblyery in openbare gewone skole verloor ((g / (d x f))	5.2%	4.4%	4.5%	4.3%	4.1%	4.0%	
► PM211: Persentasie leerderdae weens leerderwegblyery in openbare gewone skole verloor (c / (a x b))	Data nie beskikbaar nie						
<b>Nota:</b> Die syfers vir skole met watertoevoer en elektrisiteit (vir PM203 en PM204 gebruik) kan in die tabelle oor primêre en sekondêre skole gevind word. <b>Bronne:</b> Provinsiale Begrotingsverklaring (2006).							

ST202	OPENBARE PRIMÊRE SKOLE – Sleuteltendense						
	2003/04	2004/05	2005/06	2006/07	2007/08	2008/09	
	Werklike	Werklike	Geskatte	Geskatte	Geskatte	Geskatte	
<b>BETALINGS PER EKONOMIESE INDELING (R'000)</b>							
Lopende betaling	2,338,152	2,528,721	2,806,025	2,961,958	3,298,999	3,513,539	
Vergoeding van werknemers	2,169,862	2,301,283	2,578,530	2,737,609	2,951,951	3,117,141	
Opvoeders	1,981,280	2,101,279	2,369,669	2,524,215	2,720,135	2,872,202	
Nie-opvoeders	188,582	200,004	208,861	213,394	231,816	244,939	
Goedere en dienste	168,290	227,438	227,495	224,349	347,048	396,398	
Ordragte en subsidies	123,138	116,300	100,312	124,032	128,453	134,278	
Betalings vir kapitale bates	61,281	77,010	149,493	90,215	110,311	0	
<b>TOTAAL</b>	<b>2,522,571</b>	<b>2,722,031</b>	<b>3,055,830</b>	<b>3,176,205</b>	<b>3,537,763</b>	<b>3,647,817</b>	
<b>PERSONEEL</b>							
Aantal Opvoeders (in openbare diens) (a)	16 129	16 317	16 441	16 539	16 539	16 539	
Aantal Nie-opvoeders (in openbare diens)	3 539	3 577	3 608	3 629	3 629	3 629	
<b>INSKRYWING</b>							
Leerders in openbare primêre skole (b)	570 572	582 753	572 328	578 395	584 418	590 441	
L:O-verhouding in openbare primêre skole (b/a))	35	36	35	35	35	36	
Leerders Graad 1 tot Graad 7 (c)	570 572	582 753	572 328	578 395	584 418	590 441	
van wie gestremde leerders	571	466	572	2 892	5 844	5 904	
van wie vroulikes	0	0	0	0	0	0	
Geslagsgeelykheidsindeks							
<b>INSTANSIES EN INFRASTRUKTUUR</b>							
Skole	1 125	1 107	1 108	1 105	1 111	1 117	
Aantal skole met SASW Artikel 21-funksies	560	517	643	643	682	703	
Aantal skole wat geen-fooi-skole verklaar is	0	0	0				Nog nie bepaal nie
Aantal skole met watertoewoer	1 114	1 100	1 108	1 105	1 111	1 117	
Aantal skole met elektrisiteit	1 103	1 093	1 108	1 105	1 111	1 117	
Aantal skole met voldoende werkende toilette		Data nie beskikbaar nie	115	115	115	115	
Klaskamers (d)	14 568	14 760	14 879	14 987	15 095	15 203	
Leerder/klaskamer-verhouding (b/d)	39	39	38	39	39	39	
Skole met meer as 40 leerders per klas	0	0	0	0	0	0	

<b>ST202 OPENBARE PRIMÊRE SKOLE – Sleutelendense (vervolg)</b>							
<b>BESTEDING AAN INSTANDHOUDING (R'000)</b>	2003/04 Werklike	2004/05 Werklike	2005/06 Geskatte	2006/07 Geskatte	2007/08 Geskatte	2008/09 Geskatte	
Besteding aan skoolinstandhouding	40,990	68,003	47,400	150,579	142,094	139,726	
Vervangingswaarde van alle vaste skoolinfrastruktuur	Data nie in hierdie formaat beskikbaar nie						
<b>LEWERING- EN DOEL TREFFENDHEIDSTATISTIEK</b>							
Aantal Graad 3-leerders wat gestandaardiseerde toetse aflê (e)	75 931	81 489	80 722	82 336	83 983	84 823	
Aantal Graad 3-leerders wat aanvaarbare uitkomst behaal (f)	27 335	32 596	36 325	41 168	46 191	50 894	
Aantal Graad 6-leerders wat gestandaardiseerde toetse aflê (g)	92 341	82 574	66 133	67 456	68 805	69 493	
Aantal Graad 6-leerders wat aanvaarbare uitkomst behaal (h)	33 243	33 030	29 760	33 728	37 843	41 696	
Aantal Graad 1 tot 7-leerders wat hul graad herhaal (i)	22 771	22 771	22 771	22 771	22 771	22 771	22 771
<b>► PRESTASIEMAATSTAWWE</b>							
► PM212: Die prestasieverhouding van die mins bevoordeelde tot die mees bevoordeelde skole m.b.t. Graad 3	56%	58%	60%	62%	64%	66%	
► PM213: Herhalingskoers in Grade 1 tot 7 (l/c)	4%	4%	4%	4%	4%	4%	4%
► PM214: Persentasie leerders in Graad 3 wat aanvaarbare uitkomst in gesyferdheid, geleterdheid en lewensvaardighede behaal (f/e)	36%	40%	45%	50%	55%	60%	
► PM215: Persentasie leerders in Graad 6 wat aanvaarbare uitkomst in gesyferdheid, geleterdheid en lewensvaardighede behaal (h/g)	36%	40%	45%	50%	55%	60%	

ST203	OPENBARE SEKONDÊRE SKOLE – Sleuteltendense						
	2003/04	2004/05	2005/06	2006/07	2007/08	2008/09	
	Werklike	Werklike	Geskatte	Geskatte	Geskatte	Geskatte	
<b>BETALINGS PER EKONOMIESE INDELING (R'000)</b>							
Lopende betaling	1,585,809	1,705,020	1,899,848	2,100,954	2,229,744	2,500,615	
Vergoeding van werknemers	1,453,568	1,551,268	1,731,741	1,825,072	1,967,967	2,078,094	
Opvoeders	1,306,438	1,394,249	1,566,275	1,677,316	1,807,503	1,908,551	
Nie-opvoeders	147,130	157,019	145,466	147,756	160,464	169,543	
Goedere en dienste	132,241	153,752	168,107	275,882	261,777	422,521	
Ordragte en subsidies	86,402	89,690	66,763	82,686	85,636	89,519	
Betalings vir kapitale bates	40,176	51,158	147,565	102,281	35,506	86,578	
<b>TOTAAL</b>	<b>1,712,387</b>	<b>1,845,868</b>	<b>2,114,176</b>	<b>2,285,921</b>	<b>2,350,866</b>	<b>2,676,712</b>	
<b>PERSONEEL</b>							
Aantal Opvoeders (in openbare diens) (a)	10 048	10 165	10 252	10 303	10 303	10 303	
Aantal Nie-opvoeders	2 601	2 631	2 653	2 667	2 667	2 667	
<b>INSKRYWING</b>							
Leerders in openbare sekondêre skole (b)	327 483	338 423	348 484	355 574	362 177	368 980	
L.O-verhouding in openbare sekondêre skole (b/a))	33	33	34	35	35	36	
Leerders Graad 8 tot Graad 12 (c)	327 483	338 423	348 484	355 574	362 177	368 980	
van wie gestremde leerders	64 187	33 842	34 848	35 557	36 218	36 898	
van wie vroulikkes (d)	174 450	180 810	186 107	177 787	181 089	184 490	
Geslagsgeelykheidsindeks	1.1	1.1	1.1	1.0	1.0	1.0	
Vroulikkes in Grade 8 - 12 wat beide wiskunde en wetenskap neem (e)							
<b>INSTANSIES EN INFRASTRUKTUUR</b>							
Skole	337	340	345	346	348	350	
Aantal skole met SASW Artikel 21-funksies	191	177	208	214	221	27	
Aantal skole wat geen-fooi-skole verklaar is							
Aantal skole met watertoevoer	337	337	345	346	348	350	
Aantal skole met elektrisiteit	337	337	345	346	348	350	
Aantal skole met voldoende werkende toilette							
Aantal skole met voldoende werkende toilette							
Aantal skole met 'n wetenskaplaboratorium	297	309	314	318	327	333	
Klaskamers (f)	18 615	18 862	18 976	19 012	19 048	19 084	
Leerder/klaskamer-verhouding (b/f)	18	18	18	19	19	19	
Skole met meer as 40 leerders per klas	0	0	0	0	0	0	

ST203	OPENBARE SEKONDÊRE SKOLE – Sleutelendense (vervolg)					
	2003/04	2004/05	2005/06	2006/07	2007/08	2008/09
	Werklike	Werklike	Geskatte	Geskatte	Geskatte	Geskatte
<b>BESTEDING AAN INSTANDHOUDING (R'000)</b>						
Besteding aan skoolinstandhouding	27,326	45,336	31,600	100,386	94,730	93,150
Vervangingswaarde van alle vaste skoolinfrastruktuur	0	0	0	0	0	0
<b>LEWERING- EN DOEL TREFFENDHEIDSTATISTIEK</b>						
Aantal Graad 9-leerders wat gestandaardiseerde toetse affê (g)	73 200	78 964	82 169	83 812	85 489	86 344
Aantal Graad 9-leerders wat aanvaarbare uitkomst behaal (h)	54 168	60 013	64 092	67 050	76 085	77 709
Aantal Graad 8 tot 12-leerders wat hul graad herhaal (i)	37 470	38 580	35 545	33 780	32 596	29 518
Bevolking van ouderdom 18 (j)	89 249	89 249	89 249	89 249	89 249	89 249
Aantal leerders wat SS-eksamens affê (k)	38 733	38 886	38 586	39 371	40 102	40 855
Aantal leerders wat in SS-eksamens slaag (l)	33 769	33 066	32 573	34 647	35 691	36 770
Aantal leerders wat in met endossement slaag	10 323	10 524	10 394	11 056	11 389	11 733
SS-slaagsyfer (l/k)	87,18%	85,03%	84,42%	88,00%	89,00%	90,00%
Aantal SS-kandidate wat in beide wiskunde en wetenskap slaag (m)	Data not available		9 708	9 808	9 908	10 008
Aantal skole wat SS-eksamens skryf	383	386	389	389	389	389
Aantal skole met 'n SS-slaagsyfer van minder as 40%	9	14	9	-	-	-
SS-slaagsyfer van kwintiel-1 skole (n)	73,6%	67,8%	69,5%	74,5%	79,5%	84,5%
SS-slaagsyfer van kwintiel-5 skole (o)	98,7%	98,3%	98,1%	98,5%	99,0%	99,0%
<b>PRESTASIEMAATSTAWWE</b>						
► PM216: Persentasie meises wat wiskunde en wetenskap in Grade 10 - 12 neem (e/d)	Data nie beskikbaar nie					
► PM217: Die prestasieverhouding van die mins bevoordeelde tot die mees bevoordeelde skole m. b. t. die slaagsyfer vir Graad 12 (n/o)	0.75	0.69	0.71	0.76	0.80	0.85
► PM218: Herhalingskoers in Grade 8 tot 12 (l/c)	11%	11%	10%	10%	9%	8%
► PM219: Slaagverhouding in Graad 12-eksamens (l/j)	40%	38%	37%	39%	40%	41%
► PM220: Slaagverhouding in Graad 12 vir wiskunde- en wetenskapeksamens (m/lj)	Data nie beskikbaar nie		11%	11%	11%	11%
► PM221: Persentasie Graad 9 leerders wat aanvaarbare onderwysuitkomst behaal (n/g)	74%	76%	78%	80%	82%	84%
<b>Nota:</b> PM216 tel die deelname aan wiskunde en wetenskap op beide die HG en SG-vlakte.						

ST204	OPENBARE GEWONE SKOOLONDERWYS – Skole volgens laagste en hoogste grade (2005)											
	Gr 1	Gr 2	Gr 3	Gr 4	Gr 5	Gr 6	Gr 7	Gr 8	Gr 9	Gr 10	Gr 11	Gr 12
Gr 1	-	1	20	8	8	145	747	81	72	0	0	38
Gr 2							1				0	0
Gr 3							1				0	0
Gr 4							14				0	0
Gr 5											0	0
Gr 6											0	0
Gr 7											0	1
Gr 8										1	3	294
Gr 9											1	2
Gr 10												2
Gr 11												0
Gr 12												1
	Totale primêre skole (prog. 2.1)						1 029	Sekondêre skole (prog. 2.2)				422

**Nota:** Die grade in die linkerkolom dui die laagste graad beskikbaar in elke skool aan, en die grade in die boonste ry dui die hoogste graad aan. **Bronne:** Jaarorsig van Skole (2005).

ST205	OPENBARE GEWONE SKOOLONDERWYS – Inskrywings- en vloeikoersbesonderhede (2005)					
	Leerders	Leerders 2005	Herhalers	Herhalerkoers	Uitsakkers	Uitsakkoers
Gr 1	104 105	93 515	6 413	6.86%	2 031	2.2%
Gr 2	82 130	94 231	3 658	3.88%	- 8	0.0%
Gr 3	81 489	80 695	2 685	3.33%	- 669	-0.8%
Gr 4	76 781	80 809	2 866	3.55%	- 402	-0.5%
Gr 5	66 060	74 984	2 491	3.32%	116	0.2%
Gr 6	82 574	66 141	2 798	4.23%	1 789	2.7%
Gr 7	89 614	81 953	1 860	2.27%	2 664	3.3%
<b>Totaal Gr 1 TO 7</b>	<b>582 753</b>	<b>572 328</b>	<b>22 771</b>	<b>3.98%</b>	<b>5 521</b>	<b>1.0%</b>
Gr 8	85 053	88 778	5 063	5.70%	4 348	4.9%
Gr 9	78 964	82 169	7 221	8.79%	2 318	2.8%
Gr 10	80 756	81 577	17 095	20.96%	16 749	20.5%
Gr 11	54 199	56 657	6 304	11.13%	7 778	13.7%
Gr 12	39 451	39 303	1 787	4.55%	0	0.0%
<b>Totaal Gr 8 TO 12</b>	<b>338 423</b>	<b>348 484</b>	<b>37 470</b>	<b>10.75%</b>	<b>31 193</b>	<b>9.0%</b>

**Voetnota**

- Alle syfers verteenwoordig die situasie in die skooljare 2004 en 2005.
- - Bron – 2004 en 2000 Jaarorsig.
- 'Herhalerkoers' is 'Herhaler' gedeel deur die inskrywing vir daardie graad in die vorige jaar.
- 'Uitsakkers' is die aantal leerders wat gedurende die vorige jaar uit daardie graad uitgesak het. Dit word bereken as inskrywings in daardie graad in die vorige jaar, minus inskrywings in die volgende graad in die huidige jaar, minus herhalers in dieselfde graad in die huidige jaar, plus herhalers in die volgende graad in die huidige jaar.



ST206	OPENBARE GEWONE SKOOLONDERWYS – Opvoeder- en leerderbywoning (2004)			
	Hoofdetelling	Potensiële leer- en onderrigdael	Dae verloor	% dae verloor
<b>OPVOEDERS</b>				
2.1 Openbare primêre skole	15 156	3 031 200	146 440	4.83%
2.2 Openbare sekondêre skole	9 448	1 889 600	91 288	4.83%
<b>TOTAAL</b>	<b>24 604</b>	<b>4 920 800</b>	<b>237 728</b>	<b>4.83%</b>
<b>LEERDERS</b>				
2.1 Openbare primêre skole	572 328	114 465 600	Data nog nie in hierdie formaat beskikbaar nie	
2.2 Openbare sekondêre skole	348 484	69 696 800		
<b>TOTAAL</b>	<b>920 812</b>	<b>184 162 400</b>		

ST207	OPENBARE GEWONE SKOOLONDERWYS – Leerder/opvoederverhoudings per kwintiel (2005)					
	Leerders	Opvoeders in openbare diens	Open- bare L:O	Opvoeders in private diens	Totale opvoeders	Werklike L:O- verhouding
<b>2.1 Openbare primêre skole</b>	583 937	15 156	39	1 987	17 143	34
Kwintiel 1 (swakste)	108 061	2 805	39	368	3 172	34
Kwintiel 2	116 125	3 014	39	395	3 409	34
Kwintiel 3	124 357	3 228	39	423	3 651	34
Kwintiel 4	119 650	3 105	39	407	3 513	34
Kwintiel 5 (minste swak)	115 744	3 004	39	394	3 398	34
<b>2.1 Openbare sekondêre skole</b>	337 204	9 448	36	1 276	10 724	31
Kwintiel 1 (swakste)	75 867	2 125	36	287	2 412	31
Kwintiel 2	68 317	1 913	36	258	2 172	31
Kwintiel 3	59 187	1 658	36	224	1 882	31
Kwintiel 4	65 109	1 824	36	246	2 070	31
Kwintiel 5 (minste swak)	68 754	1 928	36	260	2 189	31

<b>ST208</b>	<b>OPENBARE GEWONE SKOOLONDERWYS – Hulpbronne via die Skoolbefondsingsnorme (2005/06) verkry</b>			
<i>Programme/Regstatus/Armoede-kwintiele</i>	<i>Skole</i>	<i>Totale besteding (R'000)</i>	<i>Leerders</i>	<i>Besteding per leerder- R</i>
<b>2.1 Openbare primêre skole</b>				
Nie-Artikel 21-skole	462	68,039	247 939	274
Kwintiel 1 (swakste)	146	20,724	61 462	337
Kwintiel 2	97	17,808	58 701	303
Kwintiel 3	93	14,569	55 175	264
Kwintiel 4	102	12,714	60 090	212
Kwintiel 5 (minste swak)	24	2,224	12 511	178
Artikel 21-skole	643	74,103	335 998	221
Kwintiel 1 (swakste)	156	15,777	46 599	339
Kwintiel 2	111	17,464	57 424	304
Kwintiel 3	89	17,876	69 182	258
Kwintiel 4	89	12,137	59 560	204
Kwintiel 5 (minste swak)	198	10,849	103 233	105
<b>TOTAAL</b>	<b>1 105</b>	<b>142,142</b>	<b>583 937</b>	<b>243</b>
<b>2.2 Openbare sekondêre skole</b>				
Nie-Artikel 21-skole	138	57,934	154 628	375
Kwintiel 1 (swakste)	46	23,118	56 063	412
Kwintiel 2	38	15,279	39 174	390
Kwintiel 3	26	10,151	28 543	356
Kwintiel 4	25	8,478	27 642	307
Kwintiel 5 (minste swak)	3	908	3 206	283
Artikel 21-skole	208	50,609	182 606	277
Kwintiel 1 (swakste)	18	8,092	19 804	409
Kwintiel 2	28	11,209	29 143	385
Kwintiel 3	30	10,654	30 644	348
Kwintiel 4	45	11,098	37 467	296
Kwintiel 5 (minste swak)	87	9,556	65 548	146
<b>TOTAAL</b>	<b>346</b>	<b>108,543</b>	<b>337 234</b>	<b>322</b>
<b>Totaal vir Nie-Artikel 21-skole</b>	<b>600</b>	<b>125,973</b>	<b>402 567</b>	<b>313</b>
<b>Totaal vir Artikel 21-skole</b>	<b>851</b>	<b>124,712</b>	<b>518 604</b>	<b>240</b>
<b>Totaal vir Kwintiel 1</b>	<b>366</b>	<b>67,711</b>	<b>183 928</b>	<b>368</b>
<b>Totaal vir Kwintiel 2</b>	<b>274</b>	<b>61,760</b>	<b>184 442</b>	<b>335</b>
<b>Totaal vir Kwintiel 3</b>	<b>238</b>	<b>53,250</b>	<b>183 544</b>	<b>290</b>
<b>Totaal vir Kwintiel 4</b>	<b>261</b>	<b>44,427</b>	<b>184 759</b>	<b>240</b>
<b>Totaal vir Kwintiel 5</b>	<b>312</b>	<b>23,537</b>	<b>184 498</b>	<b>128</b>
<b>GROOTTOTAAL</b>	<b>1 451</b>	<b>250,685</b>	<b>921 171</b>	<b>272</b>
Prog. 2 nie-personeel nie-kapitaal-begroting		661,252		
Vlak van 'bo-sny'		62.1%		

### B.3 Subsidies vir Onafhanklike Skole

Die volgende is die meetbare doelwitte (▲) wat op Program 3 betrekking het, en hul prestasiemaatstawwe (▶)

	<i>Meetbare doelstellings.</i>	<i>Prestasiemaatstawwe</i>
<i>Gehalte</i>	▲ Om te verseker dat gehalteonderwys in onafhanklike skole plaasvind.	▶ PM391: Persentasie befondste onafhanklike skole wat vir moniteringsdoeleindes besoek is

#### Gespesifiseerde beleidsbepalings, prioriteite en strategiese doelwitte

- **Strategiese doelstellings en doelwitte**

Om toegang tot gehalteonderwys te verseker vir alle kinders wat in die provinsie woon.

- Om onafhanklike skoolonderwys wat armer gemeenskappe bedien, op 'n gyskaal te ondersteun as 'n aanvulling by openbare skoolonderwys.

- **Beleidsbepalings en prioriteite:**

Alle onafhanklike skole wat by die WKOD as geskik geregistreer is, afhangende van die Norme en Standaard-befondsing vir Onafhanklike Skole, ontvang maksimum subsidies gelyk aan 60% van die koste per leerder in die openbare skole. Alle onafhanklike skole wat om 'n subsidie aansoek doen, en geskik is vir befondsing in terme van die Norme en Standaard-beleid, ontvang 'n subsidie.

Dit is vir die WKOD nodig om te verseker dat gehalte-onderwys in onafhanklike skole plaasvind, en in dié verband sal skole gemoniteer word.

#### Vorderingsontleding

Daar is tans 180 onafhanklike skole in die Wes-Kaap. Hierdie skole akkommodeer 'n verskeidenheid leerders uit uiteenlopende sosio-ekonomiese agtergronde, en hulle is belangrike en gewaardeerde vennote in die lewering van onderwys in die provinsie.

Die WKOD voorsien tans subsidies aan 78 onafhanklike skole in die Wes-Kaap. Hierdie onafhanklike skole voorsien leergeleenthede aan benadeelde leerders in die provinsie.

#### Ontleding van beperkinge, en maatreëls wat beplan is om dit te bowe te kom

'n Paar onafhanklike skole het baie swak prestasierekords in die sistemiese toetsing op die Graad 3 en 6-vlakke en in Graad 12. Daar is ook gereeld klagtes van leerlinge en ouers. Die WKOD beplan om beslis met hierdie skole op te tree en te verseker dat hulle gederegistreer word indien hulle in gebreke bly om gehalteonderwys te voorsien.

Die deurvoer en lewering van onafhanklike skole wat subsidies ontvang, word noukeurig gemoniteer, en subsidies word dienoreenkomstig aangepas.

ST301	SUBSIDIES AAN ONAFHANKLIKE SKOLE – Sleutelendense						
	2003/04	2004/05	2005/06	2006/07	2007/08	2008/09	
	Werklike	Werklike	Geskatte	Geskatte	Geskatte	Geskatte	
<b>BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)</b>							
3.1 Primêre fase	14,385	15,673	18,335	19,270	20,195	21,104	
3.2 Sekondêre fase	11,858	14,088	14,136	14,857	15,570	16,271	
<b>TOTAAL</b>	26,243	29,761	32,471	34,127	35,765	37,375	
<b>BETALINGS PER EKONOMIESE INDELING (R'000)</b>							
Lopende betaling	26,243	29,761	32,471	34,127	35,765	37,375	
Vergoeding van werknemers	-	-	-	-	-	-	
Goedere en dienste	-	-	-	-	-	-	
Oordragte en subsidies	26,243	29,761	32,471	34,127	35,765	37,375	
Betalings vir kapitale bates	-	-	-	-	-	-	
<b>TOTAAL</b>	26,243	29,761	32,471	34,127	35,765	37,375	
<b>PERSONEEL</b>							
Aantal Opvoeders (in openbare diens)	-	-	-	-	-	-	
<b>INSKRYWING</b>							
Leerders in onafhanklike skole wat 'n subsidie ontvang	16 580	16 747	16 837	17 005	17 175	17 347	
3.1 Primêre fase	10 863	10 973	11 177	11 289	11 402	11 516	
3.2 Sekondêre fase	5 716	5 774	5 660	5 717	5 774	5 832	
Leerders in nie-gesubsidieerde onafhanklike skole							
Grade 1 tot 7							
Grade 8 tot 12							
<b>TOTAAL (alle leerders in onafhanklike skole)</b>	16 580	16 747	16 837	17 005	17 175	17 347	
<b>INSTANSIES</b>							
Skole wat 'n subsidie ontvang	75	75	81	81	81	81	
3.1 Primêre fase	55	55	60	60	60	60	
3.2 Sekondêre fase	20	20	21	21	21	21	
Skole wat nie 'n subsidie ontvang	100	100	104	104	104	104	
<b>TOTAAL</b>	175	175	185	185	185	185	
Gesubsidieerde skole wat gedurende die jaar vir moniteringsdoelendes besoek is (b)	-	-	-	39	39	39	
<b>► PRESTASIEMAATSTAF</b>							
► PM391: Persentasie befondste onafhanklike skole wat vir moniteringsdoelendes besoek is (b/a)	-	-	-	48.0%	48.0%	48.0%	

<b>ST302      SUBSIDIES VIR ONAFHANKLIKE SKOLE – Hulpbronne via die Skoolbefondsingsnorme (2005) verkry</b>				
<i>Subsidievlak</i>	<i>Skole</i>	<i>Totale besteding (R'000)</i>	<i>Leerders</i>	<i>Besteding per leerder R</i>
60% (armste)	15	17 661	5 719	3 088
40%	24	9 072	4 122	2 201
25%	18	3 684	2 651	1 390
15%	16	1 815	2 262	802
0% (minste arm)	5	239	2 083	115
<b>TOTAAL</b>	<b>78</b>	<b>32 471</b>	<b>16 837</b>	<b>1 929</b>
<p><b>Nota:</b> Subsidievlakke is aan fooivlakke verwant op 'n vyfpunt progressiewe skaal. Skole waarvan die heffing op die laagste vlak is, sal vir die hoogste vlak van subsidie kwalifiseer. Skole wat fooie hef wat meer is as 2.5 maal die afsonderlike provinsiale gemiddelde skattings per leerder in die Primêre of Sekondêre fases van openbare gewone skole respektiewelik, word gereken dat hulle 'n hoogs welvarende klandisie bedien, en hulle sal 0% subsidie uit openbare fondse ontvang. Bron: Kennisgewing 20 van 2003</p>				

## B.4 Openbare Spesiale Skoolonderwys

Die volgende is die meetbare doelwitte (▲) wat op Program 4 betrekking het, en hul prestasiemaatstawwe (▶)

	<i>Meetbare doelstellings.</i>	<i>Prestasiemaatstawwe</i>
<i>Toegang</i>	▲ Om toegang tot spesiale skole te voorsien ooreenkomstig die beginsels van inklusiewe onderwys	▶ PM491: Persentasie kinders van verpligte skoolgaande ouderdom met spesiale behoeftes wat nie by onderwysinrigtings ingeskryf is nie

### Gespesifiseerde beleidsbepalings, prioriteite en strategiese doelwitte

- **Strategiese doelstellings en doelwitte**

Om toegang tot gehalteonderwys te verseker vir alle kinders wat in die provinsie woon

- Om plekke in openbare spesiale skole te voorsien ooreenkomstig beleid en die beginsels van inklusiewe onderwys
- Om toegang tot openbare spesiale skoolonderwys vir leerders uit voorheen benaadeelde groepe te verbeter
- Om sielkundige, sosiale, mediese, terapeutiese en leerondersteuning aan leerders te bied
- Om doeltreffende en inklusiewe onderwys vir leerders met spesiale onderwysbehoefte te bevorder
- Om te verseker dat die deurvloei van leerders deur openbare spesiale skole optimaal is
- Om die hoogste moontlike opvoedkundige uitkomst onder leerders in openbare spesiale skole te verwesenlik

Om doeltreffende bestuur en beheer in alle leerstandplase en ondersteuningstrukture te verseker

- Om ondersteuning en ontwikkeling van bestuur en beheer nader aan die skole te bring deur die werk van die OBOS'e en ander professionele dienste
- Om optimale en billike verspreiding van finansiële, fisiese en menslike hulpbronne oor die stelsel heen te verwesenlik
- Om die kennis en vaardighede van skoolprinsipale d.m.v. geteikende opleiding en ondersteuning te verbeter
- Om die kennis en vaardighede van skoolbeheerliggame d.m.v. geteikende opleiding en ondersteuning te verbeter
- Om bestuur van die kurrikulum en assesseringsprosesse te verbeter
- Om finansiële bestuur en gehalteverbetering op alle vlakke te verbeter in lyn met provinsiale beleid en die wetgewende raamwerk
- Om professionele ondersteuning aan alle openbare spesiale skole te voorsien

Om opvoeders toe te rus en te ondersteun in hul pogings om doeltreffende opvoeding te voorsien

- Om opvoeders by die openbare spesiale skole te voorsien, ooreenkomstig beleid
- Om te verseker dat die provinsie voldoende getalle toepaslik opgeleide opvoeders in diens neem
- Om pogings te ondersteun om onderwysstudente vir voordiens-opleidingsinstansies te werf
- Om die professionele gehalte van die onderwyserskorps deur voortgesette professionele ondersteuning te ontwikkel
- Om die potensiaal van media en tegnologie (e-onderwys en IKT) te ontwikkel ten einde onderrig en leer te verbeter en kurrikulumondersteuning te voorsien
- Om opvoeders toe te rus om doeltreffende kurrikulumontwikkeling, lewering en ondersteuning te verseker
- Om gefokuste programme vir opvoederontwikkeling deur die Kaapse Onderwysinstituut (KOI) van stapel te stuur
- Om gespesialiseerde onderwysondersteuning aan onderwysers te voorsien
- Om menslikehulpbronontwikkeling te voorsien, ingevolge die Wet op Vaardigheidsontwikkeling

- **Beleidsbepalings en prioriteite:**

Onderwyswitskrif 6 toon aan hoedat die huidige spesiale onderwysstelsel in 'n inklusiewe onderwys- en opleidingstelsel getransformeer behoort te word. Dit spel onder meer uit hoedat hoofstroomskole in vollediensskole ontwikkel behoort te word wat in staat sal wees om leerders te akkommodeer wat matige ondersteuning nodig het; hoedat spesiale skole in hulpbronsentrums vir hoofstroomskole ontwikkel behoort te word; die ontwikkeling van distriksondersteuningspanne; en die ontwikkeling van institusionele ondersteuningspanne.

Die vestiging van twee nuwe vaardigheidskole (in Mitchell's Plain en Khayelitsha)

## **Vorderingsontleding**

Die slaagsyfer vir Graad 12-leerders in 2005 was uitstekend. Die gemiddelde slaagsyfer vir 2005 was 93%. Vier spesiale skole het 'n slaagsyfer van 100% gehad.

Die ontoeganklikheid van die arbeidmark het 'n uitwerking op die vermoë van sommige skoolverlaters van spesiale skole om gepaste werk te kry. Dit moet egter in die gedagte gehou word dat leerders van vaardigheidskole geneig is om makliker in diens geneem te word as dié uit ander spesiale skole, of selfs hoofstroomskole.

## **Ontleding van beperkinge, en maatreëls wat beplan is om dit te bowe te kom**

Daar is 'n beduidende toename in die aantal verwysings van leerders met leerhindernisse vir plasing in spesiale skole. Die grootste behoefte is vir die plasing van leerders in jeugsentrums en vaardigheidskole. Aandag word aan die rasionalisering van dienste gegee met die oog daarop om die behoeftes van die WKOD te akkommodeer.

Dit spreek vanself dat ondersteuning van hierdie sektor moet voortduur, aangesien die sektor onderwys vir diegene met leerhindernisse dek, sowel as dié wat konvensioneel as "begaafde leerders" bekend staan. Dit is egter te betwyfel of hulpbrontoewysing vir hierdie sektor in die kort termyn verhoog kan word, maar dit is noodsaaklik dat ons dit wel doen aangesien die aanvraag groot is, en ons tans toegang vir slegs 'n paar kan bied. Miskien is dit belangriker om die vestiging van meer vaardigheidskole te oorweeg, aangesien hierdie skole in staat is om daardie leerders te akkommodeer wie se vermoëns hulle slegs in staat stel om vaardighede soos metaalwerk, stoffering ens. te verwerf, en waarmee hulle in staat sal wees om die arbeidsmark te betree, en selfs die kleinsakewêreld in die vorm van ondernemings op hul gekose onderwysterrein. Twee nuwe vaardigheidskole word beplan, vir Mitchell's Plain en Khayelitsha

Die OBOS'e en hul verskillende strukture besoek die spesiale skole en staan hulle by met kapasiteitsbou in terme van verskillende scenario's en aksies wat uitgevoer moet word, bv. die aanstel van nuwe beheerliggame, finansiële sake, kurrikulum, ens. Voortgesette intervensies m.b.t. die opleiding van lede van SBS'e sluit die volgende in: kurrikulumbestuur, dissipline, vroue in leierskap, die jongste wysigings tot wette en bekragtigde resolusies.

Die transformeer van spesiale skole in hulpbronsentrums, in lyn met Onderwyswitskrif 6, dra by tot 'n toename in die steun wat verleen word aan leerders met spesiale onderwysbehoefte in hoofstroomskole. Indiensopleiding word vir OBOS-ondersteuningspersoneel voorsien (bane vir responsvermoëns, beradingsvaardighede vir herstel, en ontwikkelingsprogramme om op die ontwikkelingsbehoefte van moeilike leerders te reageer), opvoeders by jeugsentrums (geakkrediteerde opleiding in werk m.b.t. jeug- en kindersorg, beradingsvaardighede vir herstel en ontwikkelingsprogramme), terapeute en maatskaplike werkers.

ST401	OPENBARE SPESIALE SKOOL ONDERWYS – Sleutelkennense						
	2003/04	2004/05	2005/06	2006/07	2007/08	2008/09	
	Werklike	Werklike	Geskatte	Geskatte	Geskatte	Geskatte	
<b>BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)</b>							
4.1 Skole	325,294	345,224	364,284	382,438	405,647	430,480	
4.2 Professionele dienste	-	-	1	1	1	1	
4.3 Menslikehulpbronontwikkeling	-	-	1	1	1	1	
<b>TOTAAL</b>	<b>325,294</b>	<b>345,224</b>	<b>364,286</b>	<b>382,440</b>	<b>405,649</b>	<b>430,482</b>	
<b>BETALINGS PER EKONOMIESE INDELING (R'000)</b>							
Lopende betaling	263,628	275,434	292,522	309,193	329,040	350,425	
Vergoeding van werknemers	261,725	273,315	289,413	305,278	323,986	344,994	
Opvoeders	201,976	216,114	237,234	249,748	262,547	279,445	
Nie-opvoeders	59,749	57,201	52,179	55,530	61,439	65,549	
Goedere en dienste	1,903	2,119	3,109	3,915	5,054	5,431	
Ordragte en subsidies	61,666	69,790	71,264	73,247	76,609	80,057	
Betalings vir kapitale bates	-	-	500	-	-	-	
<b>TOTAAL</b>	<b>325,294</b>	<b>345,224</b>	<b>364,286</b>	<b>382,440</b>	<b>405,649</b>	<b>430,482</b>	
<b>PERSONEEL</b>							
Aantal Opvoeders (in openbare diens)	1 544	1 544	1 544	1 544	1 544	1 544	
Aantal Nie-opvoeders (in openbare diens)	903	906	906	906	906	906	
<b>INSKRYWING</b>							
Tot en met Graad 7	4 031						
Graad 8 en hoër	10 791						
Data nie beskikbaar nie							
<b>INSTANSIES EN INFRASTRUKTUUR</b>							
Skole	76	70	70	70	70	70	
<b>► PRESTASIEMAATSTAWWE</b>							
► PM401 : Persentasie kinders van verpligte skoolgaande ouderdom met spesiale behoeftes wat nie by onderwysinrigtings ingeskrif is nie	2%	2%	2%	2%	2%	2%	



## B.5 Verdere Onderwys en Opleiding

Die volgende is die meetbare doelwitte (▲) wat op Program 5 betrekking het, en hul prestasiemaatstawwe (▶)

	<i>Meetbare doelstellings.</i>	<i>Prestasiemaatstawwe</i>
<i>Toegang</i>	▲ Om die VOO-kollegesektor in terme van die ekonomiese en maatskaplike behoeftes van die land uit te brei	▶ PM501: Persentasie studente aan VOO-kolleges, relatief tot die jeug in die provinsie
<i>Gelykheid</i>	▲ Om die deelname van histories gemarginaliseerde groepe in VOO-instansies te bevorder.	▶ PM502: Persentasie vroulike studente wat in tegniese velde is
<i>Uitset</i>	▲ Om die suksesverhouding in die VOO-kollegesektor te verbeter	▶ PM503: Slaagverhouding in VOO-kolleges
<i>Gehalte</i>	▲ Om relevante en deelnemende leergeleenthede van gehalte in VOO te voorsien	▶ PM504: Persentasie leerders wat deur VOO-kolleges in leerlingskappe geplaas is

### Gespesifiseerde beleidsbepalings, prioriteite en strategiese doelwitte

- **Strategiese doelstellings en doelwitte**

Om toegang tot gehalteonderwys in VOO-kolleges vir almal in die provinsie te verseker

- Om leerderakkommodasie in VOO-kolleges te voorsien, in lyn met beleid
- Om kennis van en toegang tot VOO-kollegeonderwys vir leerders uit voorheen gemarginaliseerde groepe te verbeter
- Om die aantal VOO-leerders te verhoog wat in toepaslike programme by kolleges ingeskryf is, veral leerders uit voorheen gemarginaliseerde groepe
- Om die ontwikkeling van programme te bevorder wat gevoelig is vir die maatskaplike en ekonomiese behoeftes van die provinsie
- Om lenings aan leerders uit arm agtergronde te voorsien wat graag by VOO-kolleges wil studeer
- Om leerderondersteuningseenhede by elke kollege te vestig om te help met werwing, ondersteuning en plasing

Om doeltreffende bestuur en beheer in alle leerstandplase en ondersteuningstrukture te verseker

- Om 'n optimale en billike verspreiding van finansiële, fisiese en menslike hulpbronne oor die stelsel heen te verwesenlik
- Om die kennis en vaardighede van hoof uitvoerende beamptes (HUB's) by VOO-kolleges deur geteikende opleiding en ondersteuning te verbeter
- Om die kennis en vaardighede van die rade van VOO-kolleges d.m.v. geteikende opleiding en ondersteuning te verbeter
- Om bestuur van die kurrikulum en assesseringsprosesse te verbeter
- Om finansiële bestuur en gehalteverbetering op alle vlakke te verbeter in lyn met provinsiale beleid en die wetgewende raamwerk
- Om professionele ondersteuning aan alle VOO-kolleges te voorsien

Om opvoeders toe te rus en te ondersteun in hul pogings om doeltreffende opvoeding te voorsien

- Om opvoeders by VOO-kolleges te voorsien, in lyn met beleid
- Om die professionele gehalte van die onderwyserskorps deur voortgesette professionele ondersteuning te ontwikkel
- Om die potensiaal van media en tegnologie (e-onderwys en IKT) te ontwikkel ten einde onderrig en leer te verbeter en kurrikulumondersteuning te voorsien
- Om opvoeders toe te rus om doeltreffende kurrikulumontwikkeling, lewering en ondersteuning te verseker

- **Beleidsbepalings en prioriteite:**

Die herkapitalisering van al 6 die VOO-kolleges met die fokus op vaardigheidsontwikkeling in lyn met die MEOS en nasionale behoeftes, soos deur die Nasionale Strategie vir die Ontwikkeling van Menslike Hulpbronne uitgestippel. Die instelling van 'n voorwaardelike toekenning vir die herkapitalisering van die VOO-kolleges sal hierdie strategie befonds.

Die deelname- en suksesverhouding van leerders, veral swart leerders, wat in die VOO-band by kolleges deelneem, sowel as die aantal VOO-leerders wat kwalifiseer vir toegang tot hoër onderwys, moet soos volg verhoog word:

- Vermeerder die aantal leerders van 16 - 22 jaar wat by die kolleges ingeskryf is
- Vermeerder die aantal leerders wat vir volle kwalifikasies ingeskryf is
- Verhoog die aantal leerders wat vir hoër onderwys kwalifiseer
- Bied en evalueer nuwe programme wat op die behoeftes van die ekonomie reëlsonder
- Lei dosente in nuwe VOO-kolleges op
- Hou leerderondersteuningseenhede by elkeen van die ses kolleges in stand, en speur leerders na wat afstudeer
- Bied lenings aan behoeftige leerders
- Hou rekenaarlaboratoriums in stand
- Verseker dat alle leerders in IKT opgelei word

## Vorderingsontleding

Die huidige VOO-kurrikulum is gebaseer op Verslag 191 (Formele Onderrigprogramme vir Tegniese Kolleges in die RSA) en Verslag 190 (Norme en Standaarde vir Onderrigprogramme en die Eksaminering en Sertifisering daarvan in Tegniese Kollege-onderwys). Hierdie kurrikulum- en programaanbiedings sal in die tydperk tot 2008 deur 'n raamwerk vervang word wat aan 16 tot 20-jariges meer buigsame en simpatieke onderwys- en opleidingsprogramme bied. Die raamwerk vir VOO bied drie bane na die VOOS of NSS Vlak 4-sertifikate, naamlik:

- Algemeen akademies
- Algemeen beroeps
- Beroeps – ambag, operasioneel, professioneel

Dit beteken dat Verslag 191-programme geleidelik uitgefaseer word en relevante kwalifikasies en programme ingefaseer word.

VOO-kolleges het reeds met die proses begin om nuwe kursusse en kwalifikasies te ontwikkel wat op Eenheidstandaarde gebaseer is. Hierdie programontwikkelingsfase is aansienlik versterk deur die *iKapa Elihlumayo*-toekening vir die ontwikkeling van vlak 2 tot 4-programme.

Soos met VOO-skole sal die provinsie 'n proses van kurrikulumregstelling aktief dryf om te verseker dat 'n wye reeks programme in alle distrikte aangebied word. Dit sal noukeurige beplanning en sterk herstelaksie deur die herkapitalisering van kolleges vereis, veral die voorsiening van werkswinkels en toerusting en gespesialiseerde onderwyspersoneel.

Geteikende programme stel opvoeders by kolleges in staat om hul wiskundige geletterdheid en wiskundevaardighede op te gradeer, om hul akademiese en beroepskwalifikasies op te gradeer, en om leer te assesser ten einde aan Umalusi- en SETA-standaarde te voldoen en leerhindernisse die hoof te bied.

Kolleges ontwikkel ook strategieë om toegang tot VOO-kolleges te verbreed, soos byvoorbeeld:

- 'n Verskeidenheid leweringstipes (e-leer, afstandleer, leerlingskappe, vaardigheidsprogramme, ens.)
- Fasiliteite en opleiding wat aan die behoeftes van anders-bekwaamde leerders voldoen.
- Nuwe standplase vir die benadeelde en landelike gemeenskappe
- Beurs- en leningskemas

Die bevolking van 16 tot 20-jariges in die Wes-Kaap beloop 400 000, maar slegs 210 000 of 55% van die bevolking is by skole, kolleges of volwassenesentrums vir VOO-vlak kursusse ingeskryf (Grade 10, 11 en 12 of Vlak 2 tot 4 op die NKR). Digby 50% van leerders van enige leeftydgroep verlaat die skoolstelsel sonder om Graad 12 te voltooi, en met slegs 20 000 leerders in VOO-kolleges is dit duidelik dat die meerderheid van leerders kolleges nie as alternatiewe vir skole beskou nie. Terwyl sosio-ekonomiese faktore 'n beduidende rol speel by leerders wat die stelsel verlaat, is die relevansie van die vakaanbiedings en die vooruitsig dat die VOO-kwalifikasie tot indiensneming mag lei, faktore waaraan die onderwysstelsel aandag gee.

Daar is dus twee dimensies aan die doelstellings van toegang tot VOO: eerstens om te werk vir 'n meer gelyke balans tussen ingeskrewe by VOO-skole en VOO-kolleges; en tweedens om die aantal uit die bevolking van 16 tot 20-jariges in VOO-instansies te vergroot. In die mediumtermyn sal dit beteken dat teen 2014 die Graad 10 tot 12-leerders tot 160 000 leerders verminder sal word, en die aantal leerders by VOO-kolleges of dié wat vir leerlingskappe ingeskryf is, van 20 000 tot 60 000 vermeerder sal word.

## Ontleding van beperkinge, en maatreëls wat beplan is om dit te bowe te kom

Die groeitempo van voltydse ekwivalente (VTE's) in VOO-kolleges word slegs deur hulpbronne beperk, bv. personeel, toerusting, finansies ens. Daar is aanduidings dat teikens behaal sal word soos bykomende inskrywings gedurende die 2006-jaar opgeteken word. VOO-kolleges bied kursusse aan waarvan die tydsduur vanaf 'n paar uur tot jare strek. Leerderinskrywing vind derhalwe deurlopend plaas. Geouditeerde VTE's vir die voorafgaande jaar is slegs vanaf April in die daaropvolgende jaar beskikbaar aangesien hulle aan komplekse berekenings en ouditering deur eksterne ouditeurs onderworpe is, tesame met die finansiële state van die betrokke kollege.

Geteikende programme sal opvoeders by kolleges in staat stel om:

- Wiskundige geletterdheid en wiskundevaardighede op te gradeer
- Hul akademiese en beroepskwalifikasies op te gradeer
- Leer te assessee ten einde aan Umalosi- en SETA-standaarde te voldoen
- Leerhindernisse die hoof te bied.

Kolleges het leerderondersteuningseenhede gevestig om die wye verskeidenheid leerders met verskillende leeragtergronde en -ervarings te akkommodeer en steun aan hulle te verleen. Die interne naspeur van leerders sal gedoen word om leerders in kurrikulum- en werkplasing te ondersteun. Kolleges sal ook strategieë ontwikkel om toegang tot VOO-kolleges te verbreed, soos byvoorbeeld –

- 'n Verskeidenheid leweringwyses (e-leer, afstandleer, leerlingskappe, vaardigheidsprogramme, ens.)
- Fasiliteite en opleiding wat aan die behoeftes van anders-bekwaamde leerders voldoen.
- Nuwe standplase vir die benadeelde en landelike gemeenskappe
- Beursskemas

Die geloofwaardigheid en waarde van kwalifikasies wat by VOO-kolleges verwerf word, sal van die gehalte van hul programaanbod afhang. Kolleges sal gehaltebestuurstelsels ontwikkel en toepas ten einde die gehalte van akademiese en nie-akademiese prosesse te meet en te verbeter.

ST501	VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING – Sleuteldensense						
	2003/04 Werklike	2004/05 Werklike	2005/06 Geskatte	2006/07 Geskatte	2007/08 Geskatte	2008/09 Geskatte	
<b>BETALINGS PER EKONOMIESE INDELING (R'000)</b>							
5.1 Openbare instansies	145,255	152,383	165,337	189,857	200,932	211,820	
5.2 Professionele dienste	-	-	1	1	1	1	
5.3 Menslikehulpbronontwikkeling	-	-	1	1	1	1	
5.4 Voorwaardelike toekennings	-	-	-	70,000	80,000	77,305	
<b>TOTAAL</b>	145,255	152,383	165,339	259,859	280,934	289,127	
<b>BETALINGS PER EKONOMIESE INDELING (R'000)</b>							
Lopende betaling	114,546	121,977	131,222	154,843	164,256	173,495	
Vergeeding van werknemers	114,546	121,969	131,222	154,791	164,202	173,438	
Opvoeders	96,990	101,035	109,626	115,409	121,323	128,040	
Nie-opvoeders	17,556	20,934	21,596	39,382	42,879	45,398	
Goedere en dienste	-	8	-	52	54	57	
Oordragte en subsidies	30,709	30,406	34,117	105,016	116,678	115,632	
Betalings vir kapitale bates	-	-	-	-	-	-	
<b>TOTAAL</b>	145,255	152,383	165,339	259,859	280,934	289,127	
<b>PERSONEEL</b>							
Opvoeders	697	697	697	697	697	697	
In poste	697	697	697	697	697	697	
Deur die kollege in diens geneem							
Nie-opvoeders	258	299	349	349	349	349	
In poste	258	299	349	349	349	349	
Deur die kollege in diens geneem							
<b>INSKRYWING</b>							
Voltydse ekwivalente studente	17 099	19 350	21 000	23 000	25 000	27 000	
Studente (hoofgetelling) (a)	38 844	49 185	44 296	60 000	70 000	75 000	
van wie vroulikes	17 091	17 707	16 390	27 000	35 000	37 500	
van wie vroulikes in tegniese velde (d)							
Studente wat die program gedurende die jaar met wetslae voltooi het (c)	24 472	33 446	31 007	43 200	52 500	57 750	

ST501	<b>VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING - Sleuteltendense (vervolg)</b>										
	2003/04 Werklike	2004/05 Werklike	2005/06 Geskatte	2006/07 Geskatte	2007/08 Geskatte	2008/09 Geskatte					
<b>STATISTIEK OOR ADMINISTRATIEWE STELSELS</b>											
Aktiewe leeringskapoooreenkomste in die provinsie (d)											
Aantal ooreenkomste wat VOO-kolleges as voorsieners betrek (e)											
Data nie in hierdie formaat beskikbaar nie											
<b>PRESTASIEMAATSTAWWE</b>											
▶ PM501: Persentasie VOO-studente relatief tot die jeug in die provinsie											
16.1%		20.2%		18.2%		24.4%		28.2%		29.9%	
▶ PM502: Persentasie vroulike studente wat in tegniese velde is (b/a)											
Data nie in hierdie formaat beskikbaar nie											
▶ PM503: Slaagverhouding in VOO-kolleges (c/a)											
63.0%		68.0%		70.0%		72.0%		75.0%		77.0%	
▶ PM504: Persentasie leerders wat deur VOO-kolleges in leeringskappe geplaas is (e/d)											
Data nie in hierdie formaat beskikbaar nie											

## B.6 Basiese Volwassene Onderwys en Opleiding

Die volgende is die meetbare doelwitte (▲) wat op Program 6 betrekking het, en hul prestasiemaatstawwe: (▶)

	<i>Meetbare doelstellings.</i>	<i>Prestasiemaatstawwe</i>
<i>Toegang</i>	▲ Om te verseker dat volwassenes sonder basiese onderwys toegang tot BVOO-sentrums het	▶ PM601: Persentasie BVOO-leerders relatief tot die volwassenes in die provinsie

### Gespesifiseerde beleidsbepalings, prioriteite en strategiese doelwitte

- **Strategiese doelstellings en doelwitte:**

Om toegang tot BVOO en ontwikkeling van die vaardighede van volwassenes in lyn met beleid te verbeter

- Om die aantal leerders, veral vrouens, landelike en arm leerders wat vir BVOO- en VOOV-kursusse (Verdere Onderwys en Opleiding vir Volwassenes) ingeskryf is, elke jaar met 'n minimum van 2 500 te vermeerder
- Om doelgedrewe BVOO- en VOOV-kwalifikasies te ontwikkel en aan te bied
- Om vennootskappe met ander staatsdepartemente, SETA's en nie-regeringsorganisasies (NRO's) in die lewering van BVOO- en VOOV-kursusse te ontwikkel.
- Om die aantal volwasse leerders wat hul kwalifikasies in die BVOO- en VOOV-bande met welslae voltooi, te vermeerder.

Om doeltreffende bestuur en beheer in alle leerstandplase en ondersteuningstrukture te verseker.

- Om ondersteuning en ontwikkeling van bestuur en beheer nader aan GLS'e te bring deur die werk van die OBOS'e en ander professionele dienste.
- Om 'n optimale en billike verspreiding van finansiële, fisiese en menslike hulpbronne oor die stelsel heen te verwesenlik
- Om die kennis en vaardighede van GLS-bestuurders d.m.v. geteikende opleiding en ondersteuning te verbeter.
- Om die kennis en vaardighede van GLS-beheerliggame d.m.v. geteikende opleiding en ondersteuning te verbeter.
- Om bestuur van die kurrikulum en assesseringsprosesse te verbeter
- Om finansiële bestuur en gehalteverbetering op alle vlakke te verbeter in lyn met provinsiale beleid en die wetgewende raamwerk.
- Om professionele ondersteuning aan alle BVOO-standplase te voorsien.

Om opvoeders toe te rus en te ondersteun in hul pogings om doeltreffende opvoeding te voorsien.

- Om die professionele gehalte van die onderwyserskorps deur voortgesette professionele ondersteuning te ontwikkel.
- Om die potensiaal van media en tegnologie (e-onderwys en IKT) te ontwikkel ten einde onderrig en leer te verbeter en kurrikulumondersteuning te voorsien.
- Om opvoeders toe te rus om doeltreffende kurrikulumontwikkeling, lewering en ondersteuning te verseker.

- **Beleidsprioriteite:**

Voorsiening sal gemaak word vir 2 500 nuwe leerders per jaar om toegang tot BVOO te kry. Dit sal soos volg voorsien word:

- Doelgedrewe BVOO-vlak 1-, 2- en 3-kurrikulums – bestaande uit twee programaanbiedings, naamlik gesyferdheid en geletterdheid, wat in alle gemeenskapsleersentrums aangebied word
- Vlak 4-sentrums bied 'n seleksie van leerareas wat tot 'n doelgerigte AOOS-kwalifikasie vir die leerder in die konteks van die gemeenskap sal lei.
- Voorsiening van fisiese en finansiële hulpbronne om die BVOO-kurrikulum te ondersteun.
- Alle GLS'e ontvang 'n rekenaar en drukker
- Alle huidige opvoeders ontvang geteikende opleiding, en alle nuwe opvoeders ontvang oriëntering en opleiding
- Alle GLS-bestuurders ontvang geskikte opleiding (planne vir tegniese vaardighede en persoonlike ontwikkeling (op 'n deurlopende basis).

Die voorsiening van leerlingskappe, vakleerlingskappe, internskappe, en vaardigheidsprogramme wat by werkgeleenthede ingeskakel is, sal soos volg uitgebrei word –

- Speur die afstudeer en plasing van leerders na
- Vermeerder die aantal leerlingskappe wat in areas aangebied word wat deur MEOS geïdentifiseer is
- Verbeter deurvoer- en afstudeerkoers
- Pas plasinginstrumente toe

Die WKOD sal ook –

- Verbeterde beheer van BVOO-sentrums verseker deur die implementering van relevante kapasiteitsbou-intervensies

## **Vorderingsontleding**

In 2002 is 10 000 volwasse leerders vir BVOO-kursusse ingeskryf, en 16 000 vir Graad 10- en 12-programme. Die behoukoers en deurvoerkoers in sowel basiese as verdere onderwys by sentrums vir volwassenes (GLS'e) is swak, en die provinsie beoog om dit te verander deur meer toepaslike programme aan te bied, en d.m.v. verbeterde leweringsmeganismes.

Dit sal gedoen word deur 'n vaardigheidsgebaseerde (nie 'n skoolgebaseerde) BVOO-kurrikulum vir Vlak 1 – 4 te voorsien, wat gereelde geleenthede vir assessering bied. Dit beteken:

- 'n BVOO-kurrikulum vir Vlakke 1 en 2 wat uit programme vir gesyferdheid, geletterheid en vaardighede bestaan
- 'n BVOO-kurrikulum vir Vlakke 3 en 4 – wat uit die grondaspekte bestaan, en waar kernleerareas ingevoer word in lyn met die leerder/sentrum se studierigting in Vlak 4-BVOO

Voorsiening is gemaak vir 2 500 nuwe leerders per jaar om toegang tot BVOO te kry. "Nuwe leerders" word gedefinieer as leerders wat vir die eerste keer tot die stelsel toetree, en dié wat na 'n onderbreking van een jaar na die stelsel terugkeer. Afsonderlike statistiek sal gehou word om 'n ontleding van uitsakkers te fasiliteer.

Leerlingskappe, vakleerlingskappe, internskappe, en vaardigheidsprogramme fokus op leer in die werkplek en deur ervaring. Leerders is geneig om uit die werkloses (pre-werksames en afgedanktes) sowel as werksames, met inbegrip van self-geëmplojeerdes te kom, en hulle wissel m.b.t. ouderdom en het heel uiteenlopende behoeftes aan kurrikulumondersteuning. Suksesvolle leerders verwerf leerkrediete / kwalifikasies wat nasionaal erken word. Voorsiening van leerlingskappe is 'n kontraktuele vennootskap van die voorsiener, die werkplek, en die leerder. Die Departement van Arbeid, saam met die SETA's, is die nasionaal benoemde voorstander van hierdie stelsel van werkplekvoorsiening. Behalwe vir internskappe, wat die ervaringsleercomponent is wat vir sommige graad- of diplomakursusse op die hoër onderwysvlak vereis word, is die tendens dat hierdie leerprogramme vanaf BVOO- / NKR-Vlak 1 tot NKR Vlak-5 aangebied word.

## **Ontleding van beperkinge, en maatreëls wat beplan is om dit te bowe te kom**

Die meerderheid leerders verwerf die verlangde krediete oor 'n tydperk van minstens twee tot drie jaar. Sodra 'n leerder die verlangde 120 krediete verwerf het, kan 'n AOOS deur UMALOSI uitgereik word. Gevolglik is die aantal AOOS'e wat uitgereik word (werklike prestasie) relatief laag vergeleke met die teiken wat gestel is. Verder is leerareaserifikate uitgereik wanneer leerders 'n leerarea met welslae voltooi het.

Die ontwikkeling van intermediêre en hoë vaardighede in leerlingskappe en ander leerprogramme ervaar 'n aantal generiese probleme, en die oplossing daarvan moet d.m.v. 'n koördineringsmeganisme geprioritiseer word. Party van hierdie probleme is: swak wiskunde, wetenskap en Engelse taalvermoëns (veral die Grondslae van die NKR-stelsel); motivering van leerders: die ontwikkeling van billikheid en skaars vaardighede; die fragmentering van die voorsiening van onderwys en opleiding; en die uitbreiding van leerdergetalle in alle tipes voorsiening.

Ten einde die gehalte van voorsiening van volwasse onderwys te verbeter, sal toepaslike modelle vir onderrig- en kurrikulumbestuur by GLS'e ondersoek word. Daarbenewens sal 'n onderrig- en ontwikkelingsmodel vir personeel by BVOO-sentrums gevestig en geïmplementeer word. Die model sal verseker dat alle huidige opvoeders geteikende opleiding ontvang, en dat alle nuwe opvoeders oriëntering en opleiding en ontwikkeling ontvang.

Om op te som, die departement sal:

- Bestaande vennootskappe met die regering in stand hou, en nuwe vennootskappe met die nywerheid aangaan
- Die aantal nuwe leerders elke jaar met 2 500 vermeerder
- Vlak 1 tot 4-kwalifikasies wat op vaardighede gebaseer is, na behoefte voorsien
- IKT-vaardighede vir leerders voorsien.

ST601	BASIESE VOLWASSENE ONDERWYS EN OPLEIDING – Sleuteltendense						
	2003/04	2004/05	2005/06	2006/07	2007/08	2008/09	
	Werklike	Werklike	Geskatte	Geskatte	Geskatte	Geskatte	Geskatte
<b>BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)</b>							
6.1 Subsidies aan private sentrums	18,473	21,151	22,889	23,569	24,756	25,941	
6.2 Professionele dienste	-	-	1	1	1	1	
6.3 Menslikehulpbronontwikkeling	-	-	1	1	1	1	
<b>TOTAAL</b>	18,473	21,151	22,891	23,571	24,758	25,943	
<b>BETALINGS PER EKONOMIESE INDELING (R'000)</b>							
Lopende betaling	5,761	5,564	7,555	7,778	8,230	8,672	
Vergoeding van werknemers	5,102	5,198	5,766	5,929	6,292	6,646	
Opvoeders	5,102	4,372	4,775	5,027	5,285	5,576	
Nie-opvoeders	-	826	991	902	1,007	1,070	
Goedere en dienste	659	366	1,789	1,849	1,938	2,026	
Ordragte en subsidies	12,712	15,587	15,336	15,793	16,528	17,271	
Betalings vir kapitale bates	-	-	-	-	-	-	
<b>TOTAAL</b>	18,473	21,151	22,891	23,571	24,758	25,943	
<b>PERSONEEL</b>							
Aantal Opvoeders (in openbare diens)	4	4	4	4	4	4	
Aantal Nie-opvoeders (in openbare diens)	11	11	11	11	11	11	
<b>INSKRYWING</b>							
AOO-vlak	15 351	15 925	16 975	18 374	19 600	20 655	
VOO-vlak	15 978	16 574	17 668	19 124	20 400	19 845	
<b>TOTAAL (a)</b>	31 329	32 499	34 643	37 498	40 000	40 500	
<b>BEVOLKING</b>							
Bevolking van 18 tot 60 jaar (b)	2 555 910	2 581 727	2 607 544	2 633 620	2 659 956	2 666 555	
<b>INSTANSIES</b>							
Gesubsidieerde sentrums	312	314	346	351	356	361	
<b>► PRESTASIEMAATSTAWWE</b>							
► PM601 : Persentasie BVOO-leerders relatief tot die volwassenes in die provinsie (a/b)	1.2%	1.3%	1.3%	1.4%	1.5%	1.5%	



## B.7 Vroeëkindontwikkeling

Die volgende is die meetbare doelwitte (▲) wat op Program 7 betrekking het, en hul prestasiemaatstawwe (▶)

	<b>Meetbare doelstellings.</b>	<b>Prestasiemaatstawwe</b>
<i>Toegang</i>	▲ Om openbaar-befondsde Graad R te voorsien, in lyn met beleid	▶ PM221: Persentasie leerders in openbaar-befondsde Graad R

### Gespesifiseerde beleidsbepalings, prioriteite en strategiese doelwitte

- **Strategiese doelstellings en doelwitte:**

Om toegang tot gehalteonderwys te verseker vir alle kinders wat in die provinsie woon.

- Om Graad R-plekke in openbare gewone skole en in onderwysbefondsde gemeenskapsgebaseerde standplase te voorsien, ingevolge beleid, spesifiek Witskrif 5, en die beskikbaarheid van onderrigruimte
- Om toegang tot onderwys vir leerders uit voorheen gemarginaliseerde groepe te verbeter
- Om die aantal Graad R-programme te verhoog sodat alle kinders van vyf jaar wat in die Wes-Kaap woon, in Graad R-klasse ingeskryf is
- Om te verseker dat NKV-leeruitkomste onderrig en verwerf word in alle Graad R-klasse (skoolgereedheidstoetse sal gebruik word om dit te bepaal)
- Om hulpbronne te voorsien om die onderrig van die NKV Graad R in elke standplaas te ondersteun
- Om alle Graad R-onderwysers in die NKV op te lei
- Om hoë risiko leerders en hul leerhindernisse te identifiseer

Om doeltreffende bestuur en beheer in alle leerstandplase en ondersteuningstrukture te verseker

- Om ondersteuning en ontwikkeling van bestuur en beheer nader aan Graad R te bring deur die werk van die OBOS'e en ander professionele dienste
- Om 'n optimale en billike verspreiding van finansiële, fisiese en menslike hulpbronne oor die stelsel heen te verwesenlik
- Om die kennis en vaardighede van Graad R-personeel d.m.v. geteikende opleiding en ondersteuning te verbeter
- Om die kennis en vaardighede van beheerliggame d.m.v. geteikende opleiding en ondersteuning te verbeter
- Om bestuur van die kurrikulum en assesseringsprosesse te verbeter
- Om finansiële bestuur en gehalteverbetering op alle vlakke te verbeter in lyn met provinsiale beleid en die wetgewende raamwerk
- Om professionele ondersteuning aan alle Graad R-standplase te voorsien.

Om opvoeders toe te rus en te ondersteun in hul pogings om doeltreffende opvoeding te voorsien

- Om te verseker dat die provinsie voldoende getalle toepaslik opgeleide opvoeders in diens neem
- Om die professionele gehalte van die onderwyserskorps deur voortgesette professionele ondersteuning op die NKV te ontwikkel
- Om opvoeders toe te rus om doeltreffende kurrikulumontwikkeling, lewering en ondersteuning te verseker
- Om gespesialiseerde onderwysondersteuning aan onderwysers te voorsien

- **Beleidsprioriteite:**

'n Strategie om VKO in die Wes-Kaap te ondersteun, is deur 'n intersektorale beplanningspan ontwikkel wat deur die WKOD en die Departement van Maatskaplike Welsyn en Armoedeverligting gelei word.

Die algehele doel van die benadering is om 'n geïntegreerde en gekoördineerde benadering te voorsien ten einde die doeltreffende en holistiese dienste vir kinders in die ouderdomsgroep vanaf geboorte tot vier jaar oud te verseker. Die doel van die strategie is nie om alle kinders in crèches of dagsorgsentrums te kry nie, maar om te verseker dat diegene wat vir kinders sorg (ouers, grootouers, gemeenskapswerkers, en personeel by dagsentrus, pre-primêre skole en crèches) toegerus is om die fisiese, emosionele en kognitiewe ontwikkeling van kinders te bevorder.

As deel van die geïntegreerde benadering tot die fisiese, sosiale, en kognitiewe ontwikkeling van alle 0- tot 4-jariges wat in die provinsie woon, sal die WKOD versorgers in die VKO-kurrikulum oplei. Die Uitgebreide Openbare Werke-program (UOWP) is tot die VKO-sektor uitgebrei om vir die opleiding vir VKO-leierskappe voorsiening te maak, sowel as om hulpbronnepakkette aan sekere VKO-gemeenskapstandplase te voorsien.

Terwyl daar universele inskrywing van kinders van 6 tot 15 jaar in die Wes-Kaap is, het nie alle vyfjariges toegang tot Graad R nie. Die provinsie se tweede MHOS-doel is om teen 2010 leerprogramme van hoë gehalte aan alle vyfjarige kinders in die Wes-Kaap op die eerste vlak van formele onderwys te voorsien, naamlik Graad R, sodat hulle in vroeë lees- en syfervaardighede ingelei kan word. Dit is veral belangrik in gemeenskappe waar ouers ongeletterd, en huise arm aan tekste en hulpbronne is. Die NKV-kurrikulum spel die kennis en vaardighede uit wat vir vyfjariges geleer behoort te word. Die uitdaging vir die provinsie m.b.t. menslike hulpbronne is om te verseker dat NKV-leeruitkomste vir Graad R onderrig word, en deur leerders in Graad R-klasse verwerf word.

Ten einde Graad R-onderrig van hoë gehalte aan alle 5-jariges te voorsien sodat hulle gereed sal wees om op skool te leer, sal die WKOD –

- Subsidie op die armoedeglyskaal van R3 tot R7 per kind per dag voorsien vir die onderrig van Graad R-leerders. Dit word gebruik om onderwysers te betaal, LOOM te verkry, en standplase aan te skaf.
- Die aantal Graad R-leerders vermeerder sodat teen 2010 alle vyfjariges in Graad R-klasse sal wees.
- Onderwysopleiding aan onderwysers in die drie swakste kwintiele in die NKV te voorsien – met die klem op lees en gesyferdheid
- Hulpbronnepakkette vir die ontwikkeling van geletterdheid, gesyferdheid en lewensvaardighede by elke standplaas te voorsien
- Skoolgereedheidsprofile by alle Graad R-standplase toe te pas
- 'n Skoolgereedheidskontrolelys onder alle ouers, grootouers en staatsamptenare te versprei
- Steun te bied aan standplase wat nie aan die vereistes m.b.t. gesondheid en kognitiewe ontwikkeling voldoen nie.

## **Vorderingsontleding**

Indien konserwatiewe skattings van die deelnamekoers vir 2005 gebruik word, d.w.s. 56 000 uit 'n moontlike 80 000 leerders (ouderdomsgroep), sal 'n verdere 24 000 kinders in die periode tot 2010 bereik moet word. Maar hierdie kinders moet ook in programme van hoë gehalte ingeskryf word, want die voorsiening van Graad R-programme aan jong kinders berus op die veronderstelling dat hierdie programme 'n soliede grondslag en voordeel vir leer in die skool voorsien. Dit beteken dat 4 000 tot 6 000 bykomstige vyfjarige kinders elke jaar in die periode tot 2010 ingeskryf moet word. Hierdie veronderstelling word deur 'n aantal studies ondersteun, waaronder die nasionale sistemiese assesseringstudie van Graad 3-leerders wat in 2001 onderneem is. Hierdie studie toon 'n hoë korrelasie tussen prestasie in lees en gesyferdheid op die Graad 3-vlak, en toegang tot voorskoolse programme.

## **Ontleding van beperkinge, en maatreëls wat beplan is om dit te bowe te kom**

Beskikbaarheid van befondsing is 'n ernstige beperking. In ander provinsies sal die afname in die aantal leerders in die primêre skole die uitbreiding van Graad R moontlik maak. In-migrasie in die Wes-Kaap beteken dat hierdie roete nie vir die WKOD beskikbaar is nie.

Toegang tot baie landelike en afgeleë standplase bly 'n uitdaging vir die OBOS'e.

In die tydperk 2006 – 2010 sal die WKOD verseker dat –

- Alle kinders van vyf jaar wat in die Wes-Kaap woon, in Graad R-klasse ingeskryf is
- Die NKV-leeruitkomste onderrig en verwerf word in alle Graad R-klasse (skoolgereedheidstoetse sal gebruik word om dit te bepaal)
- LOOM-hulpbronne voorsien word om die onderrig van die NKV Graad R in elke standplaas te ondersteun
- Alle Graad R-onderwysers opgelei en ondersteun word om die NKV vir Graad R te lewer
- Skoolgebaseerde en distriksondersteuningspanne alle "risiko"-leerders identifiseer en bearbei
- Alle standplase elke drie jaar besoek word om veiligheid en die lewering van gehaltdiens te verseker.

ST701	VROEEKINDONTWIKKELING – Sleuteltendense						
	2003/04	2004/05	2005/06	2006/07	2007/08	2008/09	
	Werklike	Werklike	Geskatte	Geskatte	Geskatte	Geskatte	
<b>BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)</b>							
7.1 Graad R in openbare skole	43,753	49,243	48,697	52,434	55,748	59,002	
7.2 Graad R in gemeenskapsentrums	3,930	10,125	23,224	42,499	96,753	141,498	
7.3 Professionele dienste	-	-	1	1	1	1	
7.4 Menslikehulpbronontwikkeling	-	-	1	12,463	29,428	44,422	
7.5 Voorwaardelike toekennings	8,627	767	-	-	-	-	
<b>TOTAAL</b>	56,310	60,135	71,923	107,397	181,930	244,923	
<b>BETALINGS PER EKONOMIESE INDELING (R'000)</b>							
Lopende betaling	43,796	44,544	42,798	60,913	85,050	106,621	
Vergoeding van werknemers	43,609	42,170	41,686	45,249	48,241	51,157	
Opvoeders	43,609	42,170	41,686	45,249	48,241	51,157	
Nie-opvoeders	-	-	-	-	-	-	
Goedere en dienste	187	2,374	1,112	15,664	36,809	55,464	
Ordragte en subsidies	12,456	15,591	29,125	46,484	96,880	138,302	
Betalings vir kapitale bates	58	-	-	-	-	-	
<b>TOTAAL</b>	56,310	60,135	71,923	107,397	181,930	244,923	
<b>PERSONEEL</b>							
Aantal Opvoeders (in openbare diens)	332	315	289	289	289	289	
Aantal Nie-opvoeders (in openbare diens)	-	-	-	-	-	-	
<b>INSKRYWING (SLEGS OPENBAAR BEFONDS)</b>							
Graad R in openbare skole (a)	30 092	30 840	33 000	35 000	38 000	40,000	
Graad R in gemeenskapsentrums (b)	23 962	25 160	28 000	30 000	32 000	34 000	
Voor Graad R in openbare skole							
Voor Graad R in gemeenskapsentrums							
<b>TOTAAL</b>	54 054	56 000	61 000	65 000	70 000	74 000	
<b>BEVOLKING</b>							
Bevolking van 5 jaar oud (c)	83 075	83 914	84 753	85 601	86 457	87 321	
<b>PRESTASIEMAATSTAWWE</b>							
► PM701: Persentasie leerders in openbaar-befondsde Graad R ((a+b)/c)	65.1%	66.7%	72.0%	75.9%	81.0%	84.7%	

Data nie in hierdie formaat beskikbaar nie

## B.8 Hulp- en Verwante Dienste

Die volgende is die meetbare doelwitte (▲) wat op Program 7 betrekking het, en hul prestasiemaatstawwe (▶)

	<i>Meetbare doelstellings.</i>	<i>Prestasiemaatstawwe</i>
<i>Toegang</i>	▲ Om Onderwys in MIV/VIGS-Lewensvaardighede in primêre skole te voorsien	▶ PPM 801: Aantal opvoeders in primêre en sekondêre skole wat in die Lewensvaardighede-program vir MIV en VIGS opgelei is ▶ PPM 802: Aantal portuuropvoeders wat in die Lewensvaardighede-program vir MIV en VIGS opgelei is ▶ PPM 803: Aantal skole (SBS'e en SBL'e) wat in die bestuur van MIV en VIGS in hul skoolgemeenskap opgelei is

### Gespesifiseerde beleidsbepalings, prioriteite en strategiese doelwitte

- **Strategiese doelstellings en doelwitte:**

Om menslikehulpbronontwikkeling te voorsien, ingevolge die Wet op Vaardigheidsontwikkeling

- Om die Onderwys, Opleiding en Ontwikkelingspraktyke (OOOP) van die Sektorale Onderwys- en Opleidingowerhede (SETA) m.b.t. die administrasie van die sektor te ondersteun

Om voorsorg te maak vir opleiding in MIV/VIGS-lewensvaardighede in skole, en om toegang tot 'n geskikte en doeltreffende geïntegreerde voorkomingstelsel, sorg en ondersteuning te verseker

- Om opvoeders op te lei en te ondersteun om MIV/VIGS-lewensvaardighede in primêre en sekondêre skole via die kurrikulum te lewer: Lewensvaardighede/Lewensoriëntering en die invoer van MIV/VIGS-onderwys oor die kurrikulum heen in alle leerareas/vakke
- Om voorsiening te maak vir die ontwikkeling, seleksie, vertaling, verkryging en verspreiding van onderrig- en leerondersteuningsmateriaal ten einde doeltreffende onderrig in MIV/VIGS-lewensvaardighede in die klaskamer te ondersteun.
- Om 'n doeltreffende, gestruktureerde en gekoördineerde inisiatief vir portuuronderwys van adolessent tot adolessent in skole en VOO-kolleges te ontwikkel en te implementeer
- Om te verseker dat SBS'e en sleutelvertegenwoordigers van die ouers, die SBL, en die gemeenskap van die nodige opleiding voorsien word om 'n institusionele VIGS-respons te bestuur (wat die ontwikkeling van 'n plaaslik-toepaslike plan vir die beleid en bestuur van VIGS insluit – binne die konteks van die SOP)
- Om te verseker dat skole aan sleutelvoorspraakgeleenthede deelneem (soos Skole-Vigs-maand, Wêreld-VIGS-dag, ens.)
- Om 'n generiese opleidingsprogram vir Sorg en Ondersteuning vir skoolgemeenskappe te ontwikkel en te implementeer, met toepaslike materiële ondersteuning, op 'n manier wat plaaslike netwerkvorming en ondersteuning verseker
- Om 'n doeltreffende Provinsiale MIV/VIGS-Bestuurseenheid by hoofkantoor te verseker om hierdie respons te koördineer, sowel as distriksgebaseerde bestuurspanne
- Om die ontwikkeling en instandhouding van beleid, voorspraak, meesteropleiers, opvoederontwikkeling, distriksbestuur, tussensektorale samewerking en vennootskappe, gehaltesekerheid (deur monitering en evaluering), doeltreffende en doelmatige programlewing en finansiële bestuur te verseker

Om organisatoriese doeltreffendheid en doelmatigheid in die administrasie van die eksterne eksaminatore te bevorder

- Om die eksamens vir die Senior Sertifikaat en BVOO Vlak 4, en die sertifisering daarvan, te bestuur

Om opvoeders toe te rus en te ondersteun in hul pogings om doeltreffende opvoeding te voorsien

- Om te verseker dat die provinsie voldoende getalle toepaslik opgeleide opvoeders voorsien
- Om bystand te verleen met die voorsiening van gekwalifiseerde en bekwame onderwysers
- Om pogings te ondersteun om onderwysstudente vir voordiens-opleidingsinstansies te werf

Om die provinsiale doelstellings van *iKapa eliHlumayo* te ondersteun

- Om vaardighede en aanlegte van Graad 8-leerders te toets
- Om AOO- en VOO-onderwysers op te lei om loopbaanadvies te gee
- Om lenings aan leerders uit arm agtergronde te voorsien wat graag by VOO-kolleges wil studeer
- 'n Doenbaarheidstudie van voltydse VBOO-sentrums
- Vestiging van vaardigheidskole
- Uitbreiding en ontwikkeling van fokusskole

- **Beleidsbepalings en prioriteite:**

Die WKOD het 'n sleutelrol om te speel by die konseptualisering en voortdrywing van 'n MKOS as die voorste voorsiener van:

- AOO, wat die basis of fondament vir alle menslikehulpbronontwikkeling in die provinsie bied; en
- VOO, wat geleenthede bied vir die verdere ontwikkeling van die vaardighede en kennis wat nodig is vir indiensneming en ekonomiese deelname.

'n Belangrike behoefte vir die MKOS is die beskikbaarheid van goed gekwalifiseerde onderwysers, veral dié wat wiskunde, wetenskap en tegnologie onderrig. Geteikende beurse word aan studente gebied wat tot die beroep wil toetree. Sodanige beurse is vir studente beskikbaar wat na velde wil beweeg wat spesifiek deur navorsing geïdentifiseer is dié wat 'n behoefte aan meer onderwysers het.

Een van die ernstigste bedreigings vir die ontwikkeling van menslike hulpbronne in Suid-Afrika is die MIV/VIGS-pandemie. Die WKOD sal 'n strategiese rol speel om te verseker dat al die onderwysers en leerders bewus is van, en inligting het aangaande MIV/VIGS, deur die opleiding van –

- 16 000 onderwysers in die MIV/VIGS-Lewensvaardighede-program
- 6 500 hoërskoolleerders as eweknie-beraders
- 700 skole in die bestuur van MIV en VIGS in hul skoolgemeenskap
- 450 skole in die versorging en ondersteuning van leerders en onderwysers wat deur MIV/VIGS besmet en geaffekteer is

Armoede is nog 'n ernstige bedreiging vir die ontwikkeling van menslike kapitaal. In 'n poging om sekere van die gevolge van armoede aan te spreek, het die WKOD die Leningskema vir VOO-kolleges ingestel

Die Khanyaprojek sal rekenaarlaboratoriums in 'n verdere 200 skole vestig.

## Vorderingsontleding

Vordering met Voorwaardelike Toekenning vir MIV/VIGS:

- 80% van primêre skool opvoeders (12 000) is opgelei om teen April 2005 MIV/VIGS-lewensvaardighede in die klaskamer te implementeer
- 80% van primêre skool-opvoeders (12 000) is opgelei om teen April 2005 MIV/VIGS-lewensvaardighede in die klaskamer te implementeer
- 500 opvoeders vir Lewensvaardighede in sekondêre skole is teen April 2006 opgelei om onderrig te gee in MIV/VIGS en seksualiteit.
- Alle Graad 7 en Graad 10 tot 12-opvoeders (VOO) is teen 2005 opgelei om MIV/VIGS oor alle leerareas/vakke heen te integreer, en Graad 8 en 9-opvoeders sal teen Augustus 2007 opgelei wees.
- Teen 2006 implementeer 100% van die sekondêre skole MIV/VIGS-onderrig.
- Alle skole, opvoeders en leerders word deur kurrikulumgebaseerde onderrig- en leermateriaal, voorspraak- en verwysingsmateriaal ondersteun.
- Bevestigbare databasis, teen mid-2005, van opvoeders wat opgelei, en LOOM wat by skole is.
- Doeltreffende finansiële en programmatiese ondersteuning wat aan BVOO-standplase en VOO-kolleges voorsien word.
- Doeltreffende program vir portuuronderwys gevestig, met 100 sekondêre skole wat in 2005 deelneem, en 3 000 portuuroopvoeders wat opleiding ontvang.
- 'n Bykomstige 100 meesteropleiers is ontwikkel om teen Augustus 2005 opleiding te gee in die programme vir Institusionele Bestuur- en Beheerontwikkeling (IBBO) en Sorg en Ondersteuning.
- 40% van skole se SBS- en SBL-verteenwoordigers (600 skole) teen mid-2006 in die ontwikkeling van planne vir die bestuur van MIV/VIGS opgelei, en 100% teen die einde van 2007.
- 40% van skole reeds in Versorging en Ondersteuning opgelei, en 100% teen die einde van 2007.
- 90 opgeleide MIV/VIGS-beraders teen Julie 2005 in OBOS'e.
- Alle skole het teen 2006 benoemde MIV/VIGS-Koördineerders.
- 70% van skole teen die einde van 2006 vir MIV/VIGS-ondersteuning gekluster.

- Bestuurseenheid vir MIV/VIGS by Hoofkantoor gevestig (met inbegrip van deelname deur Topbestuur) om geïntegreerde en hoofstroom-respons teen Mei 2005 te bevorder en bestuur.
- Bemande OBOS-bestuurseenhede vir MIV/VIGS (of Multifunksionele Spanne) teen Junie 2005 gevestig en funksioneel.
- Jaarlikse mid-termyn vorderingsoorsig met program- en finansiële aanpassings indien nodig.

#### *iKapa Elihlumayo*-vordering:

- Die vestiging van die leningskema vir studente by VOO-kolleges.
- Die ses openbare VOO-kolleges in die provinsie het voorstelle voorgelê vir kursusse wat ontwikkel moet word om in die behoeftes van die provinsie te voorsien. Hierdie voorstelle is in 2005 geïmplementeer.
- Lees- en wiskundetoetse en toetse vir aanleg en belangstelling van alle Graad 8-leerders ten einde keuse van vakke/programme te verbeter.
- 'n Beroepsvoorligtingkursus is vir die provinsie ontwikkel. Dit is in Afrikaans en Xhosa vertaal, en die kursus is op rekenaars by elke hoërskool in die provinsie geïnstalleer. 800 uitgesoekte onderwysers is in die gebruik van die programmatuur opgelei. Die voorligtingkursus dui tendense in die provinsiale ekonomie aan, en voorsien besonderhede van bestaande VOO-programme en leerlingskappe.
- 350 rekenaarlaboratoriums is in skole gevestig wat VOO aanbied.
- 28 fokusskole is gevestig.

### **Ontleding van beperkinge, en maatreëls wat beplan is om dit te bowe te kom**

Dit is steeds moeiliker om toegewyde persone van gehalte te werf om tot die onderwysberoep toe te tree. Die redes hiervoor is kompleks en verstrengel, en hou verband met sowel die openbare siening van die onderwys, as die geleentheid wat vir jong gegradueerdes in Suid-Afrika en in die buiteland beskikbaar is. Die WKOD het 'n werwingsveldtog vir onderwysers by die plaaslike HOI'e van stapel gestuur. Daar was 'n mate van sukses, en meer aandag sal oor die volgende vyf jaar hieraan bestee word.

Daar is baie min gekwalifiseerde voorligtingonderwysers in die WKOD oor. Dit beteken dat onderwysers weer van meet af aan in hierdie belangrike en vaardige area opgelei moet word. Dit sal nie maklik wees nie. Die WKOD het 'n driejaarprogram ontwerp om die vaardighede van lewensoriëntering-onderwysers m.b.t. vak- en loopbaanvoorligting te ontwikkel.

Dit was ook nie maklik om die nodige prosesse en kontroles vir die Leningskema vir VOO-kolleges te vestig nie. Die WKOD het met die Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente (NFHS) beraadslaag en gewerk, en het baie van hul prosesse aangeneem. Daarbenewens het arm leerders met argwaan op die konsep van lenings gereageer. Dit was vir die WKOD nodig om die naam van die skema na 'n finansiële bystandskema te verander, en om aansienlike voorspraak aangaande die skema te doen.

STR01	HULP- EN VERWANTE DIENSTE - Sleuteltendense	2003/04 Werklike	2004/05 Werklike	2005/06 Geskatte	2006/07 Geskatte	2007/08 Geskatte	2008/09 Geskatte
<b>BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)</b>							
8.1	Betalings aan SETA	3,485	3,659	4,471	4,847	5,215	5,508
8.2	Voorwaardelike toekennings-projekte	29,756	9,814	11,205	11,870	12,464	13,303
8.3	Eksterne eksamens	50,143	51,436	56,374	57,357	60,546	63,672
8.4	Onderwysersopleiding	11,956	1,345	1,695	1,753	1,837	1,919
8.5	ikapa Ellilumayo	26,175	28,046	125,000	131,375	137,944	144,151
<b>TOTAAL</b>		<b>121,515</b>	<b>94,300</b>	<b>198,745</b>	<b>207,202</b>	<b>218,006</b>	<b>228,553</b>
<b>BETALINGS PER EKONOMIESE INDELING (R'000)</b>							
	Lopende betaling	99,521	68,020	69,829	85,942	90,634	95,391
	Vergoeding van werknemers	41,847	34,903	33,455	36,289	38,470	40,634
	Opvoeders	6,861	18,742	2,123	2,235	2,349	2,479
	Nie-opvoeders	34,986	16,161	31,332	34,054	36,121	38,155
	Goedere en dienste	57,674	33,117	36,374	49,653	52,164	54,757
	Oordragte en subsidies	16,931	26,133	104,216	106,485	111,924	117,019
	Betalings vir kapitale bates	5,063	147	24,700	14,775	15,448	16,143
<b>TOTAAL</b>		<b>121,515</b>	<b>94,300</b>	<b>198,745</b>	<b>207,202</b>	<b>218,006</b>	<b>228,553</b>
<b>PERSONEEL</b>							
	Aantal Opvoeders (in openbare diens)	1	1	1	1	1	1
	Aantal Nie-opvoeders (in openbare diens)	124	147	147	147	147	147
<b>PRESTASIEMAATSTAWWE</b>							
▶	PPM801: Aantal opvoeders in primêre en sekondêre skole wat in die Lewensvaardighede-program vir MIV en VIGS opgelei is (opgejaar)	10 000	15 910	16 000	18 000	20 000	22 000
▶	PPM802: Aantal portuuroopvoeders wat in die Lewensvaardighede-program vir MIV en VIGS opgelei is (opgejaar)	2 500	6 500	8 000	12 000	16 000	18 000
▶	PPM803: Aantal skole (SBS'e en SBL'e) wat in die bestuur van MIV en VIGS in hul skoolgemeenskap opgelei is	15	17	700	1 400	1 500	1 600

## B.9 Implementering van Kapitaalbelegging-, Instandhouding- en Batesbestuursplan

### Nuwe projekte, opgraderings en rehabilitasie

Volgens die Departement van Vervoer en Openbare Werke sal die volgende projekte gedurende 2006/07 voltooi word:

Projek	Aantal
Addisionele klaskamers (baksteen) by bestaande skole	52
Ablusieprojekte	5
Administrasiegeriewe	1
Forumgeriewe	13 (4 P/S and 9 S/S)
Primêre skole	2
Sekondêre skole	3
Spesiale skole	-

Projek	Aantal projekte	Naam van projek
Skoolgebou-projekte	Primêre skole 2	Wallacedene, Samora Marchall,
	Sekondêre skole 3	Highbury, Du Noon, Kuilsrivier
Onderrigkamers as deel van elke nuwe skool of as aparte projekte	Primêre skole 82 (60+22)	2 P/S soos hierbo (x 30 klaskamers = 60) Balans: Rosmead, Kretchenshoop, Comville, Eindhoven, Rainbow
	Sekondêre skole 135 (105+30)	3 S/S soos hierbo (x 35 klaskamers = 105) Balans: Murray, Masibambisane, Simunye, Masibambane, Manzomthombe, Brackenfell
	Spesiale skole	
Hervestiging van mobiele klaskamers	15	Bepaal te word deur OBOS-Direkteure
Forums	Primêre skole 4	Panorama, Wesfleur, Turfhall, Victoria Park
	Sekondêre skole 9	Proteus, Bridgton, Ladismith, Paulus Joubert, Charleston Hill, Ravensmead, Heideveld, Mondale, Villiersdorp
Toilette	Primêre skole 66 (WCs)	2 P/S soos hierbo
	Sekondêre skole 81 WCs	3 S/S soos hierbo
Opgraderings-projekte	Primêre skole 0	
	Sekondêre skole 1	Esselenpark
	Spesiale skole 0	
	Sekondêre skole 1	

### Instandhouding van geboue

Aantal projekte	Begroting	Finale koste R'000
720 (2006/07 tot 2008/09)	R164 564 miljoen	R164 564 miljoen

Die geskatte koste om al die bestaande skoolgeboue in die Wes-Kaap te vervang, is R12 miljard. Volgens die Staatsdienskode behoort 1.5% van die vervangingswaarde van 'n gebou jaarliks beskikbaar gestel te word vir instandhouding. Dus behoort 'n bedrag van R180 miljoen jaarliks begroot te word om onderwysgeboue in die Wes-Kaap in stand te hou.

Die jaarlikse instandhoudingsbegroting vir 2006/07 is R86 980 miljoen, en hierdie bedrag verteenwoordig 48% van wat benodig word. Die totale instandhoudingsbegroting vir die afgelope vier jaar bedra R320 miljoen. Indien dieselfde berekening gedoen word, nl. 1.5% van die vervangingswaarde, dan toon die slotsom dat die geboue besig is om agteruit te gaan, en dat agterstande duidelik aan die toeneem is.



## Batesbestuur

- **Vaste bates**

Die WKOD gebruik die Onderwysbestuur-en-Inligtingstelsel (OBIS) en die Inligtingstelsel vir die Skolebehoefte-register (ISSBR) wat voldoende is om vaste bates te behartig.

- **Groot roerende bates**

*Hoofkantoor en OBOS'e (met inbegrip van kantore wat by OBOS'e ingeskakel is)*

Alle meubels en toerusting vir hierdie kantore word elektronies d.m.v. die Logistieke Inligtingstelsel (LOGIS) aangekoop. Hierdie bates word outomaties in die inventaris van die gebruikers vasgelê. Die Provinsiale Tesourie het beoog om die dienste van 'n private diensverskaffer te bekom om die batesbestuurfunksie namens al die provinsiale departemente te onderneem. Die plan is egter laat vaar weens die koste daaraan verbonde. Elke departement bestuur nou sy eie batesregister in lyn met die vereistes van die ouditeur-generaal, en die WKOD kom dit na.

*Skole*

Daar is besluit om oordragbetalings aan skole in terme van bestaande Tesourieriglyne te doen, sodat skole hul eie toerusting by gekontrakteerde voorsieners kan koop. Alle aankope van skole is van die LOGIS-batesregister verwyder aangesien dit, ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet nr. 84 van 1996) as inventarisitems van die skole beskou word. Skole sal dus oor hierdie inventarisitems in hul jaarlikse finansiële state verslag doen. Die LOGIS-batesregister weerspieël slegs die inventaris vir die Hoofkantoor van die WKOD, sowel as die OBOS'e en hul onderskeie dienspunte.

- **Planne m.b.t. roerende bates, soos motorvoertuie**

Die voorsiening, onttrekking en vervanging van ou en/of beskadigde Regeringsgarage (GG) motorvoertuie word deur die Provinsiale Departement van Vervoer (Regeringsmotorvervoer) bestuur. Hulle behartig ook die lisensiering, onderhoud en brandstofvoorsiening van die voertuie, sowel as die byhou van 'n batesregister op die *Fleetman*-stelsel. Hulle formuleer ook 'n provinsiale beleid m.b.t. die gebruik van GG-voertuie.

Die WKOD verseker dat die provinsiale beleid nagekom word. Dit hou ook 'n register van voertuie wat by die WKOD in gebruik is, moniteer voertuiggebruik d.m.v. log-blaaie, en verseker dat die voertuie padwaardig is en behoorlik in stand gehou word.

Die huidige vloot, aangevul deur die voorsiening van gesubsidieerde voertuie aan beamptes wat daarvoor kwalifiseer, voldoen aan die huidige behoeftes van die WKOD. Die voorsiening van gesubsidieerde voertuie is deur omsendbrief nr. 179/2003 van 10 September 2003 teruggetrek, aangesien daar bevind is dat dit duurder as regeringsmotorvervoer is.

- **Maatreëls om te verseker dat die Departement se batesregister op datum is**

Daar word jaarlikse bestekopnames gedoen om te verseker dat die WKOD se batesregister op datum is.

## **Bylae A: Prestasiemaatstawwe**

Hierdie bylae lys die 39 kern-prestasiemaatstawwe (PM'e) waaroor daar nasionaal ooreengekom is. Vir elke prestasiemaatstaf word die nommer, die kort beskrywing, en die langer beskrywing voorsien.

### **► PM001: Persentasie van die kinders van skoolpligtige leeftyd wat skole bywoon**

Dit is die persentasie van die kinders van skoolpligtige leeftyd in die provinsie wat enige skool of onderwysinstansie bywoon. Hierdie prestasiemaatstaf dui aan hoe doeltreffend aan die opvoedkundige regte van kinders, soos in die Grondwet verwoord, voldoen word, en die mate waartoe die bepalings van die Suid-Afrikaanse Skolewet m.b.t. verpligte skoolonderwys nagekom word.

### **► PM002: Persentasie van jeugdige bo die skoolpligtige leeftyd wat skole en ander onderwysinstansies bywoon.**

Dit is soortgelyk aan PM001, behalwe dat hierdie prestasiemaatstaf na ouer kinders verwys. Dit is die persentasie van die bevolking van 15 tot 18 jaar in die provinsie wat enige skool of ander onderwysinstansies bywoon. Dit dui aan hoe suksesvol die regering en die land is in die voorsiening van skool- en ander onderwys verby die vlak van basiese onderwys. Terwyl die Grondwet onderwys vir hierdie groep nie 'n basiese reg maak nie, verplig dit die regering om verdere onderwys progressief beskikbaar en toeganklik vir ons jeug te maak.

### **► PM003: Openbare besteding op die armste leerders as 'n persentasie van openbare besteding op die mins arm leerders.**

Dit is die regering se besteding op die armste een-vyfde van die kinders en leerders as 'n persentasie van die regering se besteding op die mins arm een-vyfde. Gedurende die laaste jare van apartheid was die persentasie ongeveer 20%. Dit is die doel van die regering om hierdie persentasie na meer as 100% vir alle provinsies te vermeerder. Daar is baie faktore wat die persentasie op en af stoot: die regering se swak beleid m.b.t. posvoorsiening en skooltoewysing; die regering se skoolbouprogramme (stoot die persentasie op); aantal arm kinders wat nie op skool is nie (en daarom geen onderwysbefondsing ontvang nie); probleme om onderwysers na landelike areas te lok (hierdie faktore stoot die gemiddeld af).

### **► PM004: Jare bestee per VOOS-afgestudeerde**

Dit is die aantal jare van skoolonderwys wat die regering belê om elke Graad 12-afgestudeerde (of ekwivalent) te lewer. Aangesien leerders herhaal, en aangesien leerders voor die einde van Graad 12 uit die skoolstelsel uitsak, is die aantal jare altyd groter as 12. Deur egter die aantal jare so laag as moontlik te hou, kan die regering meer onderwys van 'n beter gehalte aan meer mense voorsien.

### **► PM005: Gemiddeld hoogste skoolgraad wat deur volwassenes in die bevolking bereik is.**

Die maksimum waarde wat vir hierdie prestasiemaatstaf moontlik is, is 12. Dit sou die geval wees indien alle volwassenes in die bevolking Graad 12 voltooi het. Soos ons samelewing meer opgevoed word, behoort die waarde vir hierdie prestasiemaatstaf toe te neem. Ons moet redelik geleidelike toenames verwag, aangesien dit baie jare neem vir skoolonderwys en BVOO om die algehele vlakke van onderwys oor die hele volwasse bevolking heen te verander.

### **► PM006: Volwasse geletterdheidsyfer**

Dit is die persentasie volwassenes wat in staat is om te lees en skryf, ten minste op 'n basiese vlak. Ons Grondwet waarborg die reg tot 'n basiese opvoeding aan alle volwassenes wat in die verlede hiervan verstoke was. Om menseregteredes, maar ook om redes van ekonomiese ontwikkeling, is hierdie 'n belangrike prestasiemaatstaf vir die regering. Ons doel behoort 'n 100% volwasse geletterdheidsyfer te wees.

### **► PM101: Persentasie skole wat die Skooladministrasie-en-Bestuurstelsel implementeer**

Die Skooladministrasie-en-Bestuurstelsel (SABS) is 'n nasionaal ontwerpte en gerekenariseerde stelsel wat skole in staat stel om inligting aangaande hul leerders, personeel, geriewe en finansies meer doeltreffend te organiseer en te gebruik. Hoe groter die aantal skole wat SABS gebruik, hoe beter sal die diens wees wat ons van skole kan verwag.

### **► PM102: Persentasie skole wat elektronies deur die departement gekontak kan word.**

E-pos help skole om die Departement vinnig te kontak wanneer daar 'n probleem is waaraan die Departement aandag moet gee. Hierdie kommunikasiewyse stel ook die Departement in staat om vinnig en teen geringe koste inligting insake beleidsveranderinge, lopende projekte en algemene omsendbriewe te kommunikeer. Dit is die regering se doel om te verseker dat alle skole e-aansluitbaarheid geniet.

### **► PM103: Persentasie swart vrouens in bestuursposte**

